

**DIE DEBAT
RONDON
DIE BELHAR-
BELYDENIS:**

'n Studie van argumente

Erich Cornelissen

**Die debat rondom die Belhar-belydenis:
'n Studie van argumente**

deur

Erich Cornelissen

Verhandeling

ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

In Fakulteit Teologie, Departement Ekklesiologie

aan die

Universiteit van die Vrystaat.

STUDIELEIER: PROF PJ STRAUSS

OKTOBER 2013

VERKLARING

Ek verklaar dat die verhandeling wat hiermee vir die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, benewens hulp wat erken is, my eie werkstuk is en nie eerder deur my vir 'n ander graad aan 'n ander universiteit ingedien is nie.

Hierdie navorsing weerspieël nie noodwendig die siening van die Universiteit van die Vrystaat of die studieleier nie.

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1- Navorsingsraamwerk	10
1.1 Inleiding	10
1.2 Agtergrond	12
1.3 Probleemstelling	13
1.4 Metodologie	15
1.5 Doelstelling	19
<u>AFDELING 1 - Die Historiese Agtergrond:</u>	21
Hoofstuk 2 - 'n Eeulange Protes (1900 - 1973)	22
2.1 Inleiding	22
2.2 Die Jare 1900 - 1950	22
2.3 Die Jare 1950 - 1973	24
Hoofstuk 3 - Die Aanloop (1974 - 1981)	31
3.1 Inleiding	31
3.2 Die Jare 1974 -1977	31
3.3 Die Jare 1978 - 1979	34
3.4 Die Jare 1980 - 1981	36

Hoofstuk 4 - Die Ontstaan (1982 - 1986)	38
4.1 Inleiding	38
4.2 Die Jaar 1982	38
4.3 Die jare 1983 - 1985	41
4.4 Die Jaar 1986	43
Hoofstuk 5 - Die besluit tot 'n "Ruim Huis" (1987 - 2012)	46
5.1 Inleiding	46
5.2 Die jare 1987 - 1993	46
5.3 Die Jare 1994 - 2003	50
5.4 Die Jare 2004 - 2012	54
5.5 Slot	59
<u>AFDELING 2 - 'n Kritiese Dialoog:</u>	61
Hoofstuk 6 - Die Skriftuurlike Vereistes	62
6.1 Inleiding	62
6.2 Belhar geweeg aan die Skriftuurlike vereistes	64
6.2.1 Belhar en die eksegetiese proses	64
6.2.2 Teksverwysings binne Belhar	66
6.2.3 Tyd bestee aan die eksegetiese proses van Belhar	71
6.2.4 Foutiewe formulering binne die inhoud van Belhar	73

6.3 Opsommend	74
Hoofstuk 7 - Gee Belhar Kernwaarhede deur?	76
7.1 Inleiding	76
7.2 Voldoen Belhar aan al hierdie vereistes?	80
7.2.1 Belydenis of Verklaring?	81
7.3 Gee Belhar kernwaarhede deur en word dit korrek verwoord?	86
7.3.1 Artikel twee van Belhar aangaande “Eenheid”	87
7.3.2 Artikel drie van Belhar aangaande “Versoening”	92
7.3.3 Artikel vier van Belhar aangaande “Geregtigheid”	94
7.4 My menings aangaande die inhoud van artikels twee tot vier in Belhar	103
7.4.1 Artikel twee – “Eenheid”	103
7.4.2 Artikel drie – “Versoening”	105
7.4.3 Artikel vier – “Geregtigheid”	106
7.5 Gevolgtrekking	108
Hoofstuk 8 - Bely Belhar iets nuuts vir die toekoms?	109
8.1 Inleiding	109
8.2 Bely Belhar iets nuuts?	110
8.3 Belhar en die drie Formuliere van Eenheid aangaande Eenheid, Versoening en Geregtigheid	111

8.3.1 Eenheid	112
8.3.2 Versoening	113
8.3.3 Geregtigheid	115
8.4 Gevolgtrekking	117

Hoofstuk 9 - Die Strewe na Ekumene sonder Dwang **119**

9.1 Inleiding	119
9.2 Ekumeniese vordering tot dusvêr?	121
9.3 Belhar en die ekumeniese strewe binne Suid-Afrika	122
9.4 Die afgeforseerde gevoel van Belhar	128
9.5 Opsommend	134

Hoofstuk 10 – Ontknoping van Kritiese Dialoog: Finale Opmerkings **136**

10.1 Inleiding	136
10.2 Voldoen Belhar aan die vereistes van 'n belydenisskrif?	137
10.2.1 Is Belhar Skriftuurlik gegrond?	137
10.2.2 Handel Belhar aangaande Kernwaarhede?	138
10.2.3 Word die inhoud van Belhar korrek formuleer in die Belydenisskrif?	139
10.2.4 Bely Belhar iets nuuts?	140
10.2.5 Word Belhar bely vanuit die hart sonder enige bybedoelings?	140
10.2.6 Word Belhar se aanvaarding afgedwing?	141

10.2.7 Streef Belhar na eenheid?	142
10.2.8 Is Belhar omvattend?	143
10.2.9 Is Belhar universeel?	143
10.2.10 Is Belhar in staat om die kerk te help normeer, rig en lei in die toekoms?	144
10.3 Slaag Belhar die toets?	144
10.4 Belhar se toekoms in die NGK?	145
10.5 Finale opmerking	147
11. Bronnelys	149
12. Bylae	154
12.1 Bylaag 1 – Die Belydenis van Belhar	154
12.2 Bylaag 2 – Die begeleidende brief	158
12.3 Bylaag 3 – Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikel 15-37	161
12.4 Bylaag 4 – Heidelbergse Kategismus: Sondae 21 / 23 / 24 / 34 / 40 / 42	179
12.5 Bylaag 5 – Dordtse Leerreëls: Deel 3/4 Nommer 7	183
Opsomming + Sleutelwoorde	184
Summary + Keywords	186

Afkortings

ANC	African National Congress
APK	Afrikaanse Protestantse Kerk
AS	Algemene Sinode
BR	Breë Moderatuur
CRCNA	Christian Reformed Church in North America
DL	Dordtse Leerreëls
DRC	Dutch Reformed Church
DRCA	Dutch Reformed Church in Africa
GER	Gereformeerde Ekumeniese Raad
GKSA	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
HK	Heidelbergse Kategismus
NGB	Nederlandse Geloofsbelydenis
NGK	Nederduitse Gereformeerde Kerk
NGKA	Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika
NGSK	Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk
NHK	Nederduitsch Hervormde Kerk in Afrika
NP	Nasionale Party
RCA	Reformed Church in Africa
RCA	Reformed Church in America
RKK	Rooms-Katolieke Kerk
RVN	Ras, Volk en Nasie
URC	United Reformed Church
VGKSA	Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika
WBGK	Wêreldbond van Gereformeerde Kerke
WRGK	Wêreldraad van Gereformeerde Kerke

Hoofstuk 1

Navorsingsraamwerk:

1.1 Inleiding

““Gee my ’n Bybelteks” , sê die teenstander van ons kleurbeleid, “’n teks wat bewys dat segregasie in ooreenstemming is met die uitsprake van die Heilige Skrif.”

“Ek het geen teks nie”, is my antwoord.

“Dan het ek die pleit gewen”, sê die voorstander van gelykheid. “Ek het ’n teks. In Kol 3:11 staan: Waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie; maar Christus is alles en in almal.”

Ek antwoord: Dit is geen bewys nie. Ter plaatse sal dit dan ook nader gedemonstreer word.

Verder sê ek aan die teenstander: “’n Teks het ek nie, maar ek het die Bybel, die hele Bybel. My bewysvoering sal gaan van Genesis tot Openbaring; so moet ons bewyse uit die H. Skrif aanvoer.” (JD du Toit 1955:5).

Hierdie vorm die inleiding van ’n referaat met die opskrif *Die Godsdienstige Grondslag van ons Rassebeleid* wat gelewer is tydens die Volkskongres oor die Rassebeleid in 1944 deur prof. dr. JD du Toit.

Hierdie uittreksel dien as ’n praktiese voorbeeld hoe die Openbaringslig – menende die Bybel, tydens 1944 op die Apartheidsvraagstuk toegepas was. Dit dui op ’n donker tydperk in ons land se geskiedenis waartydens die segregasie van volke met behulp van die Woord van God binne die grense van Suid-Afrika regverdig is. Een van die helderste karaktereienskappe wat in hierdie donker tydperk aan God toegedig is, was dat Hy, die God van die Bybel, as Hammabdil, menende as Skeiding-maker optree (JD

du Toit 1955:5). Volgens geleerdes van daardie tyd was hierdie karaktereienskap reeds duidelik sigbaar as daar begin word by die eerste bladsy van die Skrif. Met die klem reeds op die skepping, meld JD du Toit:

“...God sal ’n kosmos skeep, ’n skone eenheid. Hoe tree Hy op? As Hammabdil, d.w.s. as Skeiding-maker. Al dadelik lees ons van die eerste dag: “God het skeiding gemaak tussen die lig en die duisternis” (Gen. 1:4). Aangaande die tweede skeppingsdag staan geskrywe: “God het gesê: Laat daar ’n uitspansel wees tussen die waters en laat dit skeiding maak tussen waters en waters.” (1:6). Dan volg op die derde dag die skeiding tussen droë grond en die versameling van waters, die see (1:9,10). Op die vierde dag kom die hemelligte te voorskyn: Om te heers oor die dag en die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis” (1:18). Op die vyfde dag skeep God die lewende wesens wat wemel in die waters volgens hulle s o o r t e en al die gevleuelde voëls volgens hulle s o o r t e (1:21). Dus weer ’n onderskeiding en dit hou tot vandag toe stand wat die evolusie ook al redeneer ten gunste van die eenmaking. Dit is en bly soorte. ’n Kloof is daar gevestig en vir dié kloof is daar geen brug nie. Ten laaste word van die sesde dag dieselfde gemeld, nl. die skepping van die diere volgens hulle s o o r t e (1:24). Ja, ook die mens, die hoogste van die werk van God, kom in onderskeidenheid te voorskyn: Man en vrou het Hy hulle geskape” (1:27). Dan word alles beseël met die woord: “Toe sien God al wat Hy gemaak het en – dit was baie goed” (1:31) Geen enerleiheid maar menigvuldigheid en dit bly so ondanks alle teëstribbeling van die mens.” (JD du Toit 1955:5-6).

Later tydens dieselfde referaat, maak Du Toit die volgende konklusies (JD du Toit 1955:14):

- “Ten eerste, wat God saamgevoeg het, moet die mens nie skei nie. Dit is die kern van ons pleidooi vir volkseenheid. Wee oor ons as ons toelaat dat ’n wig in ons eenheid ingedryf word en wee oor hulle wat ons wil verdeel.
- Ten tweede mag ons ook nie saamvoeg wat God geskei het nie. In die pluriformiteit word die raad van God verwerklik. Die hoëre eenheid lê in Christus en is geestelik van aard.

- Gevolglik wil ons geen gelykstelling en ook geen verbastering hê nie” (JD du Toit 1955:14).

Nou, ongeveer sewentig jaar later is die staatsbeleid van apartheid reeds vir twintig jaar iets van die verlede, maar tog heers daar die gevoel dat die destydse staatsbeleid van apartheid steeds in die harte van baie Suid-Afrikaners voortleef en dat dit nog nie finaal iets van die verlede is nie. Baie van hulle wat voorheen voordeel getrek het uit hierdie beleid wil so bly voortleef, maar hierteenoor is daar meer en meer mense wat tot die besef gekom het dat die beleid wel verkeerd was en nou bereid is om dit te bely.

Aan die ander kant is daar by hulle teenoor wie daar voorheen gediskrimineer is die gevoel dat die blote verklaring van ’n *status confessionis* nie ’n genoegsame belydende antwoord op die destydse dwaling was nie, maar dat dit slegs by wyse van ’n belydenisskrif ten volle verwoord en bely kan word.

Die kommerwekkende gevolg van laasgenoemde begeerte na ’n nuwe belydenisskrif, is dat hierdie einste belydenisskrif wat onder andere na “eenheid” binne en buite die kerk streef, tans ’n groot mate van verdeeldheid en “apartheid” in die NGK veroorsaak. Aan die een kant vind ’n mens ’n groep teenstanders wat nie hierdie nuwe belydenisskrif binne die NGK se belydenisgrondslag wil aanvaar nie, terwyl daar weer aan die ander kant ’n groep voorstanders is wat hierdie belydenisskrif se inlywing as noodsaaklik ag. Met verloop van tyd het hierdie sogenaamde polarisasie al hoe meer op ’n kwaadaardige wyse binne die NGK toegeneem. Die gevolg is nou die vrees dat hierdie einste belydenisskrif wat die destydse dwaling van apartheid wou aanspreek, nou nie net “apartheid”/verdeeldheid binne die kerk veroorsaak nie, maar ook ’n finale skeuring binne NGK tot gevolg kan hê.

1.2 Agtergrond

Na afloop van die afkondiging van ’n *status confessionis* tydens die WRGK se vergadering in 1982 te Ottawa, is die tafel gedek vir die sogenaamde kerklike

belydenisbeweging teen apartheid in Suid-Afrika (Strauss P 2012:16). Dit sou later in daardie selfde jaar opgevolg word met die NGSK se Algemene Sinode waartydens daar, net soos op die WRGK se vergadering, 'n *status confessionis* verklaar is.

Vir sommige lede in die NGSK was hierdie blote uitroep van 'n *status confessionis* nie genoegsaam nie en is daar vanaf die vloer die voorstel gemaak vir die formulering van 'n nuwe belydenis (Strauss P 2012:19). Hierdie konsepbelydenis, genaamd die Belydenis van Belhar, is vier jaar later amptelik deur die NGSK se Algemene Sinode as 'n belydenisskrif aanvaar (Smit 1998:2).

Wat was die reaksie vanuit die NGK? In 1990 het die Algemene Sinode gemeld dat alhoewel die inhoud van Belhar geensins in stryd is met die Drie Formuliere van Eenheid nie, is die NGK nie bereid om hierdie belydenis as vierde belydenisskrif te aanvaar nie (Du Plooy 2012:67). Hierdie sou egter nie die laaste keer wees dat Belhar in die NGK bespreek word nie.

Weens toenemende polarisasie in die NGK rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar het die Algemene Sinode van 2004 sy voormalige besluit aangepas vanaf 'n algehele afkeuring na 'n sogenaamde "ruim huis"-benadering. Volgens hierdie nuwe besluit sou leraars, gemeentes en lidmate voortaan self kon kies of hulle die belydenis wil aanvaar al dan nie (Verster 2007:67).

Sou dit die finale woorde wees wat gehoor sou word aangaande Belhar se aanvaarding in die NGK? Hoegenaamd nie!

1.3 Probleemstelling

Reeds vanaf die Belydenis van Belhar se ontstaan, is daar 'n geweldige groot hoeveelheid artikels aangaande hierdie belydenisskrif geskryf. Soos die jare verloop het, het hierdie artikels net bly toeneem. Die gevolg hiervan is dat oral waar 'n mens vandag kyk, is daar iets te vinde oor Belhar. In boeke, in tydskrifte, op die internet en in die koerante vorm slegs maar 'n druppel in die emmer. Almal het 'n opinie om te lug en almal het iets om te sê. Vir sommige is die Belydenis van Belhar die beste ding wat ooit

kon gebeur het. Vir ander weer is dit 'n nuttelose belydenis wat eerder gelos kon word. Vir sommige wek dit blydschap en vir ander woede. Vir sommige is dit die begin van 'n nuwe eenheid en samewerking en vir ander weer voel dit soos 'n lat waarmee gestraf word. So het elkeen sy eie opinie en word dit duidelik oorgedra via artikels wat konstant gepubliseer word.

Wat egter opvallend is, is dat al die artikels en boeke wat tot op hede op die rakke verskyn het, slegs eensydige informasie, argumente en standpunte weergee. Dit is óf 'n individuele skrywer wat sy standpunte weergee óf dit is 'n versameling van skrywers met dieselfde siening wat saam gepubliseer word in een boek. Voorbeelde van laasgenoemde is bv. boeke soos:

- *Belhar Geweeg (2012)*,
- *Neither Calendar nor Clock (2010)*,
- *Goeie nuus om te bely (2010)*,
- *Op pad met Belhar (1998)* en
- *'n Oomblik van waarheid (1984)*.

Nêrens vind 'n mens enige materiaal waarin beide kante van die diskussie weergegee word nie. Alles bly slegs eensydig. So 'n benadering maak dit baie moeilik om krities te bepaal watter standpunte, dié van die voorstanders of dié van die teenstanders, nou eintlik as meer korrek geïnterpreteer kan word. 'n Mens moet basies nou eers materiaal van beide standpunte deurwerk en dit daarna langs mekaar plaas om sodoende 'n akkurate gevolgtrekking te kan maak aangaande wie reg is en wie nie.

Dit is hier waar 'n tweede probleem ook nou op die horison sy verskyning maak. Omdat elke persoon op hierdie aarde uniek is, is sy argumente en standpunte soms ook uniek. Elkeen sien iets anders in Belhar raak, wat hy of sy wil uitlig. Die gevolg hiervan is dat 'n mens uiteindelik met 'n wye reeks artikels sit wat moeilik aan mekaar gekoppel kan word. Die een fokus op Belhar en sending terwyl 'n ander weer Belhar met die ANC koppel. Nog een fokus op die Bybel as uitgangspunt en 'n ander weer op die verhouding tussen Belhar en ander belydenisskrifte. Die spektrum raak so wyd dat dit

moeilik is om bronne te vind wat oor dieselfde onderwerp handel om sodoende beide kante van dieselfde aspek te hoor.

Bogenoemde twee problematiese aspekte maak dit bitter moeilik vir 'n individu om sy opinie aangaande die Belydenis van Belhar te vorm. Veral vir 'n individu wat geen kennis oor hierdie situasie het nie en dit nou graag wil navors en bestudeer.

Vervolgens bring dit 'n mens nou by die primêre probleem wat in hierdie M-verhandeling bespreek gaan word en dit is: Moet die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif binne die belydenisgrondslag van die NGK aanvaar word? Hierdie vraag het reeds tot 'n groot mate tot polarisasie in die NGK gelei. Sommige is vir Belhar en ander nie.

Die gevolg hiervan is dat daar tans twee aparte groepe in die NGK teenwoordig is nl. die sogenaamde voorstanders en teenstanders van die Belydenis van Belhar. Elke groep het sy eie redes waarom Belhar aanvaar moet word deur die NGK al dan nie. Wie is reg en wie is verkeerd?

1.4 Metodologie

In hierdie verhandeling sal daar gestreef word om resultate en antwoorde te bied op al bogenoemde probleemstellings. Die metode waarvolgens te werk gegaan sal word, is dié van 'n kritiese dialoog. Verbeel u terwyl u hierdie verhandeling deurlees, dat daar 'n groot denkbeeldige tafel voor u staan en dat beide die voorstanders en teenstanders van die Belydenis van Belhar by hierdie denkbeeldige tafel teenwoordig is. Deur die verloop van hierdie kritiese dialoog sal elke individu van beide groepe toegelaat word om vrylik sy of haar opinie en standpunt rondom die Belydenis van Belhar weer te gee. Op hierdie manier sal 'n mens via die kritiese dialoog beide groepe se standpunte duidelik kan aanhoor. So sal daar makliker 'n finale antwoord op die groot vraag verkry kan word.

Natuurlik moet hierdie kritiese dialoog by wyse van een of ander agenda geskied sodat gesprekke sentraal om die kernaspekte sal bly en daar nie geleentheid vir afdwaling geskep word nie. Die aspekte wat binne hierdie gesprek as riglyn sal dien, handel oor

daardie aspekte waaraan 'n belydenisskrif moet voldoen sodat dit as 'n belydenisskrif en spesifiek in hierdie geval, as 'n Gereformeerde Belydenisskrif, aanvaar kan word.

Ten opsigte van hierdie stelling wil ek net graag noem dat ek daarvan bewus is dat daar geleerdes daar buite is wat van mening is dat hierdie sogenaamde aspekte wat as riglyn sal dien vir die kritiese dialoog, nie geïnterpreteer moet word as fisiese “vereistes” nie, maar eerder gesien moet word as 'n doel of ideaal waarna gestreef word. Deur laasgenoemde interpretasie te volg beteken dit dus in 'n mate dat die finale resultaat wat verkry word nie in terme van “slaag of faal” geëvalueer kan word nie, maar bloot aantoon waar die belydenis homself tans bevind.

Hierdie is volgens my nie 'n aanvaarbare benadering tot die kritiese dialoog nie. Die doel van hierdie dialoog is dus deur en deur daarop gefokus om te bepaal of Belhar die paal haal al dan nie. Dit sal bepaal word aan die hand van al die vereistes waaraan 'n belydenis moet voldoen en Belhar ook aan elkeen van hierdie vereistes individueel te evalueer.

Die inhoud van hierdie verhandeling sal in twee hoofde verdeel word nl.:

- Afdeling A - Die Historiese Agtergrond
- Afdeling B - 'n Kritiese Dialoog

Die verdere indeling van hierdie M-verhandeling kan soos volg uiteengesit word:

Hoofstuk 2 – 'n Eeue lange Protes (1900-1973)

Hierdie vorm die inleidende hoofstuk van die historiese agtergrond. Daar word teruggegaan tot die jaar 1900 sodat al die hoogtepunte van die twintigste eeu uitgelig kan word wat later stadig maar seker aanleiding sou gee tot die formulering van die Belydenis van Belhar. Behalwe die gebeure binne die grense van Suid-Afrika, was daar ook belangrike buitelandse gebeure wat uitgelig moet word. In hierdie hoofstuk sal onder andere die volgende gebeure uitgelig word:

- 1913 – Die instelling van 'n wet aangaande grondeienaarskap;

- 1934 – Die ontstaan van die Barmen-verklaring te Duitsland;
- 1948 – Die Nasionale Party kom aan bewind;
- 1960 - Sharpvillevoorval
- 1962 tot 1965 – Tweede Vatikaanse Konsilie vind in Rome plaas;
- 1973 – Die term “bevrydingsteologie” word vir die eerste keer gebruik;

Hoofstuk 3 – Die Aanloop (1974-1981)

In hierdie hoofstuk word daar spesifiek stilgestaan by die elf voorafgaande jare voordat die NGSK begin het met die opstel van die konsepbelydenis. Hierdie jare word ook beskou as die aanloop tot die die 1982 Algemene Sinode van die NGSK. In hierdie hoofstuk word die volgende gebeure uitgelig:

- 1974 – Die verskyning van *Ras, Volk en Nasie*;
- 1976 – Dr. Allan Boesak promoveer in Nederland;
- 1978 – *Die vinger van God* word gepubliseer;
- 1981 – *Stormkompas* maak sy verskyning;

Hoofstuk 4 – Die Ontstaan (1982-1986)

In hierdie hoofstuk word daar spesifiek gefokus op die ontstaan, formulering en aanvaarding van die Belydenis van Belhar in die NGSK. Ander aspekte wat ook in hierdie hoofstuk uitgelig word, sluit in:

- 1982 - Die WRGK vergader in Ottawa;
- 1982 – Die verklaring van ’n *status confessionis* deur beide die WRGK en die NGSK.
- 1982 – Die konsepbelydenis word aanvaar in die NGSK.
- 1985 – Die ontstaan van die *Kairos*-dokument;
- 1986 – Die Belydenis van Belhar word amptelik aanvaar in die NGSK;

Hoofstuk 5 – Die besluit tot ’n “Ruim Huis” (1987-2012)

Hierdie vorm die laaste hoofstuk aangaande die historiese agtergrond en lig al die belangrike gebeure uit wat na 1986 tot en met 2012 plaasgevind het. Dit sluit gebeure in soos:

- 1989 – *The Road to Damascus* word gepubliseer;
- 1990-1994 – Nelson Mandela word ontslaan en demokrasie kom tot stand in Suid-Afrika;
- 2004 – Die sogenaamde “ruim huis”- besluit;
- 2011 – Die sogenaamde “ruim huis”-besluit word herbevestig;

Hoofstuk 6 – Die Skriftuurlike vereistes

Hierdie hoofstuk dien as eerste hoofstuk aangaande die kritiese gesprek. Dit vorm ook die eerste van vyf hoofstukke waarin Belhar aan vyf vereistes geëvalueer sal word. In hierdie hoofstuk word daar spesifiek die vraag gevra of Belhar gegrond is vanuit die Skrif, menende – is volledige eksegesi toegepas en word die inhoud korrek verwoord.

Hoofstuk 7 – Gee Belhar Kernwaarhede deur?

Hierdie vorm die tweede vereiste waaraan Belhar getoets moet word. Is die inhoud van Belhar noodsaaklik om te weet, glo en bely vir my verlossing? As die antwoord ja is, slaag Belhar die toets. As die antwoord egter nee is, faal Belhar. Gepaard hiermee gaan ook die vraag of Belhar gapings laat vir enige misinterpretasies.

Hoofstuk 8 – Bely Belhar iets nuut vir die toekoms?

Dit help nie 'n nuwe belydenis word opgestel en aanvaar as dit aspekte aanraak en bely wat reeds deur ander reeds bestaande belydenisskrifte verwoord en bely word nie. In hierdie hoofstuk word al die standpunte aangehoor en word die inhoud krities geëvalueer om te bepaal of Belhar hier die paal haal al dan nie.

Hoofstuk 9 – Die strewe na Ekumene sonder Dwang

In hierdie hoofstuk word daar eerstens gekyk na hoe Belhar tot en met die hede in die buitewêreld asook in Suid-Afrika gevorder het. Is Belhar besig om die kerk te herenig? Gepaard hiermee word ook gekyk na die houding wat hierdie strewe na kerkhereniging en die aanvaarding van Belhar vergesel. Geskied dit in liefde en vrede of is daar enige gevoel van dwang teenwoordig?

Hoofstuk 10 – Finale Opmerkings

Hierdie vorm die laaste hoofstuk van die verhandeling. Dit is in hierdie hoofstuk waar ek al my finale opmerkings na aanleiding van die kritiese dialoog sal maak. Dit is ook in hierdie hoofstuk waar bepaal sal word of Belhar aan al die vereistes voldoen as 'n vierde belydenisskrif binne die belydenisgrondslag van die NGK al dan nie.

1.5 Doelstelling

Moet die Belydenis van Belhar deur die NGK aanvaar word? Voldoen dit aan al die vereistes? Wat is die pad vorentoe vir Belhar in die NGK? Hoe kan die hedendaagse spanning tussen die voor- en teenstanders van Belhar uitgewis word? Is daar 'n moontlike konsensus-besluit aangaande Belhar in die pyplyn? Hierdie vorm alles vrae waarop antwoorde gesoek gaan word in hierdie verhandeling. Die ontwrigting wat Belhar tans in die NGK veroorsaak kan nie so bly voortgaan nie. Êrens moet daar na 'n

kant toe beweeg word en besluite gemaak word. Hierdie “apartheid”/verdeeldheid binne die NGK moet einde kry! Vrede moet geskied.

Hierdie verhandeling streef daarna om albei partye se stemme te laat hoor. Meer nog - Dit streef daarna om beide partye se opinies en standpunte binne ’n eenheid saam te vat en die kerk se stem aangaande Belhar te laat hoor.

Gevolgtik, nadat beide groepe hulle stemme laat hoor het, sal die standpunte soos gelewer, deur my geëvalueer word en sal ek my sieninge aangaande die kernvraag weergee.

Kom laat ons deur die loop van hierdie verhandeling stil raak en fokus op die stem van God om die ontwykende eenheidswording te help verwesentlik . Dit is immers Sy kerk.

AFDELING 1

DIE HISTORIESE AGTERGROND

Hoofstuk 2

Die Historiese Agtergrond:

'n Eeulange Protes (1900-1973)

2.1 Inleiding

Wanneer teruggekyk word in die geskiedenis van Suid-Afrika, vind 'n mens talle gebeure wat aanleiding gegee het tot die behoefte by sommige vir die opstel van 'n nuwe, moderne belydenisskrif. Hierdie gebeure wat die motivering vir 'n nuwe belydenis ontlok het, word nie slegs binne die grense van die destydse Suid-Afrika gevind nie, maar ook daarbuite. Gesamentlik het dit 'n geweldige bydrae gelewer tot die denke en emosies van hulle wat die inisiatief geneem het tot die formulering van die Belydenis van Belhar.

Die vraag wat na vore kom is: Wat was hierdie gebeure en hoe het dit aanleiding gegee tot die belydenis-inisiatief? In hierdie hoofstuk word daar juis gepoog om hierdie vraag te probeer beantwoord deur kortliks verskeie gebeure, binne sowel as buite die grense van Suid-Afrika, uit te lig. Alleenlik deur hierdie historiese gebeure na te gaan, sal die leser 'n beter begrip hê waarom daar na vele van hierdie gebeure tydens die latere dialoë verwys word.

2.2 Die Jare 1900-1950

In die boek van GD Cloete & DJ Smit genaamd: *'n Oomblik van waarheid* (1984), meld CJ Botha dat die formulering van die Belydenis van Belhar, beskou kan word as die voortsetting van 'n eeulange protes (Cloete 1982:75). Voor hierdie tydperk was daar reeds vir vele jare binne die land 'n stryd tussen groepe wat onderling van mekaar verskil het. Aanvanklik was hierdie protes slegs gegrond in 'n woordstryd, maar later

het die omstandighede so vererger dat daar oorbeweeg is na gewere en geweld. (Botha 2010:37). Die vraag is: Waarom hierdie woordstryd en waarom hierdie latere opbou tot geweld? Wat was die fundamentele rede vir die ontstaan van hierdie protes?

Die rede vir die ontstaan van hierdie protes lê diep gegrond in die hartseer en ongelukkigheid van die swart en bruin gemeenskappe. Deur die verloop van ons gesamentlike geskiedenis binne Suid-Afrika was die swart landgenoot nooit toegelaat om 'n deelname te lewer in die regering van ons land nie. In die boek van J Botha en P Naude genaamd: *Goeie nuus om te bely* (2010), vertel Botha hoe die oorgrote meerderheid van ons land se grond reeds vanaf 1913 aan blankes toevertrou is (Botha 2010:38). Hierdie gebeurtenis vorm egter slegs 'n druppel in die emmer van redes wat later tot gewelddadige protes sou lei.

Tussen 1948 en 1953 het die rass spanning al hoe meer begin toeneem. Groeiende ontevredenheid aangaande die swart man se *status quo*, asook die opkoms van swart nasionalisme, vorm enkele redes vir hierdie toename. Toe die Nasionale Party in 1948 aan bewind kom, het apartheid 'n amptelike regeringsbeleid geword (Verster 2007:64). Gepaard hiermee het die Kerkbode van 22 September 1948 melding gemaak dat apartheid ook as 'n kerkbeleid beskou word (Adonis 2006:234). Hierdie teologies-ideologiese denkraamwerk wat bestaan het uit 'n kombinasie van Calvinisme, Neo-Calvinisme en Afrikaner-Nasionalisme het die omstandighede binne Suid-Afrika radikaal anders ingekleur deurdat die NGK se visie op die samelewing voortaan meer sou fokus op die wit Afrikaner (Langer 2012:98), alhoewel ander rasse nie volkome geïgnoreer sou word nie.

Die gevolg van hierdie nuwe beleid wat deur die blankes tot 'n regeringsbeleid verhef was, het daartoe gelei dat mense in groepe ingedeel was op grond van hulle ras en velkleur. Geen persoon kon hierdie verdeling vryspring nie. Daar was namens jou besluit waar jy mag werk, skoolgaan, bly, speel en swem. Botha gaan selfs verder en meld dat daar selfs namens jou besluit was of jy toegelaat kon word tot 'n werk, 'n skool of selfs 'n plek waar jy kon swem. Al hierdie aspekte was namens jou bepaal volgens die registrasie van jou geboorte. As jy as 'n blanke verklaar was, was jy die vryheid gegun om te leef soos jy wou, maar as jy as 'n nie-blanke verklaar was, was jou

lewenskeuses en lewenskans beperk tot dit wat die blanke regering jou gebied het (Botha 2010:38). In die geheel gesien het die omstandighede binne Suid-Afrika weens hierdie toenemende konflik tussen rasse stelselmatig begin versleg en het die land se toekoms al hoe meer begin verduister (Botha 2010:37).

2.3 Die Jare 1950-1973

Die eerste paar gebeure waarna in hierdie tydperk verwys word, het plaasgevind buite die grense van Suid-Afrika.

Tydens die jare 1962 tot 1965 het die Tweede Vatikaanse Konsilie in Rome plaasgevind. Hierdie Konsilie het bestaan uit 'n ekumeniese raad van biskoppe en ander verteenwoordigers van die Rooms-Katolieke Kerk wat van regoor die wêreld byeengekom het. Gepaard met laasgenoemde was verteenwoordigers van die Wêreldraad van Kerke ook genooi om die Konsilie by te woon. Die doel van hierdie konsilie was nie om nuwe leerstellings te formuleer nie, maar eerder op 'n pastorale wyse aandag te gee aan brandende sosiale vraagstukke. Dit was gedurende hierdie Tweede Vatikaanse Konsilie dat 'n nuwe teologie ontstaan het wat tot en met die hede steeds deur die Christelike wêreld weerklank vind (Hurter 2012:23).

Volgens Hurter meld Prof. Willie Jonker in sy boek genaamd: *Die Relevansie van die Kerk*, dat "aanhangers van die nuwe teologie uitgaan van die oortuiging dat daar nooit meer abstrak oor die waarheid gepraat kan word nie, omdat die waarheid self 'n historiese karakter is" (Hurter 2012:23). Volgens Hurter meld Jonker verder dat "hulle gevolglik nie meer, soos dit in die Rooms-Katolieke Kerk se tradisie die geval was, op 'n abstrakte wyse dink oor die waarheid en onfeilbaarheid van kerklike leer uitsprake nie... Daarmee word egter 'n proses van herinterpretasie van kerklike uitsprake en standpunte aan die gang gesit wat uiteraard vir baie sorgwekkend voorgekom het, omdat dit maklik tot relativisme kan lei "(Hurter 2012:23).

Laastens meld Jonker volgens Hurter dat: "terwyl hierdie visie van die nuwe teologie die weg baan om opnuut te kyk na die formulerings en standpunte van die verlede en te vra

hoe hulle in die moderne wêreld verstaan moet word, wek dit by teenstanders van die nuwe teologie die gevoel dat alles op losse skroewe geplaas word in 'n poging om relevant te word vir 'n gesekulariseerde wêreld" (Hurter 2012:23).

Volgens Hurter was dit dus hierdie nuwe "ekumenies-georiënteerde visie" (Hurter 2012:24), saam met groter klem op die aktiewe beoefening van die teologie, wat gelei het tot die ontstaan van die sogenaamde bevrydingsteologie binne Suid-Amerika (Hurter 2012:24).

Die term "bevrydingsteologie" was vir die eerste keer in 1973 deur die Peruaanse priester Gustavo Gutiérrez gebruik. Volgens hom vereis die evangelie van Christus dat die mense op 'n aktiewe wyse vanuit hul armoede en verdrukking bevry moet word deur die kerk, al beteken dit dat daar tot geweld oorgegaan moet word. Gutiérrez verstaan teologie nie as 'n stelsel van tydlose waarhede nie, maar eerder as 'n toepassing van teologiese beginsels op 'n gegewe situasie. Die klem, volgens Gutiérrez, val op die aktiewe verhouding tussen geloof en armoede, asook die evangelie en sosiale geregtigheid (Hurter 2012:24).

Gutiérrez neem die Eksodus-geskiedenis as voorbeeld en meen dat bevryding gegrond is in 'n politieke proses en dat sosialisme iets is waarna gestreef moet word. Die bevryding binne die Eksodus-verhaal vervul 'n "spesiale rol as paradigma van bevryding uit slawerny en verdrukking in die bevrydingsteologie" (Hurter 2012:25).

Omdat die bevrydingsteologie verhoog word tot 'n ideologie of utopia, is bevrydingsteoloë van mening dat sonde buite die mens geleë is. Hurter meld: "Indien die verdrukker verwyder word, al is dit met geweld, is die mens verlos van sonde"(Hurter 2012:25). Hiervolgens is dit duidelik binne die bevrydingsteologie dat daar geensins melding gemaak word van die kruisgebeure en hoe die sondaar-mens deur middel van Christus se genade verlos word nie. Die mens is self verantwoordelik vir sy vrede, al moet dit geskied deur middel van geweld. Dit beteken volgens Gutiérrez dat die kerk dus die politieke arena moet betree om sodoende getrou te wees aan sy taak. Gutiérrez se standpunt kan dus as volg opgesom word: "Om aan God getrou te

wees, moet linkse politici en die stryd ondersteun word teen geweld wat die magtiges op hulle afdwing” (Hurter 2012:25).

Binne Suid-Afrika het die rassevraagstuk tydens die jare 1948 tot 1953 al hoe meer momentum begin kry. Rassespanning het begin vererger weens die opkoms van swart nasionalisme en die toenemende ontevredenheid aangaande die swartman se status quo. Hierdie ontevredenheid het tydens sy klimaks oorgegaan tot geweld. Volgens Verster, meld Van der Linde dat die gewapende verset wat begin plaasvind het, nie gesien moes word as terroristiese daad nie, maar eerder as ‘n vorm van selfverdediging teen die staat. Volgens Verster meld Van der Linde dat die bevrydingsteologie by meer en meer mense inslag gevind het en dat hierdie teologie direk teenoor die apartheid en Afrikanernasionalisme gestaan het (Verster 2007:64).

In 1950 het ‘n sekere meneer J Abrahamse ‘n brief, namens 116 gemeentelid afkomstig van 27 gemeentes van die voormalige NGSK aan die moderamen van die NGSK gestuur waarin verklaar is dat die apartheidsbeleid onchristelik is en nie binne die kerk, asook die land, toegepas moes word nie. Die leierskap van beide die NGK en NGSK het in reaksie geen ondersteuning tot hierdie versoek getoon nie. Tydens die 1950 sinode van die NGSK was daar reeds besluit dat die kerk nie politieke beleid sou aanvaar of verwerp nie (Adonis 2006:235).

Met die aanbreek van die sestigerjare was die tekens duidelik sigbaar dat daar na vernuwing gestreef moes word. Verster meld dat binne die annale van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1960 beskryf word as seker dié donkerste en stormagtigste jaar wat die land al ooit beleef het. Die bekende Sharpevillevoorval van 21 Maart 1960 waartydens 64 lyke in die strate van Sharpeville gevind is, was maar slegs ‘n simptoom van die siekte wat binne die volkereverhoudinge teenwoordig was (Verster 2007:64).

Op 9 April 1960 sou nog ‘n verdere skok die land tref toe daar ‘n aanslag gemaak is op die lewe van dr. HF Verwoerd tydens die opening van die Randse Paastentoonstelling. As reaksie op laasgenoemde gebeure, wat vrees en spanning binne die land meer en meer verhoog het, het die Wêreldraad van Kerke (WRK) besluit om in Suid-Afrika betrokke te raak. Die gevolg van RS Bilheimer se besoek, wie as gesant namens die

WRK na Suid-Afrika gestuur was om al die lidkerke van WRK te ontmoet, was dat daar van 7-14 Desember 1960 'n konferensie by Cottesloe in Johannesburg gehou is. Daar was veral vyf onderwerpe wat volgens Van der Merwe bespreek sou word (Van der Merwe 2002:55).

- “The factual situation in South Africa;
- The Christian understanding of the Gospel for relations among races;
- The meaning of the current emergency in South Africa;
- The witness of the Church with regard to justice, mission and co-operation” (Van der Merwe 2002:55).

Aan die einde van die Konferensie is daar 'n verklaring uitgereik wat Van der Merwe soos volg uiteengesit het:

- “Alle bevolkingsgroepe wat permanent in 'n land woon, moet deel in die welvaart van daardie land.
- Die kerk moet die boodskap van hoop verkondig aan wit Suid-Afrikaners in hulle onsekerheid en aan swart Suid-Afrikaners in hulle frustrasie.
- Niemand mag op grond van ras of kleur lidmaatskap van 'n kerk ontsê word nie.
- Daar bestaan geen Bybelse gronde vir die verbod op rassegemengde huwelike nie.
- Trekarbeid het verwoestende gevolge vir gesinne in die swart gemeenskap.
- Vergoeding vir die oorgrote meerderheid van die swart bevolking is ver benede die aanvaarbare minimum loon.
- Elke inwoner van die land moet die reg hê om die grond waar hy of sy woon, te besit en moet deel hê in die regering van die land” (Van der Merwe 2002:56-47).

Binne die kerk is daar gelet op bogenoemde verklaring en is daar verder gesoek na antwoorde (Verster 2007:64). In 1965, onder gereformeerdes, kom Dr. Beyers Naude na vore en meld: “Die tyd vir ‘n belydende kerk is daar” (Strauss PJ 2012:17). Volgens sy mening was daar ‘n duidelike parallel tussen die situasie van apartheid in Suid-Afrika en die destydse gebeure in Duitsland wat tot die formulering van die Barmen-verklaring gelei het. Wat was hierdie sogenaamde Barmen-verklaring waarna Dr Beyers verwys?

Tydens 29-30 Mei 1934 het die sinode van Barmen in Duitsland plaasgevind (Falcke 2009:72). Hierdie sinode was onder andere bygewoon deur gereformeerdes en Lutherane vanuit Duitsland. Die doel van hierdie sinode was om ‘n belydenis- beweging binne die bestaande kerke tot stand te bring teen Hitler se nasionaal-sosialisme. Die eindresultaat van hierdie sinode was die opstel en formulering van die sogenaamde Barmen-verklaring (Strauss PJ 2012:16). Die inhoud van hierdie verklaring het uit ses stellings bestaan wat as volg lui (Falcke 2009:72-80):

1. Daar is slegs een openbaring vanaf God nl. Jesus Christus. Hy is die enigste Een waarin ons ons vertrouwe moet vind en gehoorsaam. Geen ander magte of gebeure kan gelykstaan met hierdie heilige openbaring nie.
2. Jesus Christus eis ons totale lewe en ons moet Hom alleen met dankbaarheid dien.
3. Die Christelike kerk vorm die gemeenskap van Christus waarbinne die Woord en sakramente bedien word onder leiding van die Heilige Gees. Hierdie Christelike kerk moet altyd getrou en gehoorsaam bly aan sy taak in die wêreld en mag nooit die boodskap aanpas by sekere dominante ideologieë of politiese gebeure nie.
4. Net soos geen amp binne die kerk oor ‘n ander heers nie, net so kan en mag die kerk nie spesiale leiers aanstel wat beklee is met mag om te heers nie.
5. Die kerk mag nie ‘n instrument van die staat word nie.

6. Die taak van die kerk is om deur middel van Woord en sakramente die genade van Christus tot alle mense te verkondig. Hierdie Woord kan nie in diens gestel word van ander mense se wense, planne of begeertes nie.

Drie jaar later, in 1968, sou hierdie gedagte rondom 'n belydenisbeweging geweldig versterk word met die uitgee van "*A message to the people of South Africa*" wat as 'n "sterk anti-apartheid dokument" (Strauss PJ 2012:17) beskou is. Vele was van mening dat hierdie dokument 'n goeie grondslag vir 'n belydeniskerk sou wees.

Teen hierdie tyd was daar reeds drie tendense wat in die belydenis- bewegingsproses sterk meegespeel het. Eerstens was daar die sogenaamde Barmen-verklaring waarna reeds vroeër verwys is. Hierdie verklaring het binne die denke van sommiges die gedagte van 'n belydenis teen die regverdiging van apartheid begin stimuleer. Tweedens was daar al openlik van so 'n belydenis gepraat en "*A message to the people of South Africa*" was beskou as 'n moontlike voorbeeld. Derdens het sekere woorde soos bv. dat "apartheid sonde is" (Strauss PJ 2012:18) en dat "die teologiese en morele regverdiging daarvan 'n bespotting van die Evangelie en kettery is", (Strauss PJ 2012:18) al hoe meer 'n aanvaarbare en geykte taal geword (Strauss PJ 2012:18).

Soos die tyd verloop het, sou die NGSK al hoe meer aspekte van die apartheidsbeleid begin veroordeel. In 1978 is daar 'n aanbeveling gemaak dat die situasie teologies beoordeel moes word. Hierdie oproep het gekom vanaf die Teologiese Skool van die NGSK wat teen hierdie stadium reeds 'n fakulteit van Universiteit van die Wes-Kaap was. Prof JJF Durand en sy teologiese studente het 'n geweldige groot bydrae gelewer tot hierdie evaluering. Die gevolgtrekking wat deur die teologiestudente gemaak was, was dat die geforseerde skeiding van mense radikaal teen die evangelie van rekonsiliasie gestaan het. Hulle aanbeveling was dat die NGSK hierdie gevolgtrekking ten volle moes endosseer (Adonis 2006:235).

Drie predikante nl. JJF Mettler, IJ Mentor en RJ Stevens het hierdie aanbeveling oorgedra aan die sinode van die NGSK. Die kernaspek van hierdie aanbeveling was dat apartheid direk teenoor die evangelie van Jesus Christus staan. Na 'n lang gesprek is

hierdie aanbeveling deur die 1978 sinode van die NGSK aanvaar. Baie het hierdie beskou as 'n uiters belangrike gebeurtenis. Omdat gedwonge rassesseiding as nie-Bybels beskou was, moes dit verwerp word. Gepaard met hierdie verwerping, is die sendingbeleid van die NGK ook verwerp. Deurdat die NGSK die beleid van apartheid verwerp het, het die NGSK hiermee saam 'n duidelike besluit tot die hervereniging tot die NG Kerk-familie getoon. Dit het bygedra tot 'n sterk begeerte vir 'n struktuurlike kerkvereniging (Adonis 2006:235).

Ter afsluiting van 'n oorsig oor hierdie tydperk moet pertinent verwys word na die woorde van Eberhard Bethge soos vermeld deur Strauss: "After my visit to South Africa in 1973, the thought of a *status confessionis* was visible in almost every discussion I had" (Strauss PJ 2012:17). Hierdie woorde van Bethge rondom die gedagte van 'n *status confessionis* sou nie slegs net by 'n gedagte bly nie, maar sou later oorgaan tot 'n realiteit soos getoon sal word binne die volgende hoofstuk.

Hoofstuk 3

Die Historiese Agtergrond (vervolg):

Die Aanloop (1974-1981)

3.1 Inleiding

Sedert die 1970's is die beleid aangaande apartheid gedurigdeur bespreek by die Sinode van die voormalige NGSK. Aanvanklik het die NGSK slegs sekere aspekte rondom die beleid as kontrasterend met die Evangelie gesien. Hierdie het egter met tyd verander (Adonis 2006:239). Binne hierdie hoofstuk sal daar gemerk word hoe hierdie verandering in denke begin ontwikkel het en dat daar al hoe meer begin streef is na die formulering van 'n belydenis as antwoord op apartheid.

3.2 Die Jare 1974-1977

Tydens die sinode van 1970 het die NGK 'n belangrike stap geneem om 'n amptelike antwoord aangaande sy siening rondom rasseverhoudinge daar te stel. 'n Kommissie met subkommissies is op die been gebring met die taak om 'n verslag te formuleer wat tydens die volgende Algemene Sinode in 1974 voorgelê moes word (Van der Merwe 2002:61).

Na vier jaar se teologiese besinning en formulering was hierdie verslag gereed om voor die Algemene Sinode van die NGK te dien. Hierdie verslag het uit 64 bladsye en vier afdelings bestaan (Van der Merwe 2002:62) waarvan die een gehandel het aangaande die "ras, volk, nasie en volkere verhoudinge in die lig van die Skrif - RVN" (Verster 2007:64).

Volgens De Beer meld Kinghorn dat die RVN beskou word as 'n "soort samevatting van 'n besinningsproses oor rasseverhoudings en die sendingbeleid van die kerk wat tot in

die dertigerjare terugstrek” (De Beer 2009:56). Dwarsdeur die inhoud van die RVN, “...vorm verwysings na rasse en volke, gemengde huwelike, kerkeenheid, maatskaplike probleme soos trekarbeid, grondbesit, sedeloosheid, opvoeding en onderwys en die posisie van die Kleurlinge in Suid-Afrika”, ‘n goue draad. (Van der Merwe 2002:62). Gepaard hiermee word daar ook duidelik getoon in watter rigting die NGK se antwoord sou beweeg aangaande hierdie faktore, asook die verhoudingsproblematiek binne die land (Verster 2007:64). Die inhoud van RVN en besluit van NGK se Algemene Sinode van 1974, kan as volg opgesom word:

- Die verslag erken dat die Bybel nie die moderne onderskeid tussen ras, volk en nasie ken nie (Van der Merwe 2002:64). Dit word nie meer soos vroeër beskou “as die wil van God nie” (Verster 2007:64), maar daar word ook gemeld dat afsonderlike ontwikkeling nie noodwendig gesien hoef te word as iets teenoor die Skrif nie (Verster 2007:64).
- Gesamentlike aanbidding is teenoor integrasie geplaas wat slegs tydens spesiale geleenthede toelaatbaar sou wees. Verster voeg by dat alhoewel onderlinge skakeling noodsaaklik is volgens die Skrif, is die beleid tot een kerkverband nie nodig nie (Verster 2007:65).
- Gepaard hiermee is rasgemengde huwelike nie as onbybels verklaar nie, maar eerder as ongewens omdat dit ‘n eie volk en eie kultuur bedreig (Van der Merwe 2002:64).

Alhoewel die oorgrote meerderheid ten gunste was van die standpunt van verskeidenheid en afsonderlike ontwikkeling, was daar egter tog ‘n minderheidsgroep teenwoordig wat hulle nie wou vereenselwig met hierdie standpunt nie. BJ Marais en JA van Wyk dien as voorbeeld van persone wat bv. gevoel het dat die kerkdeure altyd oop moes wees vir ander rasse. Hierdie minderheidsgroep sou met tyd al hoe meer groei en later ‘n deurslaggewende rol vervul in die verandering wat later in die kerk se standpunt sou verskyn (Van der Merwe 2002:64).

Kort na die besluite van die 1974-Sinode bekend gemaak is, is dit sterk gekritiseer deur lede binne Suid-Afrika. Veral die aspek rondom gesamentlike aanbidding het groot kritiek ontlok. Sommige gemeentes soos bv. Migdol in die Wes-Transvaal het dit

duidelik gemaak dat “geen blanke gebou (kerk of kerksaal) beskikbaar gestel sou word aan nie-blankes nie, vir watter doeleindes ook al” (Van der Merwe 2002:65).

Alhoewel die NGK melding gemaak het dat die RVN (Ras, Volk en Nasie) nie as ‘n finale antwoord gesien moes word nie, maar eerder gedien het as uitnodiging tot ‘n voortgesette dialoog, was die latere gevolg dat dit die NGK al hoe meer in die brandpunt sou bring (Van der Merwe 2002:64).

In 1976, twee jaar na die 1974-Sinode, promoveer ‘n predikant van die NGSK, Allan Boesak, in Nederland. In sy proefskrif getiteld *Farewell to Innocence*, assosieer hy swart met ‘n bepaalde kader van onderdruk wees. Na sy terugkeer in Suid-Afrika, het hy spoedig ‘n invloedryke posisie binne die NGSK bekleed. Gepaard hiermee word hy later ook deel van die sogenaamde NG Broederkring, wat later bekend sou staan as die Belydende Kring. Volgens Strauss vind ‘n mens dat hierdie naam die gedagte van ‘n belydenisbeweging teen apartheid direk na vore tree (Strauss PJ 2012:17).

In sy proefskrif meld Boesak aangaande swart teologie: “It is black people’s attempt to come to terms with their situation” (Boesak 1977:124). Hiervolgens kan ‘n mens dit interpreteer dat die swartmens homself wil bevry vanuit die onderdrukking wat deur die witman op hom toegepas word. Volgens Hurter haal Boesak vir Cone aan vanuit sy boek getiteld *Liberation, a Black Theology of Liberation*, asook uit *Black Theology and Black Power*: “Black Theology is a theology of liberation because it arises from complete identification with the oppressed in their struggle, proclaiming that struggle of the oppressed is God’s struggle... because the love of God is a divine activity, to love thy ‘neighbor’ means to join God in his activity to liberate the oppressed” (Hurter 2012:25).

Volgens Hurter is swart teologie, net soos bevrydingsteologie, sterk gegrond binne ‘n Christelike karakter met Jesus as die onderdrukte, wie tydens Sy aardse bestaan in ‘n noue verband tot die onderdrukte was (Hurter 2012:25). Gepaard hiermee glo swartmense dat hulle hulself kan bevry vanuit hierdie onderdrukking deur gebruik te maak van enige middel wat tot hul beskikking is. Hieruit kom die gedagte sterk na vore

dat 'n mens swart teologie ook as 'n revolusionêre teologie kan beskou (Hurter 2012:25).

Cone meld in sy boek *Liberation, a Black Theology of Liberation*: "In order to be Christian theology, white theology must cease being white theology and become Black Theology by denying whiteness as a proper form of human existence and affirming blackness as God's intention of humanity. It says that all acts which participate in the destruction of white racism are Christian, the liberating deeds of God" (Cone 1970:32-33). Vanuit Cone se siening kan die afleiding gemaak word dat die witmens die simbool van die Antichris is solank as wat laasgenoemde die dominerende mag in die wêreld probeer wees. As so 'n sisteem foutief is, kan 'n revolusionêre vorm van weerstand as noodsaaklik en regverdig beskou word (Hurter 2012:26).

Aangaande versoening meld Cone dat die swartmens nie gerekonsilieer kan word volgens die terme van hulle wat die onderdrukking toepas nie. Volgens hom kan daar geensins oor rekonsiliasie gepraat word voordat volle emansipasie 'n realiteit vir die swartman geword het nie (Cone 1977:127). Hierby voeg Boesak dat daar 'n noue verband is tussen rekonsiliasie en liberاسie: "Unless the hungry are fed, the sick are healed and justice is given to the poor, there can be no reconciliation! (Boesak 1977:127).

Met inagneming van bogenoemde standpunte, asook die voorafgaande gebeure waarna reeds verwys is in die vorige hoofstuk, vorm daar 'n duidelike prentjie waarom die Suid-Afrikaner Manas Buthelezi die Lutherse Wêreldbond, wat tydens 1977 in Dar es Salaam vergader het, probeer oorreed het dat die situاسie binne Suid-Afrika 'n dringende behoefte tot 'n *status confessionis* daarstel (Strauss PJ 2012:18).

3.3 Die Jare 1978 tot 1979

Die volgende stellings weerspieël die standpunt van die NGSK se Algemene Sinode van 1978:

"Apartheid is sonde" (De Beer 2009:52).

“Apartheid weerspreek die Bybel” (Adonis 2006:235).

“Apartheid kan en sal nooit met die Evangelie van Jesus Christus versoen kan word nie”
(Smit DJ 2011:8).

“Om Christene uiteen te hou weens groot onderlinge, kulturele verskille, kan nie gesien word as ‘n Bybelse regverdiging van Apartheid nie” (Smit DJ 2011:8).

Gepaard met hierdie stellings is gemeld dat dit die diepste oortuiging van die kerk is dat sy bestaan nie gegrond mag wees in die ontwerp van ‘n partypolitieke beleid nie, maar dat hy ‘n profetiese roeping het om te vervul (Smit 2011:8). Die Sinode meld verder: “Onversoenbaarheid staan teenoor die gedagte van versoening; die hartaar van die Christelike evangelie en juis daarom ook die hartaar van die bestaan en die verkondiging van die kerk” (NGSK AS 1982:319).

Aangaande Apartheid meld die Sinode verder dat dit toenemende polarisasie onder mense veroorsaak. Dit doen meer skade as om hulle net uitmekaar te hou. Dit verstoot mense al hoe meer van mekaar en die gevolg van hierdie polarisasie veroorsaak konflik. Hierdie konflik dien dan as ‘n alibi om hierdie skeiding te handhaaf (NGSK AS 1982:320). Hiermee gepaard onderskryf die die kommissie die definisie wat soos volg lui: “Rassisme kweek ‘n valse gevoel van meerderwaardigheid en is gebaseer op die veronderstelling dat karakter en bekwaamheid bepaal word deur middel van ras” (NGSK AS 1982:320).

Omdat Apartheid vir vele jare reeds in ‘n groot mate op ‘n teologiese en morele regverdiging van die sisteem staatmaak, het dit dus beide ‘n pseudo-religieuse ideologie en ‘n politieke beleid geword. Die effek wat dit oor die jare al hoe meer op die land se samelewing gehad het, lei daartoe dat die NGK se bydrae hiertoe tot kettery en afgodsdien deur die NGSK bestempel word (NGSK AS 1982:313). Daarom voel die NGSK dat daar iets rondom die saak gedoen moet word om die siekte binne die samelewing te bestry.

In 1979 word die boek van Allan Boesak getiteld *Die vinger van God* gepubliseer. Die inhoud bestaan uit vele preke aangaande geloof en die politiek. Met die bestudering van

die inhoud meld Strauss dat daar verskeie stellings voorkom wat vir etlike jare daarna geweldig baie gehoor sou word soos: “God posisioneer Homself aan die kant van die armes; die koninkryk van God is bestem vir die nietige, veragtes en geringes; en dat apartheid ‘n bespotting is van die Evangelie (Strauss PJ 2012:17). Sommige van hierdie uitdrukkings het kritiek van buite ontlok. Volgens Danzfuss vind Scarborough die woorde dat God aan die kant van die armes staan, effens problematies. Beteken dit dat alle armes hemel toe gaan en alle rykes na die hel? (Danzfuss 2012:46). Meer hieroor later tydens die kritiese dialoog.

3.4 Die Jare 1980 tot 1981

So begin die 1980’s wat as die sogenaamde “turbulente jare” beskryf kan word (Snyman 2006:653). Hierdie onstuimige tydperk vorm die klimaks van ‘n opbouing van gebeure wat terugstrek tot die jeugopstande in 1976 in Soweto. Vanaf laasgenoemde datum was daar al hoe meer ‘n toename in swart protes politiek. Hierdie gebeure het nie alleenlik die land geraak nie, maar ook die kerk en sy lidmate. Verskeie publikasies is in hierdie tyd deur die kerk gepubliseer en dit dien as getuie dat hierdie gebeure die kerk intens geraak het (Snyman 2006:654).

Die eerste van hierdie publikasies was die sogenaamde *Hervormingsgetuienis van 1980*. Dit het bestaan uit die getuienis van agt teoloë vanuit die NGK wat gepubliseer is in die Kerkbode van 5 November 1980. Deur hierdie *Getuienis* is daar by medegelowiges gepleit om te besin en biddend te streef na (Van der Merwe 2002:72):

- “Die uitskakeling van liefdelose en rassistiese gesindhede;
- Solidariteit met almal wat deur sosiale praktyke en ekonomiese wanverhoudinge in omstandighede van verhelpbare lyding en nood gedompel is en,
- ‘n Vorm van kerklike eenheid waarbinne gelowiges met dieselfde belydenis tot sigbare eenheid kon kom.”

Die idee was dat hierdie getuienis tot 'n dialoog sou ontwikkel. Die NGK moes begin herbesin aangaande die turbulente omstandighede binne die land. Verskeie vrae is in die *Getuienis* gevra met die gedagte dat die kerk daarvoor moes nadink (Van der Merwe 2002:72).

Soos verwag kon word, het hierdie *Getuienis* vele kritiek langs die pad ontlok. Groot skaalse polarisasie het ontstaan en daar is ook vanuit die kantoor van die Algemene Sinode by wyse van 'n publikasie in die *Kerkbode* van 4 Februarie 1981 gevra dat gemeentes hulself nie aan hierdie verklarings moes steur nie. Na 'n lang woordestryd tussen aanhangers van die *Getuienis* en hulle wat daarteen gekant was, kan die uiteinde van hierdie stryd beskryf word as 'n triomf vir die *Getuienis*. Daar is erken dat die formulering nie so akkuraat was nie en dat dit tot groot misverstande kon lei. Tog het dit belangrike winspunte uitgelig wat die kerk en sy predikante opnuut gestimuleer het. "Suid-Afrika verkeer binne 'n krisis en die NGK kan nie meer bly wegkyk nie" (Van der Merwe 2002:73).

'n Tweede publikasie wat op die eerste sou volg was die sogenaamde *Stormkompas* wat in 1981 sy verskyning gemaak het (Snyman 2006:654). Die klem van hierdie bundel was om die kerk rigting te gee ten opsigte van sy roeping as kerk gedurende die 1980's. Hierin wou die skrywers beklemtoon dat die kerk al hoe meer geïsoleerd begin raak het. Dit kon daartoe lei dat die kerk se siening later as totaal irrelevant beskou kon word binne die land se situasie. Vanuit hierdie publikasie kon presies dieselfde gevolgtrekking gemaak word soos reeds vantevore vermeld is in die *Hervormingsdagetuienis van 1980*: "Suid-Afrika verkeer binne 'n krisis en die NGK kan nie meer bly wegkyk nie" (Van der Merwe 2002:73).

Hoofstuk 4

Die Historiese Agtergrond (vervolg):

Die Ontstaan (1982-1986)

4.1 Inleiding

“God in Jesus Christ has affirmed human dignity. Through his life, death and resurrection He has reconciled people to God and to themselves. He has broken down the wall of partition and enmity and has become our peace. He is the Lord of his Church who has brought us together in the one Lord, one faith, one baptism, one God who is the father of us all” (Van der Merwe 1991:324).

Hierdie woorde vorm die inleiding van 'n verslag wat geskryf is na die WBGK se algemene vergadering in Augustus van 1982 in Ottawa, Kanada waartydens Dr. Allan Boesak, van die NGSK, ook aangewys is as president van die WRGK (Adonis 2006:235). Gepaard met hierdie inleiding word gemeld dat die evangelie rassisme direk konfronteer omdat dit in wese niks anders as afgodery is nie. Rassisme koester 'n valse ideologie van superioriteit. Dit ontken die alledaagse mensheid en dit ontken die werk van Christus. Dit sistematiseer onderdrukking, dominansie en ongeregtheid. Gevolglik is die stryd teen rassisme 'n verantwoordelikheid wat op elke kerk se skouers rus binne elke land en gemeenskap (Van der Merwe 1991:324).

4.2 Die Jaar 1982

Met die klem spesifiek op Suid-Afrika het die WBGK gemeld dat Apartheid 'n unieke uitdaging tot die kerk daarstel, veral die kerke binne die Gereformeerde tradisie. Oor die jare het Apartheid ontaard tot 'n pseudo-religieuse ideologie, asook 'n politieke beleid (Van der Merwe 1991:324). Dit het gelei tot ideologiese en emosionele verdeeldheid

binne die samelewing (Van Wyk 2012:103) omdat nie almal ten gunste is van hierdie aparte ontwikkelingsbeleid nie.

Dit was nie die eerste keer dat hierdie onderwerp op die vergadering hanteer was nie. Reeds met hul vergadering in 1964 in Frankfurt is daar gemeld dat rassisme niks anders is as verraaiing van die Evangelie is nie (Adonis 2006:235): “The Unity in Christ of members, not only of different confessions and denominations, but of different nations and races, points to the fullness of the unity of all in God’s coming kingdom. Therefore the exclusion of any person on grounds of race, colour or nationality, from any congregation and part of the life of the church contradicts the very nature of the church. In such a case, the gospel is actually obscured from the world and the witness of the churches made ineffective” (Van der Merwe 1991:324).

Na afloop van die vergadering het die WRGK die volgende verklaar (Van der Merwe 1991:324-325):

- Die beloftes van God vir Sy wêreld en kerk staan in kontras met die beleid van Apartheid. Hierdie beloftes wat aanvanklik deur die profete profiteer was en deur Christus tot vervulling gebring is, is gegrond in vrede, geregtigheid en bevryding.
- Die WRGK voel dat hul verplig word deur die Evangelie om aan die kant van die onderdrukte te staan. “None of the brethren can be injured, despised, rejected, abused or in any way offended by us, without at the same time injuring, despising and abusing Christ by the wrongs we do.”
- Binne sommige situasies moet ‘n belydenis van die kerk ‘n duidelike, sigbare lyn kan trek tussen waarheid en dwaling. Daarom is dit ook die kerk se taak om dwalings binne die regering aan te spreek, as dit kom by die onderdrukking van Christene.
- Kerke wat die Gereformeerde belydenisse as hul eie verklaar het, moet in hul daaglikse lewe en diens hierdie beginsels toon – gelykheid, geregtigheid en eenheid binne die samelewing.

- Daarom verklaar die WRGK dat hierdie situasie, veral met die oog op die gebeure binne Suid-Afrika, die beleid tot 'n *status confessionis* daarstel en dit word ook dan nou so afgekondig. “The situation regarding ‘Apartheid’ constitutes a *status confessionis*...which means that we regard this as an issue on which it is not possible to differ without seriously jeopardizing the integrity of our common confession as Reformed Churches” (Adonis 2006:235).

Na afloop van die WRGK se vergadering in Augustus 1982 het die NGSK se Algemene Sinode in Oktober van dieselfde jaar plaasgevind. Tydens hierdie sinode is daar, net soos op die vergadering van die WRGK 'n *status confessionis* verklaar, wat beteken “dat die NGSK apartheid beskou as 'n aangeleentheid... waaroor dit onmoontlik is om te verskil sonder om die integriteit van ons gemeenskaplike belydenis as Gereformeerde Kerke ernstig in gevaar te stel” (De Beer 2009:52).

Gepaard met hierdie verklaring van die *status confessionis*, vorm dit ook die geleentheid waartydens Prof. Gustav Bam vanaf die vloer (Strauss PJ 2012:19) die voorstel gemaak het vir die formulering van 'n belydenisskrif. In sy argument het hy gemeld dat “wanneer 'n kerk homself in 'n *status confessionis* bevind, met 'n belydenis gereageer moet word en nie maar net met 'n belydenisverklaring nie (du Plooy 2012:68). Volgens Du Plooy het Bam na beide die Dordtse Leerreëls en die Barmen-verklaring verwys en gemeld dat laasgenoemde twee ook die resultate was weens 'n *status confessionis* (Du Plooy 2012:68).

Na aanleiding van Bam se toespraak is die aanbeveling vir die aanstelling van 'n ad hoc-kommissie (Adonis 2006:236) op 4 Oktober 1982 (Snyman 2006:654) goedgekeur om 'n konsepbelydenis te formuleer en tydens dieselfde sinode voor te dra. Op 6 Oktober 1982 (Snyman 2006:654) is die formulering van die konsepbelydenis voltooi en tot die Algemene Sinode oorgedra waar dit aanvaar is (Adonis 2006:236). Vir die volgende vier jaar sou hierdie konsepbelydenis binne die gemeentes en ringe bespreek word (Snyman 2006:654).

4.3 Die jare 1983 tot 1985

In 1984 het die BM van die NGK skriftelik reageer op die konsepbelydenis van die NGSK omdat laasgenoemde, na die opstel van die konsepbelydenis, enige gesprekke aangaande die onderwerp met die NGK geweier het. Die NGK wou dit duidelik maak dat dit alle vorme van rassisme verwerp as sonde:

“Wanneer ras en/of volk deur wie ook al verabsoluteer word, tree rassisme in wat sonde is. Naasteliefde en sosiale geregtigheid moet die norm vir die reëling van menseverhoudinge wees. Geen onreg mag in die implementering van landswette in hierdie verband geskied nie” (Danzfuss 2012:44).

Hierdie vorm een van verskeie kere wat die NGK tot vervelens toe die morele en teologiese regverdiging van apartheid verwerp (Danzfuss 2012:44). Tog het dit bly voel asof die blanke en die NGK nooit vrygespreek en vergewe sou word van die historiese gebeure en laasgenoemde se bydrae daartoe nie.

Allan Boesak, wat reeds in 1982 tot president van die WRGK verkies was, skryf in sy boek getiteld: *Black and Reformed*, wat op die rakke verskyn het in 1984 dat: “the only authentic confession in our age is the confession of Jesus Christ as the Black Messiah. The Jesus that the New Testament presents to us, is one that identifies him to a remarkable degree with the black experience, because he was poor” (Langer 2012:111). Volgens Langer probeer Boesak dit baie duidelik stel dat Christus se verlossing slegs beperk is tot die politieke bevryding van die swartman en dat Boesak se Godsbeeld dié van ’n swart Messias is. Hierdie stelling weerspieël ’n sterk geneigdheid tot die gedagte van ’n bevrydingsteologie (Langer 2012:111). Die feit dat die klem so erg op die swartman val, bevestig die vorige punt dat die NGK en die blanke nie gou sou loskom van sy dade in die verlede nie.

In 1985 het vele aspekte van die sogenaamde bevrydingsteologie op die toneel verskyn. ’n Voorbeeld hiervan is die gewraakte *Kairos*-dokument (Danzfuss 2012:47). Volgens Hurter vorm dit een van die drie sogenaamde trilogie van “protesdokumente teen apartheid” wat tydens die jare tagtigs aan die lig gekom het (Hurter 2012:27). In sy artikel genaamd: *Van Kairos na Damaskus*, gee Hurter ’n uiteensetting van al die

hooftelemente soos dit voorkom in die *Kairos*-dokument. Volgens Hurter meld dit (Hurter 2012:27-28):

- Dat God aan die kant van die armes en onderdrukte staan;
- Dat Christene aangespoor word om betrokke te raak by die stryd en moet streef na bevryding en 'n beter samelewing;
- Die bevrydingsdoelwit van God en die Kerk moet sigbaar wees binne alle kerklike aktiwiteite – dit sluit in: eredienste, doop, Sondagskool en selfs begrafnisse;
- Spesiale programme en veldtogte geloods moet word “ter wille van die stryd” (Hurter 2012:27) om sodoende bevryding binne Suid-Afrika te bring;
- Burgerlike ongehoorsaamheid deur lidmate uitgevoer moet word;
- Daar moet verder gegaan word as om net te bid vir verandering binne die regering – lidmate moet verder gaan en gemobiliseer word;
- Almal wat onderdruk voel, moet deur die kerk aangemoedig word om hierdie omstandighede te begin teenstaan en te begin stry vir bevryding en geregtigheid.

Vanuit hierdie opsomming kan daar duidelike lyne getrek word met die teologiese en morele begroning van die bevrydingsteologie wat ek reeds vroeër bespreek het. Daar vorm groot ooreenkomste met die siening van Gutiérrez (Hurter 2012:25) rondom die mens se rol tot bevryding. Nêrens binne hierdie *Kairos*-dokument blyk dit of daar na die verlossing wat Christus vir die mens bewerkstellig het, verwys word nie. Die klem val op die mens wat sake in sy eie hande moet neem, betrokke moet raak in die stryd en via enige wyse, goed of sleg, moet streef en veg vir vryheid en geregtigheid. Is dit hoe Christene en gelowiges moet optree? Dit daar gelaat.

4.4 Die Jaar 1986

Vier jaar nadat die Konsepbelydenis deur die voormalige NGSK geformuleer en aanvaar is, word die Belydenis van Belhar op Vrydagaand 26 September 1986 amptelik deur die NGSK as 'n belydenisskrif aanvaar (Smit 1998:2) met slegs vier en twintig uit die 498 afgevaardigdes wat nie bereid is om dit te onderteken nie (Strauss PJ 2005:569). Strauss beweer dat hierdie aanvaarding van die belydenisskrif gesien kan word as die hoogtepunt of klimaks van die destydse “sogenaamde kerklike belydenisbeweging teen apartheid in Suid-Afrika (Strauss PJ 2012:16). Die Belydenis van Belhar bestaan uit vyf artikels en die fokus van hierdie belydenis is gerig op kerkeenheid, versoening en geregtigheid en is soos volg uiteengesit:

- Artikel 1 handel aangaande die geloof in die drie-enige God - (Sien bylaag 1)
- Artikel 2 meld dat die ganse menslike geslag deel vorm van die gemeentes van die een heilige algemene Christelike kerk (Verster 2007:65-66).
- Artikel 3 plaas die klem op versoening en meld dat alle Christene in staat is om in vrede en harmonie saam te kan leef omdat Christus Homself met die mens versoen het (Verster 2007:65-66).
- Artikel 4 fokus op geregtigheid en meld dat die kerk 'n duidelike roeping het om die verdruktes en onbevoorregtes te ondersteun omdat Christus hierdie voorbeeld gestel het tydens Sy aardse bediening - (Sien bylaag 1).
- Artikel 5 sluit af met die bewoording dat die kerk 'n geroepe taak het wat bely en gedoen moet word onder gehoorsaamheid aan Jesus Christus - (Sien Bylaag 1)

Tydens die voorlegging van die Belydenis van Belhar aan die Algemene Sinode van die NGSK, is daar steeds besware gemaak aangaande sekere gedeeltes binne die belydenisskrif wat swak bewoord was. In reaksie hierop het Dr. Bam gemeld dat persone nie hul steun vir die belydenisskrif moes terughou omdat die inhoud tot

misverstande kon lei nie. Volgens Bam moet die klem geplaas word op die groter prentjie en dit word akkuraat uitgebeeld (Danzfuss 2012:45).

Dr. Dirkie Smit sluit hierby aan en meld aangaande die formulering dat “as die motief (vir herformulering) net so moes wees dat dit ‘beter’ geformuleer sou kon word, is dit sekerlik nie ’n oortuigende rede nie. Dit sou ’n siening van belydenisskrifte veronderstel waarvolgens die waarheid in die (abstrakte, tydlose) korrektheid van die proposisie geleë is” (Smit 1998:20) en dit is glad nie die manier hoe die VGK (destydse NGSK) ’n belydenisskrif sien nie (Smit 1998:20).

Nadat die Belydenis van Belhar deur die Algemene Sinode van die NGSK aanvaar is as vierde belydenisskrif, het die Gesprekskommissie, in opdrag van die Algemene Sinode, dit aan die verteenwoordigers van die NGK duidelik gemaak dat laasgenoemde nie verplig sou word om die belydenis as hul eie te aanvaar nie. Die Gesprekskommissie het egter vir ’n duidelike reaksie aangevra aangaande die inhoud van die belydenisskrif want dit sou bepaal of die strewe na toekomstige kerkeenheid nog op die tafel sou wees (Smit 1998:16). In reaksie hierop het die BM van die NGK die inhoud van die Belydenis van Belhar afgewys omdat dit volgens hulle mening, “beskou is as ’n dokument met ’n onaanvaarbare horisontalistiese eksegeese eie aan die teologie van bevryding (Hurter 2012:21)

Gepaard met bogenoemde gebeure het die Suid-Afrikaanse gemeenskap besef dat ’n “noemenswaardige politieke verandering” (De Beer 2009:57) slegs ’n realiteit sou kon word as die NGK bereid sou wees om by die koersverandering aan te pas. In 1986 het die NGK haar beleid rondom die samelewing binne Suid-Afrika drasties hersien soos uitgestippel in *Kerk en Samelewing* (De Beer 2009:57). In hierdie dokument meld die NGK dat:

“Die hantering van apartheid as ’n politieke en maatskaplike sisteem wat mense verontreg en een groep onregmatig bo ’n ander bevoordeel, nie op ’n Christelike etiese wyse aanvaar kan word nie” (Langner 2012:112).

Volgens Langner gaan die dokument verder en meld rondom God se verhouding met die armes dat: “God is by uitnemendheid die Een wat vir die saak van die noodlydende

en verontregte intree. Hiermee word ander mense as noodlydendes nie uitgesluit nie, want in 'n baie besondere sin tree God immers vir die saak van al Sy kinders in" (Langner 2012:112).

Die reaksie wat gevolg het na die uitreiking van *Kerk en Samelewing* was nie so positief soos waarvoor daar gehoop was nie. Enkele kerklidmate (ongeveer een uit 'n duisend) het die NGK verlaat en hul eie kerk genaamd, die Afrikaanse Protestantse Kerk gestig. Net so was die Afrikaanse Gereformeerde Bond ook nie ten gunste van die uitsprake wat in die beleidstuk na vore getree het nie, maar laasgenoemde het egter aangebly (Verster 2007:65). Die vraag is: Wat was die redes vir hierdie teenkanting? Daar is veral twee aspekte wat uitstaan (Verster 2007:65):

Volgens Verster word die eerste bron van ontevredenheid gevind binne paragrafe 302-309 waar gemeld word dat die NGK apartheid ondersteun het, maar dit nooit wou afdwing nie. Apartheid was 'n politieke sisteem en kan geensins op 'n Christelike-etiese wyse aanvaar word nie (Verster 2007:65).

Tweedens was daar ontevredenheid aangaande die besluit in paragraaf 270 dat die kerk se deure voortaan oopgestel sou word vir enige persoon wat die leer van die NGK bely. Laasgenoemde rede vorm veral die kern rede waarom kerklidmate die NGK verlaat het en die APK tot stand gekom het (Verster 2007:65).

Ter afsluiting van hierdie hoofstuk kan wel genoem word dat daar tog 'n positiewe aspek na vore begin tree het in die jare 80's. As gevolg van stemme binne die NGK-familie, asook buite, het dit die NGK aangespoor om sy eie teologie in her-oënskou te neem. Verster stel dit mooi deur Van der Linde aan te haal: "Die Skrif moet duideliker spreek as bestaande praktyke; apartheid moet as sonde veroordeel word en die NGK moet sy aandeel daaraan bely" (Verster 2007:66) – 'n aspek wat ook so deur die NGK uitgevoer is.

Hoofstuk 5

Die Historiese Agtergrond (vervolg):

Die besluit tot 'n “Ruim Huis” (1987-2012)

5.1 Inleiding

Hierdie vorm die laaste afdeling van die historiese agtergrond. Tot en met nou is daar gefokus op die historiese gebeure binne Suid-Afrika en hoe daar deur die verloop van die jare al hoe meer begin streef is na die formulering van 'n belydenis wat al die foute van die verlede sou aanspreek. Die resultaat van hierdie strewing na 'n belydenis het gerealiseer met die opstel en formulering van die Belydenis van Belhar wat deur die Algemene Sinode van die NGSK van 1986 aanvaar is. Die vraag wat nou na vore tree is: Hoe sou die ander kerke binne die NG Kerkfamilie op die NGSK se formulering en aanvaarding van die Belydenis van Belhar reageer en hoe sou dit die proses tot kerkhereniging beïnvloed?

5.2 Die jare 1987 tot 1993

Nadat die Belydenis van Belhar in 1986 deur die NGSK aanvaar is, het die begeerte opgevlam om weer met die ander kerke binne die NGK-familie, hande te vat. Om een of ander rede was die NGK en RCA nie baie optimisties rondom hierdie saak nie. Tog was daar tekens vanaf die NGKA dat hulle bereid sou wees om oor vereniging met die NGSK te begin onderhandel (Adonis 2006:238). Volgens Corrie meld die *Agenda en Handeling* van die NGKA se 1979 Algemene Sinode dat die NGKA aanvanklik die behoefte gehad het om hul eie Afrika-belydenis te ontwikkel. Tog was daar na vele ondersoek egter besluit om by die Drie Formuliere van Eenheid te volstaan (Corrie 2012:96).

Tydens die Algemene Sinode van die 1987, het die NGKA kennis geneem aangaande die NGSK se aanvaarding van die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif, maar die NGKA was nie bereid om ook hierdie belydenis te aanvaar nie. Dit is slegs weer terugverwys na die kommissie om te bepaal hoe die aanvaarding van hierdie belydenis kerkvereniging sou kon verdraag binne die NGK-familie in geheel (Hoffmann 2006:3). Gepaard met laasgenoemde besluit, maak die Algemene Sinode van 1987 die volgende baie belangrike stelling aangaande eenwording: “As dit kom by kerkeenheid vorm gesindheid ’n baie belangriker element as strukture. ’n Nuwe struktuur kan nie die verlangde eenheid skep nie en ook kan dit nie die voortbestaan daarvan waarborg nie” (Corrie 2012:96). Hierdie diepgaande gedagte sal weer ter sprake kom wanneer daar later binne die dialoog aangaande die aanvaarding van Belhar gedebatteer word.

In 1988 het die NGSK ’n versoek tot die Gereformeerde Ekumeniese Raad, wat in Harare vergader het, gerig waarin hulle vra dat die Belydenis van Belhar naas die ander as ’n vierde belydenisskrifte aanvaar moes word. Daar is egter geen verdere stappe rondom hierdie versoek geneem nie omdat die NGSK twee jaar later, in 1990, die besluit sou neem om as lid van die GER te bedank (Du Plooy 2012:91).

Met die aanbreek van 1989 sien *The Road to Damascus* (Danzfuss 2012:47) die lig wat volgens Hurter as die derde dokument van die sogenaamde “trilogie van protesdokument teen apartheid” beskou word (Hurter 2012:25). Net soos die ander twee nl. die *Kairosdokument van 1985 en die Belydenis van Belhar van 1986*, word hierdie dokument deur vele verbind met die sogenaamde “bevrydingsteologie” (Danzfuss 2012:47) waarna vroeër reeds na verwys is. Die *Road to Damascus* se kerngedagte kan volgens Hurter, as volg opgesom word:

“Vir die *Road to Damascus* lê die heilsgeskiedenis daarin dat God ’n nuwe (sosialistiese) wêreldorde gaan skep waarin armes en onderdrukte die heersers sal wees. God is nie meer die God van rykes en heersers nie, want God is aan die kant van die armes, die onderdrukte en die wat vervolgd word” (Hurter 2012:29).

Met die lees hiervan kan duidelik verstaan word dat hierdie dokument deur sommige gekoppel word aan die elemente van bevrydingsteologie. Dit skep ook weereens die

vraag aangaande hedendaagse heersers en rykes. Gaan hulle dus almal veroordeel word? Selfs hulle wat nie hul status misbruik het nie? Meer hieroor later binne die dialoog.

Hurter gaan verder en meld dat die *Road to Damascus* 'n duidelike oproep tot nuwe strukture binne die gemeenskap daarstel. Hoe rym dit met die woorde van die Algemene Sinode van die NGKA van 1987 dat verandering en die onderhouding van hierdie verandering nie slegs gegrond kan wees in nuwe strukture nie. Die gesindheid waarmee daar gestreef word na verandering en verbetering en nuwe strukture, moet van so 'n aard wees dat dit die gemeenskap kan saamsnoer en nie op 'n nuwe manier begin verdeel en skeur nie. Volgens die gedeeltes wat Hurter aanhaal in sy artikel genaamd *Van Kairos na Damascus*, blyk dit duidelik dat die heersers en rykes van daardie tyd as die vyand beskou word en voortaan ook as vyande beskou sou word onder die sogenaamde “nuwe strukture” waarna Hurter verwys (Hurter 2012:29). Is dit die kerklike manier van eenheid, vryheid en geregtigheid?

Met die oorgang na die 1990's het die NGK weer sterk na vore getree. Tydens 'n Kerkeberaad in Rustenburg het die NGK vir 'n laaste maal om verskoning en vergifnis gevra vir sy rol tot apartheid. Volgens Hurter was die apartheidsboek hiermee toegemaak, ook wat die kerk betref (Hurter 2012:30). Gepaard hiermee het die NGK ook sy standpunt rondom apartheid skriftelik versterk deur in *Kerk en Samelewing* van 1990 te meld dat: "enige poging van 'n kerk om so 'n sisteem (dit wil sê apartheid soos dit in praktyk vorm aangeneem het) Bybels-eties te verdedig as 'n ernstige dwaling beskou moet word, dit wil sê in stryd met die Bybel is" (Langner 2012:112). Hierdie bewoording word beskou as 'n "sagter formulering" (Langner 2012:112) rondom Bybelse koppeling aan apartheid. Die rede vir hierdie "sagter formulering" (Langner 2012:112) was omdat die NGSK eerder by die voormalige klassieke betekenis van kettery wou volstaan nl.: "Dat diegene wat apartheid openlik en bedektelik op Bybelse gronde probeer regverdig, kettery pleeg en ook hulle saligheid deur dit in gedrang bring" (Langner 2012:112). Hierdie laasgenoemde bewoording was vir die NGK nie aanvaarbaar nie en het hulle nie kans gesien om dit so te aanvaar nie omdat dit

beteken dat die NGK in geheel verdoem is, daarom dus die “sagter formulering” (Langner 2012:112).

Rondom die onderwerp aangaande God se verhouding met die armes meld die *Kerk en Samelewing* (1986 en 1990) volgens Langner dat: “God by uitnemendheid die Een is wat vir die saak van die noodlydende en verontregte intree. Hiermee word ander mense as noodlydendes nie uitgesluit nie, want in ’n baie besondere sin tree God immers vir die saak van al Sy kinders in” (Langner 2012:112). Hierby voeg Hurter volgens sy interpretasie van die inhoud van *Kerk en Samelewing* by dat: “Gelowiges sensitief moet wees en moet intree vir die reg van die noodlydende, dus die arme, die verontregte en die weerlose” (Hurter 2012:30). Hieruit is dit duidelik dat die NGK meld dat dit nie vir die gelowige ’n keuse is om die reg van die onderdrukte medemens te ondersteun nie, maar ’n verpligte verantwoordelikheid. Hierdie verantwoordelikheid strek veel verder as grense van ras of geslag (Hurter 2012:30).

Wat betref die Belydenis van Belhar het die Algemene Sinode van 1990 gemeld dat die inhoud van die belydenis nie in stryd is met die Drie Formuliere van Eenheid nie (Strauss SA 2012:53). Tog het die NGK nie hierdie belydenis aanvaar as vierde belydenisskrif nie (Du Plooy 2012:67). Vir die NGSK was dit ’n belangrike aspek wat gepaard moes gaan met die hereniging met die NGK-familie. Volgens De Beer stel Van der Linde dit baie mooi wanneer hy meld dat hierdie vereiste vanaf die NGSK dat die Belydenis van Belhar deur die res van die NGK-familie aanvaar moes word, gedurig ’n struikelblok was in die weg van eenheid. Hy verwys na ’n “slakkepas” (De Beer 2009:50) en later ’n “impasse” (De Beer 2009:50) wat die belydenis se aanvaarding veroorsaak het. Dit kom veral sterk na vore wanneer daar na die verenigingsverhaal tussen die NGSK en NGKA gekyk word wat gestrek het vanaf 1990 tot 1994.

Aanvanklik was die bedoeling dat hierdie kerke reeds in 1990 sou verenig, maar omdat die NGKA nog nie die Belydenis van Belhar aanvaar het nie, is die proses vertraag. Die alternatief sou wees dat die NGSK die belydenis sou prysgee sodat die verenigingsproses kon voortgaan. Laasgenoemde opsie het nooit gerealiseer nie omdat die NGKA later die Belydenis van Belhar sou aanvaar en hierdie aanvaarding ’n suksesvolle vereniging tussen die twee kerke in 1994 sou oplewer (Adonis 2006:238).

5.3 Die Jare 1994 tot 2003

Met die aanbreek van die 1990's het daar 'n radikale verandering binne Suid-Afrika plaasgevind. Dit was die jare waartydens Nelson Mandela losgelaat is uit die tronk (Bolt 2012:83) en 'n nuwe demokrasie tot stand gekom het. Vele persone is van mening dat hierdie radikale verandering of verbetering van omstandighede, grootliks te danke is aan die Belydenis van Belhar wat slegs 'n paar dekades na sy ontstaan in sy doel begin slaag het (Strauss SA 2012:57).

Met die vrylating van Nelson Mandela na sy lang gevangenskap het hy uitgestyg tot 'n Suid-Afrikaanse leier en ook later president geword in 1994. Gepaard met hierdie uitstygting het hy 'n vasberadenheid getoon om rekonsiliasie binne die land te bewerkstellig en die sogenaamde “payback victor's justice” (Bolt 2012:83), soos dit voorkom binne Suid-Afrika se noordelike buurstaat nl.: Zimbabwe, te verhoed (Bolt 2012:83). Die effek wat Mandela op die land gehad het, asook sy vasberadenheid vir rekonsiliasie is ook deur die kerk verwelkom. Maar volgens Langner was daar egter een groot probleem. Alhoewel die Algemene Sinode van 1994 die lied “*Laat Heer U seën op Hom daal*” vir pres Nelson Mandela staande toegesing het en graag so gou moontlik wou voortgaan met eenheid binne die NGK-familie, was dit duidelik dat die Belydenis van Belhar hierdie begeerte geboikot het. Die boodskap van die NGK se Algemene Sinode aan die NGSK was duidelik: “As die NG Kerkfamilie van mekaar perfekte belydenis, restitusie en vergifnis vereis voordat ons mekaar se *bona fides* wil aanvaar en nader aan kerkeenheid wil kom, sal ons daardie kerkeenheid waarskynlik nooit sien nie” (Langner 2012:113).

Soos reeds voorheen gemeld is, was hierdie nie 'n omsluitende besluit van die NG Kerkfamilie in geheel nie. Daar was kerke binne die kerkfamilie wat anders oor die saak gevoel het. Hier word spesifiek verwys na die NGKA wat saam met die NGSK tydens 1994 die Belydenis van Belhar aanvaar het, met die gevolg dat hierdie twee kerke op 14 April 1994 ook saamgesmelt het tot die Verenigde Protestantse Kerk van Suid-Afrika of VGKSA (Adonis 2006:238). Daar moet egter van kennis geneem word dat nie al die NGKA-sinodes ten gunste was van die besluite wat deur die Algemene Sinode van die NGKA gemaak is nie. Die sinode van die Vrystaat en Phororo wou nie die Belydenis

van Belhar aanvaar nie, met die gevolg dat laasgenoemde se besluit later tot skeuring vir die twee sinodes in die hof sou lei (Hoffman 2006:5).

In 1995 is daar 'n brief deur die VGKSA se Algemene Moderatuur aan die beswaardes van die NGKA gestuur. Die doel van hierdie brief was om die leraars wat nie ten gunste van die reëlins en proses rondom die samesmelting tussen die NGKA en NGSK was nie, te probeer oorreed om deel te bly van die VGKSA. Nadat hierdie poging misluk het, is daar met 'n hofsaak begin. Tydens die hofsaak op 1 en 2 Augustus 1996, volgens Corrie, was daar vir 'n bevel gevra wat moes verklaar dat die NGKA en NGSK saamgevoeg is en "...dat die NGKA voortaan nie meer sou bestaan nie, asook alle regte, voorregte, eiendomme, bates en laste van die regspersone van die NGKA oorgedra is na die ooreenstemmende regspersone van die VGKSA" (Corrie 2012:101). Regter AP van Coller het, nadat hy die saak aangehoor het, die twee partye gevra om weer te probeer om 'n skikking te bereik. Hierdie skikking het egter gefaal en die regter het op 5 September 1996 sy uitspraak ten gunste van die VGKSA gelewer en gemeld dat die NGKA volgens hom geen bestaansreg het nie (Corrie 2012:102).

Die NGKA het egter nie opgegee in sy stryd nie en daar is besluit om om twee redes te appelleer (Corrie 2012:102):

- Eerstens was die Gereformeerde Kerkstelsel soos dit deur die VGKSA voorgestel is, nie korrek nie en,
- Tweedens wou die NGKA die Gereformeerde Kerke binne die land van sinodekrisis probeer red.

Die NGKA het bygevoeg dat as die uitspraak sou bly staan, dit sou beteken dat die Algemene Sinodes van kerke voortaan besluite sou kon neem sonder dat die gemeentes of sinodes enigsins genader of geraadpleeg word (Corrie 2012:102).

Die twee aspekte waarna die NGKA verwys het binne hul appèl, verwys terug na die gebeure van 1990-1991 waartydens die bal van kerkvereniging tussen die NGSK en die NGKA aan die rol gesit is. Tydens hierdie tydperk is hulle wat teen die kerkvereniging was, eenvoudig net doodgepraat op vergaderings, artikel 36.1 en 36.2 van die Kerkorde is na willekeur verander en die Belydenis van Belhar is deur die

Algemene Sinode aanvaar sonder dat al die sinodes geraadpleeg is (Corrie 2012:102). Al hierdie gebeure is afgedwing net sodat hulle wat ten gunste van die kerkvereniging was hul sin kon kry.

Tydens die appèlsaak op 6 tot 7 November 1998 was regter Vivier se uitspraak ten gunste van die NGKA en het hy ook gemeld dat al die besluite wat geneem is tydens 1990-1991, as *ultra vires* beskou word, menende ongeldig. Hierdie was, volgens Corrie, beskou as geen groot verrassing nie aangesien die VGKSA se advokaat geen antwoorde kon gee op die NGKA se vrae of besware nie. Met hierdie uitspraak sou alle regte, voorregte, bates en laste van die NGKA steeds syne bly en niks daarvan sou oorgaan na die VGKSA nie. Gepaard met hierdie oorwinning het die NGKA gemeld dat die rede vir die appèlsaak nie was om 'n bevel teen die ontbinding van die VGKSA te verkry nie. Die NGKA wou nie persone probeer keer wat wou oorgaan na die VGKSA toe nie, maar wou slegs die NGKA laat voortleef vir hulle wat nie ten gunste was vir die kerkvereniging, gepaard met die vereistes wat daargestel is nie (Corrie 2012:102).

In 1997 kom die belangrikheid van die Belydenis van Belhar vir die VGK weer sterk na vore toe daar gemeld is dat alhoewel ander lidkerke van die NGK-familie nie self, op hul eie, Belhar as belydenis hoef te aanvaar nie, sou dit dit egter vir die VGK as ononderhandelbaar beskou word as daar enigsins met die VGK verenig sou wou word (Smit DJ 1998:18). Volgens Smit het die VGK hierby ook gemeld dat: "Wie met die VGK wil verenig, sal op een of ander wyse met Belhar ook moet reken" (Smit 1998:18). Hierdie woorde gelees saam met 'n uittreksel van Prof. Jaap Durand se preek tydens die Nagmaalsviering van die 1997-sinode wat volgens Smit meld: "As ons sou roem op die feit dat ons 'n belydenisskrif het, maar die liefde nie hê nie en die inhoud van die Belydenis nie uitleef nie, sou ons niks wees nie" (Smit 1998:24), klink dit effens ironies. Die VGK wat juis so sterk klem wil lê op eenheid binne die belydenis, is presies dieselfde instansie wat sekere vereistes daar wil stel voordat eenheid kan geskied. Kan die voorvereiste dat die Belydenis van Belhar eers aanvaar word, voordat daar gepraat kan word oor kerkvereniging, beskou word as 'n vorm van liefde en Christelike eenheid? As twee partye in "liefde" wil verenig, beteken dit dat "al twee partye" soms sekere opofferings sal moet maak, want dit is wat dit beteken om in liefde te verenig. Waarom

is die een kerk-party binne hierdie konteks nie bereid om ook effens op te offer ten opsigte van liefde nie? Meer hieroor in die dialoog.

Twee jaar nadat die hof sy uitspraak gelewer rondom die NGKA se appèlsaak, het die NGKA steeds kritiek ontvang oor die regstappe wat hy geneem het teen die VGKSA. 'n Voorbeeld hiervan is in die jaar 2000 tydens 'n ontmoeting in Indonesië tussen prof. Leo Koffeman, 'n professor in kerkreg in die Gereformeerde Kerken in Nederland en die Moderatuur van die NGKA. Volgens Corrie het Koffeman tydens hierdie geleentheid dit baie duidelik gemaak dat hy die NGKA ernstig verkwalik omdat laasgenoemde volgens hom nie die groter prentjie van kerkeenheid kon insien nie, maar eerder bly hamer het op die prosedurefoute wat gemaak is. Ek stem saam met Corrie wanneer hy meld dat Koffeman hierdie uitspraak heel moontlik gemaak het sonder dat hy werklik volkome besef het dat “die hele wese van die gereformeerde, die willekeurige hantering van belydenis, die regte van lidmate, gemeentes en sinodes voortaan in gedrang sou wees” (Corrie 2012:102), as die NGKA nie sy stem dikgemaak het aangaande Belhar se invoeging en die foutiewe prosedurefoute rondom hierdie aspek nie. Soos die hof gemeld het, was die NGKA se appèl goed gegrond binne onweerlegbare regsgronde en kon niemand die NGKA verkwalik rondom sy appèlsaak nie.

Ter afsluiting van hierdie gedeelte en as oorgang tot die volgende tydperk moet verwys word na die woorde van De Beer en Van Niekerk in hul artikel getiteld: *Die missionêre waarde van Belhar en die NG Kerk-familie se hereningsgesprek*. Hierin word volgens De Beer gemeld dat daar reeds vanaf 1998 tekens na vore begin tree het van sogenaamde “polarisasie” (De Beer 2009:50) rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar. Aan die een kant is daar hulle wat die belydenis as hul eie wil aanvaar, terwyl aan die ander kant daar weer 'n groot groep lidmate binne die NGK-familie is wat nie ten gunste van die aanvaarding is nie (De Beer 2009:50). Die vraag wat dus nou na vore begin tree het, was: Hoe sou die NGK-familie, met veral die klem op die NGK, vorentoe te werk gaan rondom die aanvaarding/afkeuring van die Belydenis van Belhar weens die sogenaamde “polarisasie” (De Beer 2009:50) wat na vore begin tree het?

5.4 Die Jare 2004 tot 2012

Weens die totstandkoming van die sogenaamde “polarisasie” (De Beer 2009:50) rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar, meld Adonis dat die Algemene Sinode van die NGK reeds in 2002 verklaar dat daar voorsiening gemaak sou moes word vir die aanvaarding van hierdie belydenisskrif binne die nuwe kerk (Adonis 2006:238). Hierdie besluit volg op die aanvanklike besluit van 1998 waartydens die Algemene Sinode vermeld het dat hy die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar aanvaar, maar dit egter nie as vierde belydenisskrif sou aanbeveel nie (Verster 2007:67). Twee jaar later het die Belydenis van Belhar egter baie meer ondersteuning binne die NGK begin verkry en daarom moes die Algemene Sinode sy siening effens wysig. Die gevolg hiervan was dat daar tydens die Algemene Sinode van 2004 geluister is na die voorstel dat die Belydenis van Belhar opgeneem moes word binne die belydenisgrondslag, maar dat “alle predikante, gemeentes, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit nie vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te onderskryf nie” (Strauss PJ 2007:782). In aansluiting hierby haal Adonis die woorde aan van ’n inligtingsbrosjyre wat in Oktober 2004 deur die Algemene Sinode van die NGK uitgegee is waarin geskryf is dat:

“The DRC re-affirms its serious and clear commitment to the restoration of one church denomination with the other three churches in the DRC family, namely the URC, RCA and the DRCA. The DRC decides that:

- The Confession of Belhar be included in a restored church denomination.
- The Decision be left to members, church councils and ministers to decide whether they want to accept the confession of Belhar.

We are convinced that the differences on the confession of Belhar have to do with historical, emotional and symbolic factors. The synod proposes that the following will occur:

- A process of consultation with regional synods and church councils be started to talk about the unification process.
- The process of consultation must be finalized by January 2006.

- The result of the process of consultation be processed by a task team and used in the discussion with the DR. Church family” (Adonis 2006:239).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die sogenaamde polarisasie waarna De Beer verwys het in gedagte gehou is en dat dit ’n kardinale rol gespeel het in die besluit van die 2004 Algemene Sinode. Burger verwoord hierdie besluit baie mooi deur te meld dat daar gekies is vir ’n sogenaamde “ruim huis” (Burger 2004:1) deurdat die vryheid rondom die aanvaarding of afkeuring van die Belydenis van Belhar voortaan op die skouers van individuele gemeentes, kerkrade, lidmate en predikante sou rus.

Volgens Verster en Strauss het daar ’n temporele deurbraak gekom in 2006 by Esselenpark (De Beer 2009:50) deur die VGK se toewyding dat die aanvaarding van die Belydenis van Belhar nie langer sou dien as voorwaarde vir eenheid nie (Verster 2007:68). Op hierdie stadium het die RCA en NGKA, asook die NGK, nog nie die belydenis as belydenisskrif aanvaar nie (Verster 2007:68). Volgens Strauss het hierdie temporele deurbraak egter ’n jaar later doodgeloop toe die VGK teruggekeer het na sy oorspronklike besluit dat Belhar sou dien as ’n VGKSA-voorwaarde vir eenheid (Strauss PJ 2012:73).

Teen 2007 was dit steeds duidelik vanuit die NGK dat die Belydenis van Belhar geensins gou aanvaar sou word as Belydenisskrif nie (Strauss 2012:74). Tog was laasgenoemde steeds vir kerkeenheid en die NGK was nie al een nie. Ook in 2007 het die NGKA se Algemene Sinode besluit dat daar voortgegaan moes word met die gesprek. Volgens Corrie was die NGKA se doel nie daarin gesetel om die belydenis te aanvaar nie, maar: “dat ons binne die NG Kerkfamilie eers helderheid moet kry oor die geloof wat ons bely om vandaar, as ons mekaar verseker het van ons gemeenskaplike geloof in die Here, te praat oor hoe ons die Belydenisskrifte as uitdrukking van daardie geloof moet hanteer” (Corrie 2012:102).

Interessant is die reaksie wat van beide die VGKSA en NGK rondom hierdie voorstel gekom het. Volgens Corrie het beide kerke die voorstel afgeskiet met die gevolg dat die twee kerke moontlik voortaan sonder die res van die NG Kerkfamilie in gesprek sou tree. Corrie is waarskynlik reg wanneer hy meld dat so ’n besluit en verdere

afsonderlike gesprekke tot moontlike komplikasies kan lei vir die eenheidsproses tussen al vier Kerke (Corrie 2012:102).

Na verdere gesprekke tussen die NGK en die VGKSA, het dit begin lyk asof die gesprekke rondom hereniging tot 'n halt gekom het, veral vanaf die VGKSA se kant af. Daar was veral twee vrae wat volgens De Beer begin ontstaan het na sitting van die Algemene Sinode van die VGKSA wat op 29 September tot 5 Oktober 2008 in Hammanskraal gehou is (De Beer 2009:51):

- “Is dit werklik Belhar wat lidmate van die NG Kerkfamilie polariseer?” en;
- “Is dit werklik Belhar wat 'n struikelblok in die weg van eenheid is?” (De Beer 2009:51).

Hierdie vorm baie belangrike vrae wat ook later tydens die dialoog verdere aandag sal kry. Kommerwekkend is die feit dat dit dalk hier nie net rondom Belhar en sy inhoud handel nie, maar dalk ook die gepaardgaande gesindheid vanaf die VGKSA. Daar is twee redes vir hierdie uitlating. Eerstens is daar, volgens Du Plooy, tydens 2008 deur die VGKSA gemeld dat as die NGK die Belydenis van Belhar sou aanvaar, sou dit as teken dien dat die NGK finaal afskeid geneem het van Apartheid (Du Plooy 2012:67). Dit is tog aan die VGKSA bekend dat die NGK reeds vele jare vantevore herhaaldelik om verskoning gevra het vir sy rol tydens die apartheidsera. Waarom nou, vele jare later, moet die NGK weereens homself rondom hierdie aspek bewys?

Tweedens, meld Danzfuss, dat Allen Boesak ook in 2008 gemeld het dat die Belydenis van Belhar die doel moet dien om diskriminasie teen persone wat homoseksualiteit beoefen te beëindig. Volgens Danzfuss het Boesak gemeld dat: “Based on Belhar, the church should fully accept gay members, should perform gay marriage ceremonies and allow ministers in gay relationships to serve in the church” (Danzfuss 2012:51). Vanuit hierdie woorde kan heeltemal met Danzfuss saamgestem word dat dit dus nie net om Belhar en sy inhoud handel nie, maar wyer strek en Boesak “die hele humanistiese en Marxistiese teologie in die NGK wil indra” (Danzfuss 2012:51). Daar word dus van die NGK verwag om nie net die belydenis te aanvaar nie, maar ook dat die NGK ander ernstige kernwaarhede moet prysgee en dit alles net vir kerkeenheid. Raak dit nie dalk

bietjie te veel gevra van die NGK nie? As hierdie twee redes bydra tot die toenemende polarisasie wat volgens De Beer en Danzfuss besig was om te ontstaan, is dit heel begryplik. Die vraag is: Is hulle wat vanuit die NGK gedurig vir die aanvaarding van die Belydenis van Belhar pleit, ten volle bewus van die komplikasies wat gepaard met hierdie belydenis die NGK sou binnedring as laasgenoemde belydenis as belydenisskrif binne die NGK aanvaar sou word?

Dit bring ons by die jaar 2011 waartydens die nuutste uitsprake deur die Algemene Sinode van die NGK gemaak is rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar. Dit lui soos volg.

Nadat die Dagbestuur van die Algemene Sinode Moderamen en die Dagbestuur van die Algemene Taakspan Regte daarvoor geraadpleeg is, het die Algemene Sinode van 2011 die volgende besluit geneem aangaande die aanvaarding van die Belydenis van Belhar binne die Belydenisgrondslag van die NG Kerk: “Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerklike wyse deel van die NG Kerk se Belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor inwerking te stel” (Ernst 2011:1-4). Saam met hierdie aanvaarding het die Algemene Sinode ook die volgende as deel van ‘n beleidstandpunt aanvaar:

- a) Die Algemene Sinode is deeglik daarvan bewus dat ‘n groot persentasie van lidmate en gemeentes binne die NG Kerk weens ‘n variasie van faktore nie die Belydenis van Belhar wil aanvaar as vierde belydenisskrif nie. Daarom is dit belangrik dat daar gepraat sal word rakende hierdie faktore sodat daar nie stilgestaan word in die verlede nie, maar eerder vorentoe gekyk sal word na die roeping van die kerk binne die hede asook die toekoms. Die Algemene Sinode van 2004 het hom ook tot hierdie besluit verbind (vgl. AS besluit 2004). Daar word verder ook geglo dat hierdie verskille oorbrug kan word deurdat ‘n volledige studie aangaande die inhoud van Belhar self gemaak word (Ernst 2011:1-4).
- b) Daar is ooreengekom met die taakspan van die WGGK dat ‘n gesamentlike taakspan saam met die VGKSA verdere gesprekke gaan voer om sodoende deeglik

te besin oor hoe beide kerke voortaan gesprekke gaan voer aangaande hierdie belydenis (Ernst 2011:1-4).

- c) Daar heers steeds die oortuiging dat die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar baie wyd aanvaar word. Hierdie standpunt word gegrond binne die NG Kerk se verbintenis aan die Bybelse getuienis aangaande God Drie-enig, aangaande die eenheid van die kerk asook geregtigheid en versoening (vgl. AS besluit 1998).
- d) Omdat die Belydenis van Belhar 'n belydenisskrif binne een van die Familiekerke is, word daar voorgestel dat die belydenis as een van die belydenisskrifte binne die herstelde kerkverband aanvaar word. Daar word egter nie van alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate verwag om die belydenis te moet aanvaar nie.
- e) Met inagneming van laasgenoemde punt word die volgende formulering van die belydenisgrondslag tot kerkhereniging aanvaar as fondasie vir die onderhandeling met die familie van NG Kerke (Ernst 2011:1-4):

“1. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, geskied in gemeenskap met die belydenis van ons voorgeslagte soos dit verwoord is in:

1.1 die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius waardeur die Kerk haar verbondenheid met die algemene christelike Kerk uitdruk en

1.2 die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls waardeur die Kerk haar verbondenheid met die gereformeerde tradisie uitdruk.

2. In verbondenheid met ons eie konteks erken ons die Belydenis van Belhar.

3. Die Kerk erken die betekenis van die Laudiumdeklarasië vir ons missionêre karakter.

f. Die kerk aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte" (Ernst 2011:1-4).

Met die lees van hierdie uitspraak word daar gemerk dat daar net soos tydens die 2004 Algemene Sinode besluit is op sogenaamde "ruim huis"- benadering (Verster 2007:67) tot die aanvaarding van die Belydenis van Belhar. Dit beteken dat die keuse by die individu gelaat word om self vir of teen die aanvaarding van die belydenis te besluit. Sou hierdie die einde van die stryd wees? Hoegenaamd nie!

Vele artikels en boeke het sedert die 2011 Algemene Sinode se uitspraak in die media en op die rakke verskyn. Die sogenaamde polarisasie het geensins afgeneem nie. Daar is tot en met die hede steeds 'n hewige gesprekvoering aan die gang tussen die twee pole waarvan vele van hierdie gesprekke tot warmwording onder die kraag lei. Een party probeer steeds die ander party oortuig dat sy standpunte as geldiger beskou moet word. Die gevolg van hierdie vorm van gesprekvoering is dat daar tans geensins vorentoe beweeg word tot kerkeenheid nie. Geen party is bereid om iets rondom sy siening en standpunt prys te gee sodat 'n gesamentlike ooreenkoms gesluit kan word nie.

5.5 Slot

Dit bring 'n einde aan die historiese agtergrond wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Belydenis van Belhar en die uitspraak van die 2011 Algemene Sinode rondom die "ruim huis"-benadering tot die aanvaarding van hierdie belydenisskrif binne die NG Kerkfamilie. Alhoewel dit slegs 'n beperkte oorsig is, bied dit genoegsame inligting vir wanneer daar vervolgens oorbeweeg word na die kritiese dialoog.

Daar sal vervolgens so ver moontlik gestreef word om 'n objektiewe kritiese dialoog tussen die twee pole, menende hulle wat vir en teen die aanvaarding van die Belydenis van Belhar standpunt inneem, te formuleer. Die idee van die kritiese dialoog is om elke party se standpunte krities te evalueer en sodoende sekere kernbeginsels daar te stel wat tydens toekomstige gesprekke dalk in ag geneem kan word.

AFDELING 2

DIE KRITIESE DIALOOG

Hoofstuk 6

'n Kritiese Dialoog:

Die Skriftuurlike Vereistes

6.1 Inleiding

Ons bely dat Christus die hoof van die kerk is. Dit impliseer dat alles wat binne die kerk gebeur, groot of klein, afkomstig is vanaf Christus en volgens Sy wil geskied. Gepaard hiermee beteken dit ook dat elke besluit of gebeurtenis binne die bestuur van die kerk op een of ander wyse Skriftuurlik, menende vanuit die Bybel, verantwoord moet kan word. Die Bybel dien as Christus se handleiding aan Sy kerk sodat dit vanuit 'n Christosentriese perspektief bestuur sal word, gehoorsaam sal leef en sodanig sal onderrig.

Strauss versterk hierdie gedagte mooi wanneer hy meld dat: “die reformatoriese verstaan van die stelreël *sola scriptura* beteken dat die hele kerklike en nie-kerklike lewe onder die gesag en rigtinggewende boodskap van die Skrif val” (Strauss P 2005:561). Hy gaan verder en meld dat die term “Christusregering” (Strauss P 2005:561) daarna verwys dat Christus oor die hele kosmos, daarom ook binne die georganiseerde kerk deur middel van Sy Woord en Gees regeer (Strauss P 2005:561).

Gepaard met die stelreël *sola scriptura*, word 'n belydenis ook beskryf met die Griekse term as 'n sogenaamde *homologein*. In Afrikaans vertaal, beteken dit dat dit dieselfde meld. Dit beteken dus dat 'n belydenis presies dieselfde kernelemente moet bevat soos dit binne die handleiding van Christus, menende die Skrif, na vore tree. Binne die Gereformeerde tradisie word daar na 'n belydenis verwys as 'n *repetitio sacrae scripturae*, wat impliseer dat dit as naspreke van die Heilige Gees gesien word. Volgens Dunzfuss voeg Feenstra hierby dat: “Hetzelfde met eigen woorden zeggen, dat is belijden” (Danzfuss 2012:35). Dit beteken dus dat 'n belydenis 'n opsomming van die

Skrif in ons eie woorde is. Slegs wanneer 'n belydenis aan hierdie vereiste voldoen, kan dit die mikpunt van 'n *quia*-standpunt behaal, menende dat die inhoud volkome ooreenstem met die Heilige Woord (Cornelissen 2012:44).

Vir 'n belydenis om as 'n Gereformeerde Belydenis te kwalifiseer moet dit soos reeds gemeld, volkome in die Bybel gegrond wees. Dit kan slegs gebeur as die Skrif in diepte bestudeer word en 'n proses van deeglike eksegetiese toegepas word. Die beginsels vir die formulering van 'n belydenis stem na my mening volkome ooreen met die vereistes en formuleringproses van 'n preek. Johan Cilliers meld in sy boek *Die Lewende Stem van die Evangelie dat*: “Wie dronk van die troos is, kan nie anders as om daarvoor te preek nie. Maar dan moet jy eers diep teue van die nuwe wyn van die teks drink. Moet jy let op elke beweging, elke intonasie, elke punktuasie van die teks. Moet jy die ‘Woord teen die Lig’ hou, soos die titel van die bekende preekreeks lui, totdat die Gees die wesenlike daarvan aan jou deursigtig maak” (Cilliers 2004:103). Hierdie aspek vorm volgens Cilliers 'n kardinale beginsel vir die formulering van 'n Skrifgetroue preek. Cilliers gaan verder en sê dat: “Wie nie met die teks werk nie, het niks om in die prediking te sê nie” (Cilliers 2004:103)

Alhoewel Cilliers se bewoording hier van toepassing is op die formulering van 'n Skrifgetroue preek, vorm dit net so 'n belangrike faset as dit kom by die formulering van 'n belydenis. Dit is nie maar net, soos Danzfuss daarna verwys: “...’n paar mooi gedagtes wat met 'n sousie van 'n paar teksverwysings toegesmeer kan word nie” (Danzfuss 2012:44-45). 'n Gereformeerde belydenis dra juis gesag omdat dit Skriftuurlik gegrond is. Jonas Mabaso van die NG Kerk in Afrika voeg by dat: “In formulating a confession the church must engage in proper exegesis of the Word and not practice exegesis, meaning to read one’s ideas and thoughts into the text (Danzfuss 2012:45).

Laastens moet gemeld word dat aangesien 'n belydenis as 'n amptelike dokument van die kerk beskou word, dit van kardinale belang is dat die struktuurering en bewoording van so 'n belydenis so korrek as moontlik moet wees (Janse van Rensburg 2012:61). Die inhoud van die Skrif is sonder misverstand met die gevolg dat 'n belydenis ook dieselfde moet weerspieël. Danzfuss sluit mooi hierby aan deur te sê dat: “’n Mens moet werklik kan sê dit is presies wat die Skrif ook sê” (Danzfuss 2012:45).

Danzfuss gaan verder deur te meld dat as 'n belydenis aan hierdie vereiste voldoen, "...kan so 'n belydenis op die *quia*-standpunt aanvaar word en nie soos sommige maak, slegs so ver (*quatenus*-standpunt) dit met die Skrif ooreenstem nie" (Danzfuss 2012:45).

6.2 Belhar geweeg aan die Skriftuurlike vereistes

Voldoen die Belydenis van Belhar aan die bogenoemde Skriftuurlike vereistes? Dit is die vraag waarom daar in hierdie gedeelte gedebatteer gaan word. Albei partye, menende dié wat vir en dié wat teen die aanvaarding van Belhar gekant is, se standpunte sal krities teen mekaar opgeweeg word waarna 'n evaluering toegepas sal word. Soos reeds genoem, binne die navorsingsraamwerk is die idee hier, nie om te bepaal watter party reg of verkeerd is nie, maar om sekere elemente uit te lig wat moontlik tydens toekomstige gesprekke ingebring sou kon word om sodoende die Belydenis van Belhar se aanvaarding of afkeuring te bepaal.

6.2.1 Belhar en die eksegetiese proses

As inleiding tot hierdie dialoog kan begin word deur te verwys na Janse van Rensburg se artikel getiteld: *Belhar nie as belydenisskrif nie*, waarin hy meld dat ander persone herhaaldelik die argument gebruik dat Belhar as vierde belydenisskrif aanvaar moet word omdat sy inhoud ooreenstem met die Bybel. Hy voeg egter by dat daar vele ander geskrifte, preke en bedes oor die jare ontstaan het, waarvan elkeen in elke opsig met die Heilige Skrif ooreenstem, maar tog nooit tot 'n belydenisskrif verhewe is nie (Janse van Rensburg 2012:60).

Strauss versterk hierdie gedagte deur te sê dat nie alle geloofsdokumente wat Skriftuurlik is, as 'n belydenis kan dien nie (Strauss P 2012:73). Die feit dat die Bybel bloot binne die geskrif sigbaar is, kan dus nie as enigste maatstaf beskou word vir die aanvaarding of afkeuring daarvan nie. Daar moet dieper gedelf word binne hierdie aspek om juis te bepaal "hoe" die Skrif binne die geloofsdokument begrond word en of

dit werklik die geslaagde vlak van aanvaarding behaal om as 'n belydenis geklassifiseer te word.

Met die klem op die eksegeese, meld Danzfuss in sy artikel getiteld: *Belhar is tien maal anders*, dat Belhar nie aan die Skriftuurlike vereistes voldoen nie. Sy rede vir hierdie standpunt is omdat die outeurs van Belhar, volgens hom, self erken het dat daar 'n gebrek aan eksegeese binne die geloofsdokument voorkom (Danzfuss 2012:45). Hierdie standpunt van Danzfuss is geensins iets wat hy bloot uit sy duim gesuig het nie. In sy artikel getiteld: *Die Belydenis van Belhar: Ontstaan, Inhoud, Resepsie, Relevansie*, meld Smit die volgende woorde wat Danzfuss se standpunt stewig anker:

“Die Sinode het dit nie nodig geag om 'n eksegetiese argument te voer ten einde enige van die artikels uit die Skrif te probeer 'bewys' nie. Eerder het die Sinode verkies om talle Skrifgedeeltes bloot deur terloopse vermelding in herinnering te roep, in die vertroue dat uit hulle gesamentlike getuienis dit vir enigeen wat die Skrifte ken duidelik sou wees dat die geloofsartikels inderdaad basiese evangeliese oortuigings verwoord” (Smit 1998:13). Smit gaan verder en sê dat die Skrifverwysings “eerder funksioneer as assosiasies en nie as bewysplase nie” (Smit 1998:13).

Smit se standpunt wil herinner aan die vraag: Wat kom eerste – die hoender of die eier?” Wat was die eerste stap tydens die eksegetiese proses? Is die geloofsdokument eerste geskryf met 'n latere koppeling van die Skrif daaraan of is die Skrif eerste bestudeer waarna met die geloofsdokument se opstelling voortgegaan is? Dit is belangrik dat hier net genoem word dat daar nie 'n vaste patroon is waarvolgens 'n belydenis geformuleer hoef te word nie. Wat egter ingedagte gehou moet word, is dat wanneer daar eerste 'n belydenis geformuleer word en daarna na moontlike Skrifverwysings gesoek word, bestaan die gevaar dat die Skrif in geheel nie duidelik verwoord word nie. Daarom, as eersgenoemde opsie gevolg is, soos deur die outeurs vermeld word, beteken dit nie dat hul benadering verkeerd was nie, maar wel dat die outeurs baie seker moes maak dat die Skrifverwysings wat gekoppel word aan die belydenis, volkome gepas is vir dit wat die inhoud van die geloofsdokument wil deurgee. Daar mag geen gapings of persoonlike gedagte of enige vorm van teksverdraaiing plaasvind nie. Dit moet eenhonderd persent ooreenstem met die bedoeling en konteks

van die Bybel. Is dit die geval by Belhar? Is daar behoorlike eksegetiese toegepas? Word die hele Skrif, menende beide die Ou – en Nuwe Testament, korrek met die belydenis verbind?

6.2.2 Tekstverwysings binne Belhar

Die Belydenis van Belhar bestaan uit vyf artikels waarvan die middelste drie, individueel drie basiese waarhede nl. kerkeenheid, versoening en geregtigheid onderstreep, asook enige lewenstyl wat dit teëgaan, verwerp (Van Niekerk 1996:449). Gepaard met hierdie drie waarhede, word gepaste teksgedeeltes daaraan gekoppel soos gevind binne die Skrif. As daar na die oorspronklike teks van die Belydenis van Belhar gekyk word (Sien Bylaag 1), meld Van Niekerk dat dit lyk asof Skrifgedeeltes bloot aanmekaar geryg is (Van Niekerk 1996:449). Volgens Van Niekerk stem hierdie uiteensetting en formulering van Belhar ooreen met die woorde van Bucer se opmerking dat “...indien ’n belydenis gevorm word, moet dit kort wees en uit die Skrif saamgestel word” (Van Niekerk 1996:449). Voordat daar enigsins verder voortgegaan word met die dialoog, moet die verskeie Skrifverwysings wat binne die Belydenis van Belhar voorkom eers uitgebeeld word sodat die gesprek daaruit kan ontwikkel.

Hieronder volg die Skrifgedeeltes soos dit voorkom binne die verskeie artikels van die oorspronklike teks van die Belydenis van Belhar (Sien Bylaag 1), asook die betrokke temas waaronder hierdie teksgedeeltes binne die 83-vertaling van die Skrif voorkom:

Artikel 2 – Kerkeenheid:

- Efesiërs 2:11-22 - *“Een nuwe mensheid”*
- Efesiërs 4:1-16 - *“Die eenheid van die kerk”*
- Johannes 17:20-23 - *“Jesus bid vir Sy dissipels”*
- Filippense 2:1-5 - *“Vermaning tot standvastigheid, eensgesindheid en nederigheid”*
- 1 Korintiërs 12:4-31 - *“Die verskeidenheid van geestelike gawes” (vv4-11);*

- Johannes 13:1-17 - *“Een liggaam met baie lede” (vv 12-31)*
- *“Jesus was die voete van sy dissipels”*
- 1 Korintiërs 1:10-13 - *“Verdeeldheid in die gemeente”*
- Efesiërs 4:1-6 - *“Die eenheid van die kerk”*
- Efesiërs 3:14-20 - *“Die gebed van Paulus vir die Efesiërs”*
- 1 Korintiërs 10:16-17 - *“Waarskuwing teen afgodery”*
- 1 Korintiërs 11:17-34 - *“Onreëlmatigheid by die nagmaal” (vv17-26);*
“Ongepaste deelname aan die nagmaal” (vv27-34)
- Galasiërs 6:2 - *“Dra mekaar se laste”*
- 2 Korintiërs 1:3-4 - *“Danksegging na ’n moeilike tyd”*
- Romeine 12:3-8 - *“Die nuwe lewe in Christus”*
- 1 Korintiërs 12:1-11 - *“Die verskeidenheid van geestelike gawes”*
- Efesiërs 4:7-13 - *“Die eenheid van die kerk”*
- Galasiërs 3:27-30 - *“Slawe en seuns”*
- Jakobus 2:1-13 - *“Moenie volgens die uiterlike oordeel nie”*

Artikel 3 – Versoening:

- 2 Korintiërs 5:17-21 - *“Die bediening van die versoening”*
- Matteus 5:13-16 - *“Die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld”*
- Matteus 5:9 - *“Die werklik gelukkiges”*
- 2 Petrus 3:13 - *“Die wederkoms van die Here en die oordeelsdag”*
- Openbaring 21-22 - *“Die nuwe hemel en die nuwe aarde” (Open 21:1-8);*
“Die nuwe Jerusalem” (Open 21:9-22:5); “Die
wederkoms van Jesus” (Open 22:6-21)
- Efesiërs 4:17-6:23 - *“Die ou en die nuwe lewe” (Ef. 4:17-24); “Riglyne vir*
die nuwe lewe” (Ef. 4:25-5:5); “Lewe as mense van
die lig” (Ef. 5:6-20); “Man en vrou” (Ef. 5:21-33);
“Ouers en kinders” (Ef. 6:1-4); “Eienaar en slawe”
(Ef. 6:5-9); “Die Christen wapenrusting” (Ef. 6:10-

- Romeine 6 - *“Dood vir die sonde, maar lewend vir God” (vv1-14); “In diens van wat God wil” (vv15-23)*
- Kolossense 1:9-14 - *“Ons bid vir julle”*
- Kolossense 2:13-19 - *“Lewe in verbondenheid met Christus Jesus” (Kol 2:13-15); “Moenie dat iemand julle mislei nie” (Kol 2:16-19)*
- Kolossense 3:1-4:6 - *“Julle is saam met Christus uit die dood opgewek” (Kol 3:1-4); “Die ou en die nuwe mens” (Kol 3:5-17); “Wedersydse verhoudings” (Kol 3:18-4:1); “Bid en tree met wysheid op” (Kol 4:2-6)*

Artikel 4 – Geregtigheid:

- Deuteronomium 32:4 - *“Dink aan die dae lank verby”*
- Lukas 2:14 - *“Die Skaapwagters en die engele”*
- Johannes 14:27 - *“Die Heilige Gees sal by julle wees”*
- Efesiërs 2:14 - *“Een nuwe mensheid”*
- Jesaja 1:16-17 - *“Leer om weer goed te doen”*
- Jakobus 1:27 - *“Hoor en doen”*
- Jakobus 5:16 - *“Die gelowige gebed”*
- Lukas 1:46-55 - *“Die loflied van Maria”*
- Lukas 6:20-26 - *“Seën en ellende”*
- Lukas 7:22 - *“Jesus en die vraag van Johannes die Doper”*
- Lukas 16:19-31 - *“Die ryk man en Lasarus”*
- Psalm 146 - *“Prys die Here”*
- Lukas 4:16-19 - *“Jesus word uit Nasaret verdryf”*
- Romeine 6:13-18 - *“Dood vir die sonde, maar lewend vir God (Rom 6:13-14); “In diens van wat God wil” (Rom 6:15-18)*
- Amos 5 - *“Israel het geval”*

Artikel 5 – Slot:

- Efesiërs 4:15-16 - “Die eenheid van die kerk”
- Handeling 5:29-33 - “Die vervolging van die apostels”
- 1 Petrus 2:18-25 - “Losgekoop met die kosbare bloed van Christus” (1Pet 2:18-21); “Weergebore deur die lewende en ewige woord van God” (1Pet 2:22-25)
- 1 Petrus 3:15-18 - “Dit is ’n voorreg om te ly vir wat goed is”

Na bestudering van bogenoemde tekste, moet die outeurs krediet gegee word vir hul poging om gepaste tekste te vind wat aan die belydenis gekoppel word. Die oorgrote meerderheid van tekste slaag daarin om die drie elemente nl.: eenheid, versoening en geregtigheid te versterk soos dit uitgedruk word binne die drie artikels. Met hierdie aantal Skrifverwysings vind mens dus ook ’n duidelike antwoord aangaande die vraag of daar volkome eksegetiese toegepas is tydens die opstel en formulering van die Belydenis van Belhar. Die antwoord is ’n duidelike ja. Hartney meld hierby, in sy artikel getiteld *Eksegeties-teologiese ondersteuning van die Belydenis van Belhar (2011)* dat die Skrifverwysing, wat hierbo uiteengesit is, slegs maar ’n gedeelte uitmaak van moontlike tekste wat tot die belydenis gekoppel sou kon word. Hy versterk hierdie gedagte deur nog verdere voorbeelde uit te lig wat gepas sou wees (Hartney 2011:94-104).

’n Vraag wat egter by my opkom is of daar nie dalk van te veel Skrifverwysings gebruik gemaak word binne hierdie belydenis nie. Nege-en-veertig verwysings kom binne vier van die vyf artikels na vore. Snyman stel dit mooi deur te meld dat Skrifverwysings in baie gevalle “eerder korpuse van tekste is eerder as enkele teksverse” (Snyman 2006:655). Alhoewel daar geen probleme rondom die Skriftuurlike vereistes in Belhar is nie, wek dit egter tog die gevoel dat daar dalk te hard probeer is om ’n oormaat van gepaste tekste te maak pas by die inhoud van die belydenis. Na my mening sou minder en korter tekste dieselfde Skrif inhoud kon vermeld, indien nie dalk nog beter nie.

Wat is egter opvallend wanneer daar verder na hierdie lys van tekste gekyk word? Dit is die vraag wat Snyman vra in sy artikel, getiteld: *Die Ou Testament en die Belydenis van*

Belhar (Snyman 2006:652). Van die nege-en-veertig Skrifverwysings wat aan die belydenis gekoppel word, is een-en-negentig persent daarvan afkomstig vanuit die Nuwe Testament. Drie-en-veertig aanhalings kom vanuit die Nuwe Testament met slegs vier aanhalings vanuit die Ou Testament. Waarom slegs vier Ou-Testamentiese Skrifverwysings? Snyman gaan verder en vra ook die vraag waarom al vier van die Ou-Testamentiese aanhalings slegs binne artikel vier na vore tree? Word daar niks aangaande eenheid en versoening verwoord in die Ou Testament wat van toepassing sou wees in die Belydenis van Belhar nie? (Snyman 2006:653).

Snyman versterk hierdie vraag deur te meld dat “gelowiges hulle eenheid onder andere vind in hulle gemeenskaplike verbintenis aan die een God en Vader” (Snyman 2006:653). Presies dieselfde kan volgens Snyman gemeld word van Ou-Testamentiese gelowiges. Net soos in die konteks van die Nuwe Testament, was die gelowiges binne die Ou Testament van oortuiging dat daar slegs een God is aan wie hulle verbind moes wees. Deuteronomium 6:4 dien as pragtige voorbeeld van Snyman se siening waar geskryf staan: “Luister Israel, die Here is ons God. Hy is die enigste Here” (Snyman 2006:653). Volgens Snyman kan hierdie as niks minder as ’n geloofsbelydenis beskou word wat deur Israel uitgespreek word nie (Snyman 2006:653). Hierdie vorm maar een van vele voorbeelde waarna Snyman verwys wat gepas sou wees onder die term “eenheid”. Waarom word daar geensins van die Ou testament melding gemaak binne artikel twee van Belhar nie?

Artikel drie van die Belydenis van Belhar het versoening as tema. Hierop reageer Snyman weer eens deur te meld dat daar geen eksplisiete verwysings na die Ou Testament is nie en tog het dit ’n kardinale rol gespeel in die kultus van Israel. As voorbeeld verwys Snyman na Levitikus 16 wat volgens hom juis oor versoening handel. Dit is in hierdie hoofstuk waarin die reëlins gegee word vir die “Groot Versoendag” (Snyman 2006:656). Dit is beskou as ’n baie belangrike geleentheid wat slegs een maal per jaar plaasgevind het. Gepaard hiermee vind ’n mens, as daar gekyk word na al die reëlins wat in detail weergegee word, die beklemtoning aangaande die erns van sonde, asook die noodsaaklikheid van versoening (Snyman 2006:656). Weer eens

vorm hierdie slegs een van vele voorbeelde wat Snyman uitlig om sy vraag te versterk: “Waarom vind ’n mens geen Skrifverwysings na die Ou Testament in artikel drie nie?

In antwoord hierop meld Smit dat die Skrifverwysings waarna verwys word in die belydenis, slegs as voorbeelde van tekste dien wat gebruik sou kon word. Dit sou heel moontlik met ander Skrifverwysings aangevul of vervang kon geword het. Dit funksioneer slegs as assosiasies met die Skrif (Smit 1998:13). Hartney voeg by dat alhoewel daar nie eksplisiet in al die artikels na die Ou Testament verwys word nie, beteken dit nie dat dit nie in gedagte gehou is nie. In sy artikel vind ’n mens duidelike voorbeelde hoe daar van Nuwe-Testamentiese tekste gebruik gemaak is met die inagneming van Ou-Testamentiese kontekste en teksgedeeltes wat hierby sou aansluit (Hartney 2011:94-104).

Ter afsluiting sou ’n mens dus kon meld dat, ja, daar is bitter min verwysings na die Ou Testament, maar dit beteken geensins dat die Ou Testament uitgesluit word by die inhoud binne artikel twee en drie van die belydenis van Belhar nie. Die aanvaarding van ’n belydenis word nie bepaal deur die persentasie van Skrifaanhalings vanuit beide die Ou- en Nuwe Testament nie.

6.2.3 Tyd bestee aan die eksegetiese proses van Belhar

Soos reeds in die historiese agtergrond genoem, het die opstel- en formuleringsproses van die konsepbelydenis op 4 Oktober 1982 begin en is dit aanvaar op 6 Oktober 1982. Die rede hiervoor is dat die Algemene Sinode van VGKSA, na aanleiding van prof. Bam se versoek om die formulering van ’n belydenis, die aanbeveling gemaak het dat ’n kommissie opgestel moes word wat tydens dieselfde Algemene Sinode nog ’n konsepbelydenis moes voorlê. Dit beteken dat die kommissie op die maksimum slegs drie dae gehad het om die konsepbelydenis te formuleer. Dit laat twee vrae by my opkom:

- Eerstens, waarom het die Algemene Sinode die versoek gerig dat die konsepbelydenis nog tydens dieselfde Algemene Sinode voorgelê moes word? Wat was die haas?
- Tweedens, watter effek het hierdie kort tydperk op die opstel en formulering van die konsepbelydenis gehad? Sou die eindproduk enigsins anders gelyk het as daar meer tyd gegun was vir die eksegetiese- en formuleringsproses?

Aangaande die eerste vraag, word dit kort en kragtig beantwoord deur De Beer wanneer hy meld dat die Belydenis van Belhar “as ‘n kreet uit die hart binne ‘n oomblik van waarheid ontstaan het” (De Beer 2009:51). Dit WBGK se afkondiging van ‘n *status confessionis* het, soos Strauss dit verwoord, “die tafel gedek vir die koms van belydenis” (Strauss PJ 2012:19). Vir soveel jare vantevore was daar reeds die begeerte binne die NGSK om die verkeerde gebeure van die apartheidsera Skriftuurlik te verwoord en die aankondiging van die *status confessionis* was die antwoord op hierdie eeue lange begeerte.

Hierdie gebeure laat my dink aan die beeld van ‘n kind wat vir lank by sy ouers pleit en soebat vir ‘n speelding wat hy in die winkel raakgesien het. Hoe meer hy soebat en pleit en hoe langer die tyd verloop voordat hy die speelding kry, hoe groter raak die begeerte binne hom om daardie speelding te wil hê. Wanneer daar dan later na die winkel toe gegaan word en die speelding vir die kind gekoop word, maak die kind reeds die pakkie in die motor oop, terwyl hulle op pad is huis toe, want die begeerte was net te groot om langer uit te hou tot by die huis.

Die kerk, asook die land, was uitgehonger vir antwoorde en verligting en daarom wou die NGSK so gou moontlik die WBGK se standpunt aan sy lidmate oordra. Die lidmate het opgekyk na die kerk en die kerk was hulle ‘n positiewe antwoord verskuldig. Dit maak heeltemal sin as daar in die lig hiervan na die handeling van die Algemene Sinode van 1982 gekyk word.

Die antwoord op die tweede vraag sluit ten nouste aan by die eerste antwoord. Dit moet erken word dat die outeurs van die belydenis nie maklik sou erken dat meer tyd ‘n beter eindresultaat sou oplewer nie. Na my mening het hulle ook nie nodig om dit te doen nie.

Dit is 'n belydenis vanuit die hart van die NGSK. Ja, meer tyd sou dalk veroorsaak het dat die belydenis effens anders bewoord sou kon word en dalk ander of meer Skrifverwysings ingevoeg sou wees. Maar die kern van die belydenis sou presies dieselfde gewees het. Die elemente van eenheid, versoening en geregtigheid sou nie verander het nie. Dit was die eindresultaat van Ottawa en dit vorm die kernboodskap vanaf God wat die NGSK aan sy lidmate wou oordra.

Laastens moet ook in ag geneem word dat die formuleringsproses nie as afgehandel beskou was na die voorlegging tydens die Algemene Sinode van 1982 nie. Dit word uitdruklik vermeld dat die konsepbelydenis vir die daaropvolgende vier jaar eers binne die ringe en sinodes bespreek was voordat dit finaal aanvaar is (Snyman 2006:237). Dit beteken dus dat die Belydenis van Belhar oor vier jaar ontwikkel het wat meer as genoeg tyd was vir insette van buite (Smit 1998:3).

6.2.4 Foutiewe formulering binne die inhoud van Belhar

Danzfuss meld dat die Belydenis van Belhar die toets druipt as Gereformeerde belydenis. Een van die redes vir hierdie siening is omdat die belydenis foutiewe formulerings bevat wat maklik tot misverstande kan lei (Danzfuss 2012:45). Volgens hom het die NGSK self, sekere gedeeltes binne die inhoud van die belydenis anders verstaan as wat bedoel word (Danzfuss 2012:45).

In reaksie hierop het Bam reeds in 1986 tydens die Algemene Sinode van die NGSK, die versoek gerig dat niemand hul steun vir die belydenis moes terughou omdat daar foute binne die formulering voorkom wat tot misverstande kan lei nie. Volgens hom handel dit nie oor die klein woordjies nie, maar oor die groter saak in geheel (Danzfuss 2012:45). As antwoord hierop, is daar in die Ligdraer van 16 Oktober 1986 geskryf dat die kommissie eerder die belydenis van so 'n aard wil formuleer dat dit nie oop is vir enige misverstande nie (Danzfuss 2012:45). Hierdie aspek sou later deur die 1998 Algemene Sinode van die NGK verder versterk word deurdat daar gemeld is dat die Inhoud van Belhar wel korrek geformuleer is en nie teenstrydig is met die Drie

Formuliere van Eenheid nie (Algemene Sinode (H):1998:422-425). Dit is tog hoe mens die eindresultaat sou wou hê.

Smit het ook by hierdie dialoog aangesluit deur te meld: "As die motief (vir herformulering) net sou wees dat dit beter geformuleer sou kon word, is dit sekerlik nie 'n oortuigende rede nie. Dit sou 'n siening van belydenisskrifte veronderstel waarvolgens die waarheid in die (abstrakte, tydlose) korrektheid van die proposisies geleë is. Dit is hoegenaamd nie hoe die VGK belydenisskrifte sien nie. Natuurlik is Belhar gebrekkig geformuleer, op alle punte. Natuurlik sou bekwame teoloë op elke punt die formulerings kon verbeter" (Danzfuss 2012:46).

In 'n mate stem ek saam met hierdie argument van Smit, maar met respek verskil ek ook effens daarvan. Dit is so dat 'n belydenis nooit perfek sal wees nie. Dit is iets wat altyd verbeter of beter verwoord sal kan word. 'n Belydenis is ook nie iets wat kort-kort verander of aangepas moet word nie. Dit is nie die kerklike manier van doen nie. Hierby moet ek egter ook byvoeg dat 'n belydenis darem so akkuraat as moontlik van die begin af geformuleer moet wees. Die formuleringsfoute waarna verwys word, is reeds raakgesien voordat die konsepbelydenis finaal aanvaar is. Dus het dit nog nie volkome gekwalifiseer as 'n belydenisskrif nie en moes eers reggestel gewees het voordat dit finaal aanvaar is. Tong-in-die-kies gesê wonder ek of die begeerte na die aanvaarding van die belydenis nie dalk so groot was dat die Algemene Sinode nie die proses wou vertraag deur eers verdere aandag aan die foutiewe formulerings te gee voordat dit finaal aanvaar is nie.

6.3 Opsommend

Krities beoordeel, dink ek dat albei partye baie goeie standpunte huldig rondom die Skriftuurlike vereistes. As daar na die eksegetiese proses gekyk word, dink ek dat groot krediet aan die outeurs gegee kan word vir hul moeite en harde werk wat hulle ingesit het om gepaste Skrifgedeeltes aan die belydenis te koppel. Daar kan duidelik gesien word dat daar met die Bybel gespook is en van gepaste tekste gebruik gemaak is.

As dit egter kom by die formulering en eindresultaat van die belydenis, ontstaan daar kommer by my. Daar is te veel Skrifverwysings waarvan sommige korpusse van tekste is. Gepaard hiermee is erken dat daar binne die inhoud van die belydenis foutiewe formuleringe na vore tree wat misinterpretasie tot gevolg het. Dit mag nie so wees nie! Die formulering moet van so 'n aard wees dat dit die inhoud presies deurgee soos dit uit die Skrif na vore tree. Dit mag onder geen omstandighede verskil nie. Daarom is my aanbeveling dat daar hopelik in die toekoms verder oor hierdie saak gesels sal word.

Hoofstuk 7

'n Kritiese Dialoog (vervolg):

Gee Belhar Kernwaarhede deur?

7.1 Inleiding

Geloof besit die begeerte asook die noodsaaklikheid om bely te word. Aan die een kant is dit van toepassing op die individu volgens Rom 10:9-10. Aan die ander kant gaan dit egter ook verder en is dit ook van toepassing op 'n gemeenskap van gelowiges wat hierdeur hul eenheid en diens tot mekaar bevestig d.m.v. 'n belydenis soos vermeld binne Hand 2:42-47 (Jonker 1994:3).

Volgens Kleynhans meld Bavinck dat Christus nie Sy weldade slegs aan enkele mense geskenk het nie, maar aan die groter skare van gelowiges wat deur Hom binne 'n gemeenskap saam verbind is en wat so ook reeds van die begin af “'n historiese kontinuïteit gevorm het en 'n organiese geheel uitgemaak het” (Kleynhans 2009:145). 'n Praktiese voorbeeld hiervan vind 'n mens reeds in die Nuwe Testament waar Jesus se dissipels rondom Hom vergader en in die belydenis van Sy naam verenig was. Deur hierdie belydenis was hulle so aanmekaar verbind dat selfs nadat Jesus hulle verlaat het, hulle steeds eendragtig gebly het. Na die uitstorting van die Heilige Gees was dit hierdie eendragtige dissipels wat die selfstandige en unieke gemeente van Christus geword het, onafhanklik van ander bande en gemeenskappe in die wêreld met unieke eienskappe van eenheid, heiligheid en algemeenheid (Kleynhans 2009:145).

Hierdie belydenis het ook so oorgevloei na die hedendaagse kerk. Net soos dit die eerste dissipels se taak was om die suiwer belydenis wat hulle self vanaf Christus ontvang het te bewaar, te bely en te preek, is dit ook die taak wat aan die hedendaagse kerk toegeskryf word. Jonker verwoord dit mooi deur te meld dat die kerk in sy wese 'n belydende gemeenskap vorm (Jonker 1994:3). Dit is die kerk se taak om dit wat hy as

waarheid vanuit die Skrif aanvaar, net soos die eerste dissipels, te bewaar, te bely en te preek (Kleynhans 2009:146).

Met laasgenoemde in ag geneem, word 'n belydenis dus eerstens beskou as 'n verkorte samevatting oor dit wat die Skrif aangaande die hoof- of kernwaarhede van die geloof ons leer. Dit mag op niks anders gegrond wees as die Skrif waarin God ons Sy wil leer nie. Anders gestel, "Die belydenis is die gelowige antwoord van die kerk op die spreke van Gods Woord" (Kleynhans 2009:146).

Polemies gesien word 'n belydenis tweedens beskou as die stok waarmee enige vorm van dwaling ontmasker word, die staf wat leiding gee tot die pad wat die kerk stap binne sy prediking en samevatting van die waarhede binne die wêreld. Derdens dien dit as stem waarmee 'n loflied tot die Here gesing word, asook die bepaalde leefwyse waardeur die rykdom van die heil verwoord word (Kleynhans 2009:148). Die gemeente vertoon dus deur middel van woord en daad dat hul deel vorm van so 'n belydenisgemeenskap waardeur en waarin hulle hulself verklaar teenoor God en Sy Skrif. So 'n keuse en lewenswyse geskied vanuit die hart en daarom kan dit nie op ander afgedwing word nie (Kleynhans 2009:146). Verskeie geleerdes sluit hierby aan en gee hul opinies rondom die aard van 'n belydenisskrif:

- Jonker meld in sy boek getiteld *Bevrydende Waarheid* dat Gereformeerde Belydenisskrifte 'n samevatting vorm van die essensiële waarhede van die Christelike geloof (Jonker 1994:11).
- De Klerk meld dat die opstel van belydenisskrifte noodsaaklik is omdat dit in die aard en wese van die kerk is om self te bely in dit wat sy glo. 'n Belydenis dien as antwoord op die Woord en geskied onder leiding van die Gees (De Klerk 1954:e.v.).
- Volgens Heyns handel belydeniswaarhede aangaande die "kern van openbaringswaarhede" (Heyns 1977:156).

- Pont beskou dit weer meer as 'n sisteem en samevatting van “essensiële wat die Heilige Skrif ons leer” (Pont 1981:9).
- Volgens Durand ontstaan 'n belydenisskrif binne sekere omstandighede, maar as dit van ware kwaliteit is, sal dit uitstyg bo sy ontstaansituasie en steeds aktueel verkeer alhoewel die omstandighede verander het. Daarom is dit van kardinale belang dat so 'n belydenis aansluit by die “Godsopenbaring in Jesus Christus” en nie eerder fokus op “beuselagtighede” nie (Durand 1984:45).
- Volgens Strauss sluit Smit, wat ten nouste by die opstel van die Belydenis van Belhar betrokke was, by die vorige geleerdes aan en voeg hy by dat belydenisse oor die hart van die evangelie handel en iets is wat nie sonder die hart bely kan word nie (Strauss P 2012:75).

Strauss sluit hierby aan en meld dat belydenisse oor kernwaarhede van die Skrif handel en nie oor sake wat in ander situasies en tye anders kan lyk nie. Binne 'n belydenis handel dit nie oor die eietydse toepassingsgestaltes van die kernwaarhede nie, maar die kernwaarhede self (Strauss P 2005:1). Dit sluit mooi aan by Durand se siening dat 'n belydenis bo sy ontstaansituasie moet kan uitstyg en so ook geldig kan bly binne veranderende tye en omstandighede. Hierdie kernwaarhede waarna verwys word, moet nie slegs as kernwaarhede dien binne die kerk of denominasie waar my lidmaatskap gevestig is nie. Kernwaarhede moet van so 'n aard wees dat meer mense dit kan insien, selfs buite my eie kerk en denominasie. Anders gestel, kernwaarhede moet van ekumeniese aard wees waartoe alle gelowiges en kerke hulself kan koppel (Strauss P 2012:75).

Die vorming van belydenisskrifte is nie iets wat elke dag gebeur nie. Trouens, dit is 'n proses wat bitter min geskied. Deur die verloop van die kerk se geskiedenis was belydenisskrifte nog altyd gesien as omstrede dokumente (Durand 1984:39). Wat interessant is aangaande die ernstige meningsverskille rondom belydenisskrifte, is dat dit nie slegs gehandel het rondom die inhoud van 'n bepaalde belydenisskrif nie, maar

dat die omstandighede waarbinne dit ontstaan het, vele kere bygedra het tot hierdie meningsverskille (Durand 1984:39).

As daar teruggekyk word in die geskiedenis, vind 'n mens dat die Gereformeerde Belydenisskrifte vanuit die ekumeniese praktyk gebore is om die vervalde kerklike lewe opnuut te orden rondom die diens en tug van die Woord. Dit is so opgestel dat daar minimaal gesukkel sou word om van die inhoud daarvan te oortuig (Strauss P 2012:74).

Tydens die sestiende-eeuse kerkhervorming en die tydperk direk daarna, het vele belydenisskrifte verskyn binne Wes-Europese lande. Faktore soos verwarring en onverdraagsaamheid tydens die vorming van belydenisskrifte en die vaslê van belydenisstandpunte, het daartoe gelei dat gewenste eenheid nooit kon geskied binne die Protestantse kerk nie. Volgens Durand het Martin Bucer, hervormer van Straatsburg asook 'n leermeester van Johannes Calvyn, die gevaar hierin raakgesien en het hy die volgende gemeld: “Die geloof berus op die enigste en sekere Woord van God. Die menslike verstand is nie in staat om hierdie Woord voldoende te verstaan en uit te spreek nie. Ware geloofseenheid moet daarom eerder op grond van die Goddelike Skrif gesoek word en nie in menslike woorde nie. Waar laasgenoemde in die vroeë kerk geprobeer is, het dit altyd op onenigheid uitgeloop.” Volgens Durand wys Bucer hiermee die ontwikkeling van nuwe belydenisskrifte nie van die hand nie, maar waarsku hy egter teen die moontlike gevaar van “menslike onbestendigheid” (Durand 1984:39). Daarom is dit volgens Durand, belangrik tydens die opstel van 'n belydenis dat dit “kort en duidelik woordeliks uit die Bybel opgestel moet wees, want wie nie wil buig voor die Woord van God nie, sal nog minder wil buig voor mensewoorde” (Durand 1984:39).

As daar egter teruggekyk word in die geskiedenis, is dit duidelik dat hierdie woorde van Bucer nie deeglik verstaan is nie. Daar is nie gestreef om weg te kom van “menslike onbestendigheid” (Durand 1984:39) nie. Menslike woorde is te haastig vereenselwig met die Woord van God, met die gevolg dat dit voorgedra is met groot onverdraagsaamheid. Die eindresultaat van laasgenoemde is dat belydenisskrifte dikwels nie meer ernstig opgeneem is nie en belydenisvorming binne kerke en godsdienstige groepe as onbelangrik beskou is (Durand 1984:40).

Vanuit 'n twintigste-eeuse perspektief beteken laasgenoemde nie dat die Woord van God geïgnoreer word nie. Erkenning word gegee dat daar sekere sake is waaroor gepraat moet word. Dit moet egter binne die Christelike erf as 'n teologiese gesprek benader word. So 'n gesprek moet oop en verdraagsaam wees met die moontlike gevolg dat wedersydse begrip verkry kan word. 'n Belydenisskrif vorm presies die teenoorgestelde nl.: “'n finale standpuntinname en die verkettering van die gespreksgenoot” (Durand 1984:40). Enige moderne belydenis wat geformuleer word en die status van 'n belydenisskrif wil dra, moet ook aan al hierdie sentimente voldoen.

7.2 Voldoen Belhar aan al hierdie vereistes?

In die vorige hoofstuk is daar getoon dat die inhoud, soos dit in die Belydenis van Belhar voorkom, vanuit die Skrif gegrond is. Met dít in ag geneem verskuif die klem nou in hierdie hoofstuk na die vraag of die Belydenis van Belhar kernwaarhede weergee – menende, gee die belydenis kernaspekte deur wat broodnodig is vir 'n gelowige se verlossing? Dít vorm die kernvraag wat in hierdie hoofstuk op die tafel geplaas word vir diskussie. Gepaard met laasgenoemde vraag moet daar ook vasgestel word of hierdie belydenis as 'n gereformeerde belydenisskrif aanvaar kan word al dan nie?

Dit klink na bloot eenvoudige vrae, maar soos later in die hoofstuk getoon sal word, is dit nie so eenvoudig om ja of nee op die vrae te antwoord nie. Verskeie persepsies en interpretasies heers rondom die inhoud van die Belydenis van Belhar. Vir sommige dien die inhoud van Belhar as 'n geskenk vir die kerk (Hurter 2012:21) en as antwoord op eeue lange begeertes en gebede. Dit dien as maatstaf aangaande hoe 'n persoon sy medemens in liefde moet respekteer en behandel. Dit dien as antwoord teen verdrukking, onderdrukking en rassisme. Vir ander weer, voldoen die inhoud van Belhar nie aan die teologie van 'n gereformeerde belydenis nie. Dit laat gapings vir verkeerde interpretasies en gee dit nie aanvaarde gereformeerde teologie deur nie.

Daarom word hierdie vrae nou op die tafel geplaas vir bespreking. Verskeie aspekte sal individueel bespreek word, met gevolg dat daar aan die einde gestreef sal word om 'n klinkklaar antwoord op bogenoemde vrae te bied.

7.2.1 Belydenis of Verklaring?

Hierdie vraag vorm die eerste belangrike aspek vir bespreking. Volgens Van Rensburg het vele skrywers in die onlangse verlede begin om die sogenaamde Barmen-verklaring met die Kerk en Samelewing te vergelyk om sodoende die Belydenis van Belhar as 'n belydenisskrif aanvaar te kry (Van Rensburg 2012:61). Al drie hierdie dokumente stem daarin ooreen dat dit binne 'n spesifieke politieke klimaat ontstaan het. Tog het die Barmen-verklaring en Kerk en Samelewing slegs verklarings gebly en nooit die status van 'n belydenisskrif verkry nie (Van Rensburg 2012:61). Die vraag wat dus hieruit voortvloei is of die Belydenis van Belhar dan nie ook eerder as 'n blote getuienis of verklaring gesien moet word nie? Waarom die oproep dat dit verhef moet word tot 'n belydenisskrif? Om 'n antwoord op hierdie vraag te verkry, gaan daar eerstens gelet word op die verskil tussen 'n belydenis en 'n getuienis. Daarna sal gekyk word na die ontstaan, struktuur, inhoud, Christologie en doel van beide die Barmen-verklaring, asook die Belydenis van Belhar om sodoende te bepaal of Belhar as getuienis of as belydenis beskou moet word.

7.2.2.1 Belydenis of Verklaring – Wat is die verskil?:

Verklarings of getuienisse dien as besluite wat deur die kerk, by monde van sy vergaderings bv. kerkraad, ring of sinode, gemaak word. So 'n verklaring of getuienis lê op dieselfde vlak as dié van enige ander kerklike besluit (Strauss S 2012:54).

Die opstel van 'n belydenis, word aan die ander kant beskou as 'n baie ernstige saak. Dit verwoord uiters belangrike aspekte van ons geloof wat sal bepaal of die kerk sal val of staande sal bly. Om so 'n belydenis skei die weë. Dié wat met die inhoud van hierdie belydenis saamstem, word as medegelowiges beskou, maar dié wat dit nie wil aanvaar nie of daarvan wil verskil, vorm nie geloofsgenote nie. Vele kere gebeur dit dat laasgenoemde groep 'n ander, afwykende of selfs ketterse verstaan en interpretasie het (Strauss S 2012:54).

7.2.2.2 Ontstaan:

Smit begin die diskussie deur te meld dat die Belydenis van Belhar die produk vorm na 'n lang gesprek en stryd met die Barmen-verklaring. Hy gaan so ver deur te meld dat Belhar nie daar sou wees as dit nie vir die Barmen-verklaring was nie (Smit 2006:291). Net soos by die Barmen-verklaring, het 'n spesifieke situasie aanleiding gegee tot die ontstaan van die Belydenis van Belhar as gevolg van 'n onversoenbare ideologie wat die kerk van Jesus Christus infiltreer het. In 1934 in Duitsland, was hierdie ideologie gebaseer op 'n valse leerstelling van die Duitse Christene en gepaard hiermee, die ideologie van die nasionale sosialiste. Twee-en-vyftig jaar later in 1986, in Suid-Afrika, was dit die ideologie van Apartheid (Krötke 2006:277).

Beide Barmen en Belhar vorm dokumente wat deur die kerk geskryf is en nie slegs deur individue nie. Gepaard hiermee, is beide opgestel om valse leerstellings aan te spreek en nie slegs spesifieke persone nie. Beide is bindend en gesaghebbend en nie slegs as opsioneel of slegs teologiese opinies of kontribusies tot 'n gesprek nie. Dit vorm eindprodukte, gebore vanuit 'n *status confessionis*, tydens 'n oomblik van waarheid, waartydens die evangelie self op die brandstapel beskou was volgens hulle wat dit bely het (Smit 2006:292). Die Barmen-verklaring en die Belydenis van Belhar moet dus nie gesien word as dokumente wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van 'n krisis nie, maar eerder as antwoorde op reeds bestaande krisisse (Smit 2006:292).

7.2.2.3 Struktuur, Inhoud en Christologie:

Botman begin hierdie gesprek deur te meld dat beide Barmen en Belhar simbole van bevryding binne twee verskillende kontekste vorm waartydens Christene moes antwoord op 'n *status confessionis*. Hy gaan ook verder en meld dat alhoewel hierdie twee dokumente simboliese ooreenkomste toon, verskil die twee egter baie van mekaar. Die Barmen-verklaring vertoon homself as 'n teologiese verklaring terwyl Belhar weer homself as 'n belydenisskrif beskou (Botman 2006:241).

Volgens 'n model van Edmund Arens, bestaande uit vyf kategorieë met die doel om belydenisskrifte met mekaar te vergelyk en wat later deur Huber verder ontwikkel is, is gevind dat beide die Barmen-verklaring en die Belydenis van Belhar belydende verklarings van spesifieke situasies weergee. Die verskil tussen die twee vind mens egter in hul taalgebruik. Waar Barmen gegrond is in 'n leerstellige taalgebruik, is Belhar meer gegrond in etiese taalgebruik (Botman 2006:242). Krötke sluit hierby aan en is van mening dat gepaard met die etiese taalgebruik, is die inhoud van die Belydenis van Belhar ook meer *ekkesiologies* is as dié van die Barmen-verklaring (Krötke 2006:277).

As daar gekyk word na die struktuur van beide dokumente, stem Botman (Botman 2006:242) en Krötke daarin ooreen dat die Belydenis van Belhar, met sy etiese taalgebruik, nie in dieselfde rigting ten opsigte van sy Christologiese konsentrasie beweeg soos in die Barmen-verklaring, met sy leerstellige taalgebruik nie. Dit beteken egter nie dat die Christologiese beredenering in die Barmen-verklaring bevraagteken moet word nie (Krötke 2006:277). As die inhoud Skriftuurlik is, word dit as Christologies beskou, maar omdat Barmen en Belhar se taalgebruik verskil, toon dit twee verskillende perspektiewe in hul Christologie (Botman 2006:242). Krötke gaan verder en toon dat die Belydenis van Belhar op 'n Christologiese noot eindig met die doksologie "Jesus is God". Volgens sy interpretasie beteken dit dus dat enige verandering wat binne die kerk, asook die Suid-Afrikaanse gemeenskap sou plaasvind, sou geskied vanweë geloof en die evangelie van Jesus. Volgens hierdie interpretasie kan die slot dus direk gekoppel word tot die bewoording aangaande die drie-enige God soos dit bely word in die eerste artikel van Belhar. So gesien, beeld dit 'n universele betekenis aangaande die geloof in die God van die evangelie, soos dit manifesteer in Jesus Christus. Volgens Krötke kan hierdie interpretasie aan die een kant beskou word as belangrike stap verder, in vergelyking met Barmen, maar bly dit tog in 'n mate steeds binne die gees van Barmen (Krötke 2006:277).

As daar na die vraag rondom die teologie aangaande die skepping en eskatologie gekyk word, soos dit getoon word binne die eerste artikel van die Barmen-verklaring, eis dit inderdaad vir 'n Trinitariese ontwikkeling. Alhoewel, as hierdie werk van die Trinitariese God, eerder spesifiek na die kerk verwys, toon die Belydenis van Belhar 'n

spesiale aksent. Dit beteken dat al die Christologies-soteriologiese standpunte, soos dit in die res van die Belydenis van Belhar voorkom, dus ook as ekklesiologiese standpunte gesien moet word wat die eenheid tussen Christus en die kerk beklemtoon. So 'n interpretasie dra veel meer gewig en toon meer klem as die derde artikel binne die Barmen-verklaring wat bloot noem dat die kerk van begenadigde sondaars volkome afhanklik is van Jesus Christus (Krötke 2006:277). Meer hieroor later in die hoofstuk.

Botman meld dat vele persone al hul kommer uitgespreek het ten opsigte van die benoeming van die Joodse probleem in Barmen en 'n helderder beeld aangaande die politieke sisteem. By Belhar, vind 'n mens egter dat dit nie slegs hermeneuties met 'n "beskouing van onder" (Botman 2006:241) geformuleer is nie, maar ook deur hulle wat self onderdruk was. Die Belydenis van Belhar spreek rassisme direk aan, maar noem nêrens apartheid as 'n politieke sisteem nie. Die rede hiervoor was omdat die 1982 Sinode van die NGSK besluit het om die valse leerstellings aan te spreek eerder as die politieke sisteem. Vanuit laasgenoemde maak Botman dus die afleiding dat Belhar nie gesien moet word as 'n politieke dokument nie (Botman 2006:242).

Hier tree Strauss na vore en meen dat Botman se siening nie korrek is nie. Strauss erken dat die term Apartheid, nêrens in die Belydenis van Belhar direk genoem word nie, maar wel die woorde "gedwonge skeiding op rassegrondslag" en "gedwonge skeiding". Volgens Strauss toon hierdie woorde 'n direkte verwysing na die Suid-Afrikaanse rassebeleid voor 1994 en daarom kan geen persoon "probeer aantoon dat Belhar nie op etiese kwessie soos die regverdiging van apartheid ingaan nie, maar 'n geloofsbelydenis is" (Strauss P 2012:77). Apartheid staan sentraal en deur met woorde te speel, gaan dit nie loskom van hierdie aspek nie (Strauss P 2012:77).

In antwoord hierop meld Krötke dat hy nêrens in die Belydenis van Belhar enige verwysing na die kerk se verhouding tot die staat raaklees nie. Volgens hom is dit vreemd omdat Belhar juis volgens sy opinie 'n politieke staatsbeleid in die geskiedenis van Suid-Afrika aanspreek (Krötke 2006:277). Hierdeur is dit duidelik dat hy by Strauss se siening aansluit en nie Botman se siening ondersteun nie. Krötke is verder van mening dat die kerk moet opstaan teen die selfsugtige begeertes van dié wat bevoorreg is en met gesag heers. Die feit dat die staat nêrens in Belhar genoem word nie, toon

volgens hom 'n tekortkoming tot die teenstand wat die kerk moet kan bied teen verkeerde politiese sisteme. Krötke sluit sy argument af deur ook na Barmen te verwys wat 'n leemte laat as dit kom by die staat se Godgegewe taak. Na sy mening moet daar binne beide Barmen en Belhar meer uitgebrei word oor die Christelike verstaan rondom die staat se taak (Krötke 2006:277).

In reaksie hierop tree Botman weer na vore en herhaal die woorde dat daar nie pertinent na die staat verwys word nie, omdat dit nie die doel van die belydenis was nie. Dit handel oor die valse leerstelling wat aangespreek word en nie die politieke sisteem nie (Botman 2006:242).

In sy artikel getiteld *'n Blik op Eenheid, Versoening en geregtigheid 1986 en 2011*, tree Dirkie Smit vervolgens na vore en wys hy daarop dat beide Botman, asook Strauss belangrike standpunte vermeld. Eerstens, beaam hy in 'n mate die standpunt van Strauss deur te meld dat die Belydenis van Belhar gebore is in 'n historiese oomblik nl. apartheid "en van die Bybelse en teologiese regverdiging van apartheid binne die kerk self" (Smit 2011:2). Sonder die politieke en kerklike agtergrond sou daar geen Belhar gewees het nie en sonder die teologiese debatte van destyds, sou die inhoud van Belhar ook nie volkome verstaan word nie (Smit 2011:2). Dit beaam Strauss se siening dat die jare van apartheid die kern van Belhar se formulering vorm. Smit gaan egter verder en is van mening dat die teologiese inhoud, soos dit in Belhar voorkom, geensins slegs op apartheid van toepassing is nie, maar onafhanklik daarvan sou kon staan onder ander en nuwe omstandighede. Dit wat aangespreek word, vorm teologiese inhoudde aangaande die "geloofwaardigheid van die kerk se verkondiging en lewe" (Smit 2011:3). Dit vorm 'n blywende waarheid onder alle omstandighede al is apartheid al lankal iets van die verlede Smit 2011:3). Hierdie standpunt van Smit stem ooreen met die van Botman.

Met inagneming van alles wat tot dusver gesê is oor beide Barmen en Belhar is die vraag nou hoe mens hierdie gesprek sou kon opsom? Hoe staan die Belydenis van Belhar in vergelyking met die Barmen-verklaring? Die tweede vraag wat hiermee gepaard gaan is of Belhar net soos Barmen eerder gesien moet word as 'n verklaring of dra dit die status van 'n belydenisskrif? Op die eerste vraag is Botman se siening dat

die Belydenis van Belhar volgens hom as 'n ongelooflike groot konfessionele skat beskou moet word. Hierdie skat spreek nie net die toestand van die destydse Suid-Afrikaanse konteks op 'n wonderbaarlike wyse aan nie, maar spreek dit die hedendaagse situasie in Duitsland selfs beter aan as die destydse Barmen-verklaring (Botman 2006:247). Ek stem hiermee in 'n mate saam. Na my mening gaan Belhar daardie een stappie verder om dwaalleer aan te spreek ten opsigte van sy taalgebruik.

Ek moet egter hier byvoeg dat laasgenoemde standpunt nie 'n genoegsame antwoord bied op die tweede vraag nie. Om die Belydenis van Belhar met die Barmen-verklaring te vergelyk en alleenlik hierop 'n besluit te wil maak rondom die status van die Belydenis van Belhar, sou nie 'n sterk genoeg argument wees nie. Ja, die Belydenis van Belhar blyk asof hy bo die Barmen-verklaring wil uitstyg weens sy keuse van taalgebruik, maar dit is nie 'n genoegsame argument nie. Daar sal verdere vrae en aspekte op die tafel geplaas moet word vir diskussie om by hierdie antwoord uit te kom.

7.3 Gee Belhar kernwaarhede deur en word dit korrek verwoord?

Handel die inhoud van die Belydenis van Belhar aangaande kernwaarhede? - menende, gee die belydenis kernaspekte deur wat broodnodig is vir 'n gelowige se verlossing? Dit vorm die vraag wat in hierdie gedeelte van die hoofstuk op die tafel geplaas word vir diskussie. Indien ja geantwoord op hierdie vraag, moet daar ook 'n helder antwoord op 'n tweede vraag verkry word wat ten nouste saamvloei met eersgenoemde vraag en dit is of hierdie sogenaamde kernwaarhede volledig en korrek verwoord word binne die belydenis. In hoofstuk ses van my studie het ek gemeld dat die inhoud, soos dit voorkom binne die Belydenis van Belhar, inderdaad vanuit die Skrif gegrond is. Tog, gepaard met hierdie bevinding het daar ook ernstige kritiek na vore getree rondom die formulering van die belydenisskrif se inhoud. Vele persone het hul kommer daarvoor uitgespreek dat die bewoording, soos dit in die Belydenis van Belhar voorkom, nie ten volle ooreenstem met wat in die Skrif verwoord word nie. Volgens vele se menings kan hierdie foutiewe formulering lei tot verkeerde interpretasies en dit mag onder geen omstandighede gebeur nie. Die Skrif laat geen gaping vir foutiewe

interpretasies nie en aangesien 'n belydenisskrif beskou word as 'n opsomming van hierdie kernwaarhede soos dit in die Skrif verwoord word, mag dit dus ook geen gapings laat vir foutiewe formulerings en verkeerde interpretasies nie. Is Belhar hieraan skuldig? Dit vorm een van die ernstige vrae wat vervolgens in hierdie hoofstuk bestudeer en bespreek gaan word.

Strauss tree na vore en meld dat daar veral drie hoofbesware teen die inhoud van die Belydenis van Belhar ingebring kan word ten opsigte van die dokument se konteks, formaliteit en inhoud (Strauss 1997:13)

- Eerstens, vanuit in kontekstuele perspektief, fokus Belhar op die politiek en apartheidsbeleid. Binne die belydenis word dit verhef tot op vlak van 'n Christelike belydenis en word die geloof van lidmate hierdeur getoets.
- Tweedens, vanuit 'n formele perspektief gesien, handel die inhoud van die Belydenis van Belhar nie oor kernsake vanuit die Skrif nie, maar om minder belangrike randsake.
- Derdens, met die fokus op die inhoud van die belydenis self, is Strauss van mening dat daar 'n verwaarlosing van die vertikale tendens voorkom en te veel gefokus word op die horisontale tendens. Strauss gaan self verder en meld, veral met die klem op artikel vier van Belhar, dat die inhoud 'n noue verbintenis met die sogenaamde bevrydingsteologie toon. As voorbeeld verwys hy na die bewoording: "...dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy Sy Kerk roep om Hom hierin te volg..." (Strauss 1997:13)

Hierdie vorm maar enkele van vele aantygings wat gemaak word teen die inhoud van die Belydenis van Belhar. Is hierdie aantygings waar? Om antwoorde hierop te verkry sal daar vervolgens individueel na artikel twee tot vier gekyk word.

7.3.1 Artikel twee van Belhar aangaande "Eenheid"

Die inhoud van artikel twee soos gevind binne Belhar lui soos volg (Botha 2010:14-15):

- “Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag.
- Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is;
- Dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is;
- Dat dit ’n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees, maar terselfdertyd ’n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word;
- Dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word;
- Dat hierdie eenheid van die volk van God op ’n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons mekaar lief het, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen;
- Daarin dat ons skuldig is om onself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee;
- Daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is;
- Van een brood neem en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel;

- Saam die hoogte en breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken;
- Saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid;
- Saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig;
- Dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie;
- dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God;
- Dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk.
- Daarom verwerp ons enige leer wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie;
- Wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onderversoendheid;
- Wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is;

- Wat uitgesproke of onuitgesproke voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.” (Botha 2010:14-15).

Vele persone spreek hul kommer uit aangaande die inhoud van die tweede artikel soos dit verwoord word binne die Belydenis van Belhar:

Strauss tree eerste aan die woord en meld binne sy artikel getiteld *'n Teologiese beoordeling van die Belharbelydenis*, dat die beeld aangaande 'n sigbare, strukturele kerkeenheid nie 'n onbelangrike aspek is nie, maar vanuit die Skrif gesien, vorm dit nie 'n hoofsaak nie en daarom hoef dit ook nie konfessioneel tot 'n hoofsaak geëyk te word nie (Strauss S 1997:5).

Tweedens haal Du Plooy in sy artikel getiteld *Gemeet aan die drie formuliere van Eenheid*, 'n strofe aan vanuit artikel 2 wat meld: “Dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie (VGKSA) kerk” (Du Plooy 2012:70). Volgens Du Plooy dien beide geloof en die doop as voorwaarde vir lidmaatskap van die kerk. Met verwysing na die doopformulier van die Gereformeerde Kerk, meld hy: “Iemand wat nie gedoop is nie, is nie lidmaat van die Kerk van Jesus Christus nie, want deur die doop word ons in die Kerk van Christus ontvang. Deur die doop word ons in die Kerk van God opgeneem en van alle gelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltelmal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra” (Du Plooy:2012:70).

As laaste voorbeeld van kritiek teen hierdie artikel, tree Moodley na vore en meld: “Belhar calls its readers to confess that this unity must become visible so that the world may believe that separation, enmity and hatred between people and groups is sin which...must be resisted” (Moodley 2012:87). Volgens hom moet haat en vyandskap definitief as sonde gesien word, maar volgens sy opinie, kan geskeidenheid nie as sonde beskou word nie. As bewys verwys hy na vele gedeeltes binne die Skrif waar geskeidenheid 'n goeie ding was. Volgens hom vertoon Belhar sy eie interpretasie rondom hierdie aspek (Moodley 2012:87).

In reaksie hierop meld Jonker in sy artikel getiteld *Die konsep-belydenis van die Ned. Geref. Sendingkerk*, dat die teologie binne die Belydenis volkome gereformeerd is en die standpunte wat weergegee word, so algemeen Christelik is, dat “daar op Bybelse gronde moeilik beswaar daarteen gemaak kan word” (Jonker 1986:2).

Smit sluit hierby aan en meld dat die kerk reeds een is volgens die inhoud van Belhar en dat dit gesien moet word as 'n gawe. Dit het plaasgevind deur die versoeningswerk van Christus en die samebindende krag van die Heilige Gees. Hy gaan verder en meld dat hierdie eenheid nie slegs 'n gawe is nie, maar ook 'n Goddelike opdrag is (Smit 2011:6).

Aangaande die beeld van sigbare eenheid waarna gestreef moet word, meld Smit die volgende drie elemente (Smit 2011:7-8):

- Eerstens sluit eenheid 'n ryke en wonderbare verskeidenheid in en nie uit nie. Gelowiges moet hierdeur herinner word “aan hoe ryk en kompleks die geleefde eenheid, die onderlinge liefdesbetoon, waarlik is” (Smit 2011:7)
- Tweedens, sigbare eenheid kan nie afgedwing word nie, maar moet in vryheid gestalte kry. “Die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, asook van taal en kultuur, is vanweë die versoening in Christus geleenthede tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God, word bely” (Smit 2011:7).
- Hierdie verskeidenheid en vryheid moet altyd sigbaar bly. Dit mag nie later vertolk kan word as gestaltes van verdeeldheid en skeuring nie. Solank die evangelie reg gepreek word en die sakramente korrek bedien word, mag daar verskeidenheid voorkom binne die aanbiddingstyl, belydenisgrondslag en organisatoriese vorme, solank dit steeds “onmisbaar duidelik bly dat dit gaan om één sigbare volk van God, sodat die wêreld kan sien en glo (Smit 2011:7-8).

Laasgenoemde reaksies van beide Jonker en Smit, bied slegs gedeeltelike antwoorde op die kritiek van Strauss, Du Plooy en Moodley. Hierdie kritiek rondom artikel twee sal aan die einde van die hoofstuk verder bespreek word.

7.3.2 Artikel drie van Belhar aangaande “Versoening”

Die inhoud van artikel drie soos gevind binne Belhar lui soos volg (Botha 2010:15-16):

- “Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het;
- Dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees;
- Dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is;
- Dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon;
- Dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het;
- dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in ’n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring;
- Dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in ’n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig;
- Dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie byvoorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is.

- Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en beleving van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van krag beroof” (Botha 2012:15-16).

As eerste spreker met moontlike kritiek oor die inhoud van artikel drie van Belhar, tree Danzfuss na vore en meld dat Belhar dit regkry om vyf paragrawe te wy aan versoening sonder om een keer te verwys na die plaasvervangende offer wat Christus gebring het en oor “Sy ewige Hoë Priesterskap” (Danzfuss 2012:50). Volgens hom val die klem slegs op die horisontale tendens (Danzfuss 2012:50).

Tweedens, tree Bolt na vore en sluit hy aan by Danzfuss deur na Efesiërs 2 te verwys: “Christ is our peace; through his blood on the cross, he has destroyed dividing walls of hostility and created a new humanity” (Bolt 2012:82). Volgens hom vorm hierdie die kern van versoening. Hy gaan verder deur te meld dat ons wat geroep is en versoen is met Christus, as ambassadeurs moet optree en ons boodskap moet drie sleutelemente bevat nl. bekering, vergifnis en geloof (Bolt 2012:82).

Tog, volgens Bolt, is hierdie vergifnis wat sy begin het by Christus nie teenwoordig in Belhar nie. Hy voeg egter by dat dit nie beteken dat hulle wat Belhar opgestel het, dit nie glo nie. Die probleem is net dat dit nie pertinent genoem word nie (Bolt 2012:83).

Laastens, tree Strauss na vore en beaam alles wat tot dusvêr gesê is. Hy gaan egter verder deur aan te haal dat: “...Art. 3 word gesê dat die boodskap van versoening ongeloofwaardig gemaak word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag haat en vyandskap bevorder” (Strauss S 2012:54). Volgens hom is dit mos nie meer die geval na 1994 nie (Strauss S 2012:54).

In reaksie hierop meld Smit dat die oortuigings rondom die versoening in Christus, baie eenvoudig is. Die NGSK maak dit baie duidelik dat die versoening van Christus sterker is as enige kulturele en natuurlike verskille tussen gelowiges. Dit word ook so bely in

Belhar dat die “Bybelse God deur sy Woord en Gees by magte is om gelowiges se bitterheid en vyandskap te oorwin...” (Smit 2011:8). Slegs deur die versoening in Christus, kan die middelmure van skeiding afgebreek word en kan sodoende daadwerklike vrede gestig word (Smit 2011:8).

Hoe kan dit prakties toegepas word binne die kerk? Volgens Smit sluit Jonker hierby aan en meld dat hierdie slegs kan plaasvind deur die werking van Gods Woord en Gees soos dit bely word In Belhar.

Persoonlik dink ek dat dit die bogenoemde kritiek redelik goed aanspreek. Meer hieroor aan die einde van die hoofstuk in my gevolgtrekking.

7.3.3 Artikel vier van Belhar aangaande “Geregtigheid”

Die inhoud van artikel vier van Belhar lui soos volg (Botha 2010:16-17):

- “Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring;
- Dat Hy in ’n wêreld vol onreg en vyandskap op ’n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg;
- Dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee;
- Dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien;
- Dat Hy dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper;
- Dat dit vir Hóm reine en onbesmette godsdienst is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek;

- Dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek;
- Dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom;
- Dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes;
- Dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel.
- Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie" (Botha 2010:16-17).

Strauss toon eerste sy kritiek met verwysing na artikel vier van Belhar deur te meld dat daar nêrens na God se strafeisende geregtigheid verwys word nie. Dit word op 'n eensydige wyse ook glad nie met die regverdiging deur die geloof in verband gebring nie. Volgens hom is die fokus slegs op die hedendaagse "sosiale geregtigheid" (Strauss S 1997:5).

Danzfuss haal die sinsnede aan dat "God op 'n besondere wyse die God van die noodlydendes, arme en die verontregte is en dat Hy sy Kerk roep om Hom hierin te volg" (Danzfuss 2012:50) en meld dat Belhar sy kontras plaas tussen ryk en arm, noodlydendes en bevoorregtes. Volgens hom verskil dit van die inhoud soos gevind binne Kerk en Samelewing waar gemeld word dat God nie kant kies nie, maar die Een

is wat by uitnemendheid intree vir die verontregte en arme. Volgens Danzfuss verskil dit radikaal van Belhar se bewoording en intensie (Danzfuss 2012:50).

Volgens Bolt bied Belhar 'n alternatiewe pad na geregtigheid wat nie gegrond is in die mens se geestelike armoede nie. Dit fokus eerder op die sosiale, ekonomiese en politieke aspekte. Geregtigheid handel nie slegs daarvoor dat hulle wat bo is, moet afkom en hulle wat onder is, moet op beweeg nie. Dit handel oor meer as dit (Bolt 2012:83).

Vir Moodley lê die kommer daarin dat dit wat die artikel bely nie deur die VGKSA toegepas word nie. Hy verwys na die destydse hofsake tussen die VGKSA en NGKA. Die uitspraak van die hof was dat bv. al die geboue wat aan die NGKA behoort het, aan hul teruggegee moes word. Volgens Moodley is daar steeds geboue wat nog nie deur die VGKSA aan die NGKA teruggegee is nie. Daarmee vra hy die vraag aangaande hoe dit inpas by geregtigheid en die inhoud van artikel vier soos dit deur die VGKSA bely word? Meer hieroor in die volgende hoofstuk (Moodley 2012:87).

Ten opsigte van bogenoemde voeg Du Plooy by dat die fokus in artikel drie en vier slegs op die horisontale tendens fokus en dat God nie verreken word nie. Dit is volgens hom al so aan die VGKSA oorgedra en in reaksie hierop het die VGKSA dit duidelik gemaak dat hulle nie dit duideliker en sonder misverstande sal herformuleer nie (Du Plooy 2012:71).

Du Plooy gaan verder en bring 'n volgende kommerwekkende aspek aan die lig en dit is dat die inhoud van artikel vier in die Belydenis van Belhar, 'n nou band toon met die sogenaamde bevrydingsteologie (Du Plooy 2012:71). Vele ander persone sluit hierby aan en voeg verdere aspekte by vir bespreking. Dit sluit in:

- Geregtigheid teenoor die sogenaamde bevrydingsteologie,
- Geregtigheid teenoor die sogenaamde Swart teologie en,
- Geregtigheid gepaard met homoseksualiteit.

7.3.3.1 “Geregtigheid” teenoor die bevrydingsteologie

Danzfuss tree hier eerste na vore en meld dat vele liberale teoloë dit duidelik gemaak het dat die gereformeerde teologie en belydenisskrifte as onvoldoende beskou moet word vir hedendaagse uitdagings. Volgens hulle word daar te veel gefokus op die verhouding tussen God en die mens en te min op die politieke en maatskaplike verantwoordelikheid. Volgens hierdie teoloë moet daar kers opgesteek gaan word by die bevrydingsteologie (Danzfuss 2012:46). Voordat ons enigsins verder gaan met hierdie gesprek, is dit nodig dat ons eers die vraag vra - Wat is hierdie sogenaamde bevrydingsteologie?

Binne die bevrydingsteologie word Christus beskou as ’n politieke bevryder. Dit vorm die hart van die bevrydingsteologie. Dit word duidelik gemeld binne hierdie teologie dat daar geensins ruimte is vir die verlossingsboodskap van Christus wat sondaars van hul sonde bevry nie. Christus word bloot beskou as die bevryder van politieke onderdrukte, armes en noodlydendes. Al sonde wat erken word, is die sonde van die onderdrukkers. Bevryding van sonde beteken dus die bevryding van onderdrukking (Hurter 2012:22).

Danzfuss som Belhar se inhoud op ’n baie interessante wyse op deur te meld dat dit “aan teologiese skisofrenie” ly. Hy meld dat dit die Sinode van Dordrecht ongeveer agtien maande geneem het om die Gereformeerde Belydenisskrifte op te stel. Hierteenoor, is Belhar “in een of twee laataande opgestel deur ’n klein kommissie bestaande uit vyf lede (Danzfuss 2012:47-48).

Wat nog meer kommerwekkend vir Danzfuss is, is die feit dat vele van die rolspelers by Belhar ook ondertekenaars was van radikale bevrydingsdokumente soos die *Kairosdokument*, wat sy verskyning gemaak het in 1985 en *The Road to Damascus*, wat verskyn het in 1989 (Danzfuss 2012:48). Wat meld hierdie twee dokumente? In sy artikel getiteld *Van Kairos na Damaskus*, gee Hurter ’n akkurate opsomming deur aangaande die inhoud van beide dokumente:

Volgens hom word die volgende duidelik uiteengesit in die *Kairosdokument* dat (Hurter 2012:27-28):

- “God aan die kant van die onderdruktes is (5.1);
- Christene opgeroep word tot deelname aan die stryd vir bevryding en ’n regverdige samelewing (5.2);
- Die verandering van kerklike aktiwiteite (eredienste, doop, Sondagskool en selfs begrafnisse) ingestel moet wees op die bevrydingsdoelwit van God en die kerk in die wêreld (5.3);
- Spesiale veldtogte, programme en projekte geloods moet word ter wille van die stryd om die bevryding van Suid-Afrika (5.4);
- Lidmate opgeroep moet word tot burgerlike ongehoorsaamheid. Die regime (die destydse Nasionale regering) het geen morele legitimiteit nie. Daarom mag daar geen samewerking tussen die kerk en die regime wees nie. Die kerk moet nie net bid vir regeringverandering nie, maar moet ook sy lidmate mobiliseer vir verandering (5.5);
- Die kerk almal wat onderdruk word daarop moet wys dat hulle ’n morele verpligting het om verdrukking teen te staan en vir bevryding en geregtigheid te stry (5.6)” (Hurter 2012: 27-28).

Tweedens word die volgende volgens Hurter duidelik uiteengesit in *The Road to Damascus* (Hurter 2012:28-29):

- “Westerse imperialisme probeer om van die bevrydingstryd ’n Oos-Wes-stryd te maak. Wat eintlik ervaar word, is oorheersing deur die Weste;
- Daarteenoor erken sosialistiese lande hul foute en die behoefte aan hervorming. Ten spyte van Oos-Wes-toenadering, is die ervaring van lande in die Suidelike Halfrond dat daar toenemende vyandige aanvalle uit die Weste is;
- Sommige Christene vereenselwig hulle met onderdrukke gemeenskappe en ontdek dan dat hul geloof ’n verbintenis tot solidariteit met die onderdruktes inhou.

- Die misbruik van die Christendom in die ideologiese oorlog is die imperialistiese reaksie op vroeëre ontwikkeling.
- Politieke konflik dring die domein van die kerk binne en daarom word die kerk self die terrein van die stryd.
- Die kern van Jesus se boodskap is die koms van God se Koninkryk (op aarde) aan armes.
- In sy verkondiging van die koninkryk van God het Jesus 'n nuwe wêreldorde voorspel.
- God gaan 'n nuwe (sosialistiese) wêreldorde skep waarin armes en onderdruktes die heersers sal wees. God is nie meer die God van rykes en heersers nie, want God is aan die kant van die armes, die onderdruktes en dié wat vervolgt word.
- Alle vorme van “regtervleuel-Christelikheid” word terselfdertyd as kettery afgemaak, want dit is antikommunisties en identifiseer met kapitalistiese waardes” (Hurter 2012:28-29).

As artikel 4 vergelyk word met die opsommings van Hurter, is daar 'n onmisbare ooreenkoms tussen Belhar en die bevrydingsteologie. Dit help nie daar word probeer om dit op een of ander manier weg te stryk nie. Die bewyse is swart op wit.

7.3.3.2 “Geregtigheid” teenoor die Swart teologie

Hier moet ons eerstens weer vir mekaar die vraag vra: Wat is Swart teologie? Dr. Boesak toon 'n duidelik definisie deur te meld: “It is black people’s attempt to come to terms with their situation” (Boesak 1977:124). Hieruit kan mens dus aflei dat die kern van Swart teologie handel oor die bevryding van swart mense van onderdrukking deur die wittes.

In sy proefskrif haal Boesak vir Cone aan wat meld: “Black theology is a theology of liberation because it arises from complete identification with the oppressed in their struggle, proclaiming that struggle of the oppressed is God’s struggle ... because the

love of God is a divine activity, to love the 'neighbour' means to join God in his activity to liberate the oppressed" (Boesak 1977:124-125).

Cone sluit hierby aan en meld dat Swart teologie, net soos bevrydingsteologie, 'n sterk Christelike karakter het. Hier handel die kern rondom die manifestasie van Jesus wat as die onderdrukte uitgebeeld word. Hierby voeg Cone ook dat swartmense glo dat die kettings van wit onderdrukking afgegooi moet word en dat enige middel tot hul beskikking hiervoor gebruik moet word. Daarom word Swart teologie ook as revolusionêre teologie beskou (Cone 1970:30).

Dit lei nou tot die groot vraag? Bevat Belhar ooreenstemmings met Swart – of revolusionêre teologie? Vele teenstanders meld 'n duidelike ja op hierdie vraag.

7.3.3.3 "Geregtigheid" en homoseksualiteit

Danzfuss tree hier eerste aan die woord en begin met die woorde dat die NGSK self groot geskrik het vir hul eie belydenis toe Boesak die Belydenis van Belhar gebruik het om die toelating van homoseksualiteit op die kansel te bepleit. Volgens Danzfuss het Boesak in 2008 aan lede van die VGKSA gesê: "Based on Belhar, the church should fully accept gay members, should perform gay marriage ceremonies and allow ministers in gay relationships to serve in the church" (Danzfuss 2012:51).

Danzfuss sluit af met die beeld dat Belhar gesien kan word as 'n trojaanse perd wat daarop gerig is om die totale humanistiese en Marxistiese teologie die kerk in te bring (Danzfuss 2012:51).

Moodley sluit hierby aan en meld dat alhoewel die VGKSA in 2008 nie Boesak se aanbeveling aanvaar het nie, rig hy die kommerwekkende vraag of dit nie dalk later in die toekoms kan gebeur nie? (Moodley 2012:89).

Hoe antwoord die voorstanders van Belhar op hierdie kwessies wat so pas uitgelig is rondom artikel 4 van Belhar?

Jonker tree eerste aan die woord en meld dat die teologie van die Belydenis van Belhar gereformeerd is en op grond van die Bybel geen beswaar gemaak kan word rondom die inhoud van artikel vier nie. Daardeur probeer hy sê dat versoening en geregtigheid op maatskaplike terrein 'n Bybelse beginsel is. As ons as kerk bely dat ons met Christus versoen is, moet dit ook oorvloei na ons naaste. Daar mag geen ruimte wees vir vervreemding, haat of vyandskap nie. Deur dit te elimineer, toon ons ons gesamentlike versoening in Christus (Jonker 1986:2).

Aangaande die kwessie rondom die inhoud van artikel 4 wat noue ooreenkomste toon met die bevrydingsteologie, verseker hy aan almal dat dit nie die bedoeling was nie en dat die inhoud nie so geïnterpreteer moet word nie. Hy versterk hierdie gedagte deur te vra dat hierdie gedeelte as 'n *bonam partem* beskou moet word – menende dat dit 'n uitdrukking is wat vir misverstande vatbaar mag wees, maar nie van so 'n aard ideologies opgeneem hoef te word nie (Jonker 1986:2).

Jonker sluit sy spreekbeurt af met die fokus daarop dat die klem geplaas moet word op die goedheid van God en nie op die legitimering van klassestryd nie. As dit so, volgens Jonker, toegepas word, sal ons nie oor die inhoud struikel nie (Jonker 1986:2).

Ten opsigte van artikels twee tot vier tree Smit volgende na vore en meld ten eerste dat elkeen van die drie temas lofseggend begin met 'n belydenis aangaande wie die God van die Bybel is en wat Hy doen. Hierdeur probeer Smit dit duidelik maak dat elkeen van die drie elemente: eenheid, versoening en geregtigheid hul ontstaan vind by God self (Smit 2011:3). Vanuit so 'n hoek gesien, kan hierdie standpunt as teenargument beskou word teenoor hulle wat die tekort van die vertikale tendens binne die inhoud van Belhar uitlig.

Hy gaan verder en meld dat aangesien Belhar as 'n gereformeerde belydenis dien, roep God ons, net soos gevind word in die ander Gereformeerde belydenisskrifte, om hierdie drie aspekte na te jaag en te beoefen (Smit 2011:3). Anders gestel – Dit roep ons tot verpligte dissipelskap (Smit 2011:4).

Aangaande artikel 4 en die term “geregtigheid” meld Smit dat hierdie term dalk ’n vreemder aspek vorm om te hoor. In die lig hiervan begin hy deur drie elemente uit te lig om die term minder vreemd te laat voorkom (Smit 2011:9-10):

- Wanneer daar oor God gepraat word in Belhar, met veral die klem op artikel 4, word dit volgens Smit op ’n “roemende, doksologiese en lofprijsende” (Smit 2011:9) wyse bely. Die God van die Bybel se geregtigheid, is dié van reddende geregtigheid en ’n ontfermende geregtigheid. Hy bevry hulle wat in nood verkeer en laat reg geskied teenoor hulle wat veronreg word. Hy is ’n God wat ingryp, regverdig, heilig, vergewe, aanvaar, help en troos (Smit 2011:9).

God vorm, in ’n wêreld oorlaai met onreg en vyandskap, die God van hulp vir hulle wat in hulpeloosheid verkeer en die kerk loof Hom omdat Hy Homself op so ’n wyse openbaar. Vrae is gevra tydens die 1982 Sinode van die NGSK of daar nie ten opsigte van laasgenoemde standpunt, bevrydingsteologie taal gebruik moet word om hierdie standpunt te verwoord en te bely nie. Hierdie versoek is volgens Smit sterk afgewys omdat dit nie die bedoeling is waardeur God uitgebeeld moet word nie. Die God van die Bybel is nie ’n God wat in ’n klassestryd kant kies en sodoende vir sommige en teen ander is nie (Smit 2011:9).

- Tweedens meld Smit dat God van Sy kerk verwag om Hom hierin te volg. As voorbeeld verwys Smit na talle voorbeelde vanuit die Skrif soos onder andere “die wet, die profete, die wysheid, die Evangelies en die Briewe” (Smit 2011:9). In al hierdie voorbeelde word geregtigheid, barmhartigheid en aanbidding saamgebring en dien dit ook as samevatting van die wet soos gevind binne Matteus 23:23. Die kerk word geroep om te staan vir dit waarvoor God ook staan (Smit 2011:9).
- Derdens meld Smit dat onderskeiding die kern vorm van bogenoemde twee aspekte. Die kerk gaan moet leer oor wanneer daar vir geregtigheid gestry moet word (Smit 2011:9-10).

Smit sluit af met die woorde dat alhoewel die term “geregtigheid” dalk vir sommige as ’n vreemder tema mag voorkom en hierdie dimensie van die evangelie oor vele eeue dalk misgekyk is, is dit tog ’n duidelike tema wat binne die Nuwe Testament uitgebeeld word. Die Bybelse God is “op ’n besondere wyse die Hulp van die hulpeloses, die Vader van die wees en die Eggenoot van die weduwee, in die woorde van Guido de Brés, die ontfermende God van noodlydendes, armes en verontregtes” (Smit 2011:10).

7.4 My menings aangaande die inhoud van artikels twee tot vier in Belhar

7.4.1 Artikel twee –“Eenheid”

As ek na die inhoud van artikel twee kyk, beskou ek dit as een lang sin waarin al die volgende aspekte na vore tree nl.:

- Dat ons deel het aan een heilige algemene Christelike kerk;
- wat sy ontstaan vind in die versoeningswerk van Christus se offerende daad;
- wat as gawe en opdrag aan my as gelowige gegee word en wat vanaf my as gelowige na my naaste moet oorvloei;
- dat hierdie gawe en opdrag op ’n sigbare wyse, alles wat eenheid mag bedreig, moet bestry – geestelik sowel as sosiaal;
- dat ons ten spyte van ons verskille steeds binne eenheid verkeer omdat ons dieselfde geloof besit en op alle terreine (siel en sin) presies gelyk is;
- dat ons presies dieselfde God en Vader dien;
- dat ons as gelowiges dieselfde sakramente gebruik (brood, beker en doop) as herdenking ten opsigte van Christus se versoeningswerk en ons deelname binne Sy verbond;
- dat ons deur middel van Christus se versoeningsdaad weergebore is tot ’n nuwe mens;
- dat ons, net soos Christus daar was vir ons, ook diensbaar sal wees tot ander (binne en buite die kerk) en;

- Laastens, dat die ware geloof in Christus, met inagneming van al bogenoemde aspekte, my voorwaardelik toelaat om as lidmaat binne Sy kerk te dien.

Na aanleiding van my eie persoonlike bestudering en interpretasie aangaande die inhoud van artikel twee, soos verwoord in die Belydenis van Belhar, is my gevolgtrekking dat daar geensins fout is met die inhoud soos dit deur die outeur van Belhar geformuleer is nie. Dit is Skrifgetrou en verwoord die belangrikheid van “eenheid”, nie net op ’n Gereformeerde wyse nie, maar ook op ’n omvattende wyse. Die inhoud maak dit aan my duidelik dat eenheid sy ontstaan vind in die lewe, kruisiging en opstanding van Christus self. Deur hierdie gebeure word ek as gelowige nie net een met God nie, maar word ek ook een met my medemens. Ek herdenk hierdie eenheid deur middel van die sakramente en aanvaar ook hierdeur die opdrag wat aan my as gelowige gegee word om eenheid te gaan verkondig en toe te pas binne die gemeenskap.

Met Strauss se siening dat “sigbare strukturele kerkeenheid (nie) ... in die Skrif” is nie “en daarom ook nie konfessioneel geyk hoef te word” (Strauss S 1997:5) nie, stem ek nie saam nie. Eenheid binne en buite die kerk vorm ’n kernwaarheid. Dit is nie ’n opsie wat aan ons gegee word nie, maar ’n Bybelse opdrag. Die evangelies van Matteus en Lukas sluit beide af met die opdrag vanaf Christus self dat daar uitgegaan moet word, dat die evangelie verkondig moet word, dat bekering moet plaasvind en mense gedoop moet word. Dit is hoe die mensdom een raak met God en met die geloofsgemeenskap. As daar nie eenheid heers met ons medemens nie, meld Matteus 25:45 dit baie duidelik, is daar ook nie eenheid met Christus nie, want wat ons teenoor ons naaste doen, doen ons ook teenoor Christus en vir hulle wat nie een is met Christus nie, is die uiteinde die ewige straf (Die Bybel – 83 vertaling).

Ten opsigte van Du Plooy se siening dat die doop onderbeklemtoon word in artikel twee, stem ek in ’n mate mee saam. Dit kan dalk effens meer beklemtoon word, maar dit is ook nie heeltemal afwesig in die inhoud van artikel twee nie. Daar word immers vroeër in die artikel vermeld dat ons deur middel van een doop deel vorm van God en die geloofsgemeenskap.

Laastens, stem ek saam met Smit en Moodley dat geskeidenheid of verdeeldheid nie altyd na 'n negatiewe of sondige aspek verwys nie. Die klem vir my val hier op die gesindheid waarmee geskeidenheid of verdeeldheid geskied. As dit plaasvind vanuit eie vrye wil is dit, volgens my, Bybels aanvaarbaar, maar as dit onder dwang plaasvind en op sekere groepe of mense afgeforceer word om in verdeeldheid te leef ten spyte van 'n gesamentlike geloof, is dit vir my verkeerd.

Kom ek neem 'n praktiese voorbeeld wat in sommige hedendaagse kerke nog plaasvind. Sommige “blanke-kerke” wil nie mense van ander rasse in hul kerkgeboue of by eredienste toelaat nie. Geskeidenheid word dus hier in 'n mate afgedwing sodat hierdie ander rasse ander kerke moet gaan soek. Hierteenoor, as persone van ander rasse in hul harte voel dat hulle eerder hulle eie afsonderlike dienste wil hê en nie die eredienste van die blankes wil bywoon nie, vorm hierdie 'n aanvaarbare voorbeeld van geskeidenheid. Solank geskeidenheid in enige vorm afgedwing word, is dit verkeerd.

7.4.2 Artikel drie – “Versoening”

Na bestudering van die inhoud van artikel drie, kan ek my interpretasie as volg opsom:

- God het aan Sy kerk die boodskap van versoening toevertrou in Christus - wie beide honderd persent mens en honderd persent God is, asook deur Christus - met verwysing na die kruisgebeure en Christus wie gedien het as die plaasvervangende offer in ons plek;
- Dat Christus deur middel van die kruis en omdat Hy volkome God is, beide die sonde en die dood oorwin het en daardeur ook alle vorme van onversoendheid, haat, bitterheid en vyandskap oorwin het;
- Deurdat Christus self alle sonde oorwin het en so die wêreld met Homself versoen het, ook die taak tot ons rig om so in Sy voorbeeld te volg;
- Dat ons - met verwysing na die individu, gemeenskap, kerk en land, wat op sy Christelikheid aanspraak maak, net soos Christus, die sout vir die aarde en lig vir die wêreld sal wees;

- Dat hy of sy wat hom of haarself as 'n Christen beskou ook die taak en opdrag sal aanpak om alle vorme en ideologieë aangaande gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag, onderlinge vervreemding, haat en vyandskap sal bekamp.

Ek stem nie saam met Danzfuss se kritiek dat die “plaasvervangende offer van Jesus Christus” (2012:50) nie teenwoordig is in artikel drie van Belhar nie. Na my mening word dit herhaaldelik gestel dat versoening sy ontstaan het in en deur Christus. Ja, ek stem saam met Danzfuss en Bolt dat die kruis nêrens pertinent genoem word nie, maar ten opsigte van laasgenoemde se afwesigheid kom die versoeningsboodskap steeds baie sterk na vore. As 'n mens veilig sou wou speel sou ek aanbeveel dat die kruis net êrens ingevoeg word om die versoeningsboodskap nog meer duidelik uit te lig.

Aangaande Strauss se kritiek dat “gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag ... in die “nuwe” Suid-Afrika na 1994 ... nie meer van toepassing” (Strauss S 2012:54) is nie, stem ek ook nie saam nie. Ja, apartheid is dalk nie meer 'n staatsbeleid nie, maar dit beteken nie dit heers nie meer in die harte van vele persone nie. Rassisme is nog steeds baie duidelik sigbaar, nie net in ons kerke nie, maar ook in ons land en wêreld. Dit maak Belhar nie slegs 'n belydenisskrif wat gerig is teen apartheid nie, maar dit is in sy wese 'n universele belydenis was selfs na die beëindiging van apartheid, universeel staande sal en moet bly!

7.4.3 Artikel vier – “Geregtigheid”

My interpretasie van artikel vier kan soos volg opgesom word:

- Dat God Homself openbaar as 'n God van geregtigheid en vrede;
- Dat Hy op 'n spesiale wyse “voorkeur” bied vir die noodlydende, die arme en die verontregte en dat Hy die kerk roep om dieselfde te doen;
- Dat God geregtigheid laat geskied, voed, bevry, genees, ondersteun, beskerm, onderrig, bystaan;

- Dat God van die kerk verwag om hierdie geregtigheid te laat voortvloei soos 'n standhoudende stroom, sonder einde;
- Dat die kerk sal getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes aangaande hul eie selfsug.

Ek wil na aanleiding van bogenoemde interpretasie, begin deur te meld dat artikel vier 'n ongelooflike beeld aangaande God en Sy karakter weergee. Die God van die Bybel is 'n God van geregtigheid en vrede en liefde. Kyk maar na al die voorbeelde vanuit die Skrif wat hierdie beskrywing aangaande God bevestig.

Daar heers egter by my, net soos by Danzfuss, kommer as dit kom by die bewoording "... dat God op 'n besondere wyse die God van die noodlydendes, arme en die verontregte is en dat Hy sy Kerk roep om Hom hierin te volg" (Artikel 4 van Belhar). Deur die sin so te bewoord, laat dit definitief 'n gaping om verkeerd geïnterpreteer te word en so ook 'n lyn te trek tot die sogenaamde bevrydingsteologie en Swart teologie. Soos die sin tans lees, klink dit pertinent of God kant kies. Dat Hy op 'n besondere wyse meer daar is vir die onderdrukte ens. as vir die res van die mensdom.

Jonker het op hierdie kritiek reageer en sy woord gegee dat dit nie die bedoeling van die sinsnede is nie. Persoonlik gesien, wil ek graag sy woord vat dat daar nie elemente van die bevrydingsteologie ingebed lê binne hierdie sinsnede nie, maar 'n mens kan nie anders as om die inhoud te bevraagteken nie. Dit wat Jonker meld en dit wat swart op wit voor ons op die tafel lê, stem nie ooreen nie. Dit stem ook nie ooreen met 'n teksgedeelte soos Romeine 2:11 wat meld: "God trek immers niemand voor nie" (83-vertaling). Binne artikel vier van Belhar klink dit of God kant kies vir die onderdrukte en teen die bevoorregtes.

Bygesê, ek kan verstaan waarom die outeurs van Belhar hierdie gedeelte so verwoord het. Vir die onderdrukte, arme en noodlydende, voel dit baie maal asof God hulle nie raaksien nie, dat Hy nie die swaarkry raaksien wat hulle moet verduur nie. As 'n mens egter kyk na hoe hulle bemoedig word in artikel vier, klink dit weer asof God net vir hulle

raaksien en net vir hulle daar is en vir geen ander persoon wat onder beter omstandighede verkeer nie.

Wat is my aanbeveling? In plaas daarvan om die strofe te verwoord met " ...dat God op 'n besondere wyse die God van die noodlydendes, armes en die verontregtes is en dat Hy sy Kerk roep om Hom hierin te volg", sou ek voorstel dat dit eerder formuleer moet word met die woorde "... dat God op 'n besondere wyse **ook** die God van die noodlydendes, armes en die verontregtes is en dat Hy sy Kerk roep om Hom hierin te volg". Deur hierdie een enkele woord in te voeg, verander die betekenis radikaal. Nou word dit verwoord dat God op 'n besondere wyse vir almal is. Dit stem presies ooreen met Romeine 2, asook die inhoud van Amos 5.

Deur hierdie woord nl. "ook" in te voeg, maak dit na my mening ook die deur toe vir enige koppeling met die sogenaamde bevrydingsteologie en Swart teologie. God is regverdig en liefdevol nie slegs vir enkeles nie, maar vir almal.

7.5 Gevolgtrekking

Op die eerste vraag wat aan die begin van die hoofstuk gevra is nl.: Of Belhar kernwaarhede deurgee is my antwoord 'n duidelike ja. Word dit korrek geformuleer binne die Belydenis van Belhar? Ten opsigte van artikel twee en drie is my antwoord ja, maar ten opsigte van artikel vier, is my antwoord, nee!

Ten opsigte van die groot vraag of 'n mens na aanleiding van hierdie asook die vorige hoofstuk 'n antwoord kan bied op die vraag nl. of Belhar as 'n belydenisskrif aanvaar moet word in die NGK, is my opinie dat dit nog nie finaal op hierdie stadium klinkklaar beantwoord kan word nie. Die meeste aspekte is al tot dusver gedek, maar daar bly nog twee aspekte oor vir diskussie. Hierdie aspekte handel rondom die vrae of Belhar se inhoud nie die reeds bestaande gereformeerde belydenisskrifte dupliseer nie en of Belhar na ekumene streef sonder dwang?

Hoofstuk 8

'n Kritiese Dialoog (vervolg):

Bely Belhar iets nuuts vir die toekoms?

8.1 Inleiding

Die huidige aanvaarde belydenisskrifte vorm die kern en hart van die kerk. Dit is deur middel van hierdie belydenisskrifte waardeur die kerk die kernwaarhede van sy geloof uitbeeld. Dit word beskou as ernstige en duursame oortuigings binne 'n wêreld wat konstant verander (Strauss PJ 2005:563).

Die kernvraag wat in hierdie hoofstuk op die tafel geplaas word, is of die inhoud van die Belydenis van Belhar met iets nuuts vorendag kom wat as kernwaarhede gesien en bely moet word? Hierdie vraag sluit ten nouste aan by die die gereformeerde vereiste dat nuwe moderne belydenisskrifte slegs aanvaar mag word as dit nuwe sake bely of nuwe dinge binne reeds bestaande sake bely (Durand 1984:44). Nuwe belydenisskrifte mag nie slegs bestaande belydenisskrifte dupliseer of dieselfde sake deur middel van ander woorde probeer bely nie (Strauss P 2005:563). Verder, omdat belydenisskrifte as ernstig en duursaam beskou word, kan dit ook nie kort-kort gewysig of aangevul word nie (Strauss P 2005:563). As laasgenoemde aspekte uitgevoer word, kan dit in geen ander lig beskou word as om te vermeld dat die kerk eerstens, nie genoegsame vertrouwe het in die reeds bestaande belydenisskrifte nie en tweedens, dat die kerk nie erns toon met dit wat reeds bely word nie (Strauss P 2011:3).

Daarom word hierdie vraag nou op die tafel geplaas vir bespreking. Meld Belhar iets nuuts of dupliseer dit slegs reeds bestaande gereformeerde belydenisskrifte?

8.2 Bely Belhar iets nuuts?

As inleiding tot hierdie dialoog tree Moodley eerste na vore en meld dat as die Belydenis van Belhar vergelyk word met die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls, skiet dit ver tekort ten opsigte van sy inhoud en detail. Die rede hiervoor is dat Belhar slegs drie sake uitlig en beklemtoon. Hierteenoor vermeld die drie Gereformeerde Belydenisskrifte al die noodsaaklike aspekte wat elke gelowige moet weet ten opsigte van sy verlossing. Anders gestel, die drie Gereformeerde Belydenisskrifte word as heilsomvattende belydenisskrifte beskou en Belhar nie (Moodley 2012:89).

Moodley meld verder dat as die Belydenis van Belhar aanvaar word slegs op gronde van eenheid en geregtigheid, sal dit die belydenis se integriteit óf ondermyn óf verhef. Ten slotte meld Moodley: “Therefore by accepting Belhar as a confession on par with the other three accepted confessions we either inflate Belhar or we deflate the other three confessions to the level of Belhar” (Moodley 2012:89).

Maar was Belhar werklik nodig? Volgens die VGKSA, destydse NGSK, is die antwoord op hierdie vraag ’n duidelike ja. Die omstandighede wat binne daardie spesifieke tyd aan die orde van die dag was, is so belangrik geag deur die NGSK dat dit op geen ander manier as deur middel van ’n nuwe belydenisskrif aangespreek kon word nie. Die aandrang tot die opstel van so ’n nuwe belydenisskrif is nog meer versterk deur die VGKSA, destydse NGSK, se siening dat die drie Formuliere van Eenheid nie genoegsaam aangaande hierdie drie sake nl. eenheid, versoening en geregtigheid, uitspraak lewer nie (Kerkbode 160/4(1998)11).

Durand sluit ten nouste hierby aan deur te meld dat die tydperk waarin die drie Formuliere van Eenheid geformuleer is, drastiese verskil het van die omstandighede waarbinne Belhar sy ontstaan bevind het. Die inhoud van die drie Formuliere van Eenheid was dus net nie goed genoeg nie. “Die situasie het om meer gevra” (Durand 1984:44). Tog, gepaard hiermee, erken Durand dat die 1982-Sinode van die destydse NGSK met niks nuuts vorendag gekom het nie (Durand 1984:44).

Hier kan mens dus nou die vraag vra of die VGKSA, destydse NGSK, dus van mening was dat die drie Formuliere van Eenheid nie net onvolledig is nie, maar ook onvoldoende was om hul behoeftes aan te spreek.

Volgens Danzfuss stem beide Smit en Durand daarin ooreen dat die “horisontalistiese benadering tot eenheid, versoening en geregtigheid nie in ons gereformeerde belydenisse te vinde is nie” (Danzfuss 2012:48).

Strauss reageer hierop en sê dat daar oor die jare al vele male geargumenteer is rondom die feit dat nuwe moderne belydenisskrifte soos bv. die Belydenis van Belhar nie die heilsomvattende Christelike waarheid hoef te herhaal of verwoord nie, maar dat dit eerder as aanvullend by die reeds bestaande belydenisse gesien moet word. Volgens hom vorm hierdie aspek geensins ’n geldige argument nie. So ’n standpunt sal beteken dat die drie Formuliere as beide onvolledig en onvoldoende beskou word en so ook nie gesien sal word as ’n “geldige uitdrukking van die algemene Christelike geloof nie” (Strauss S 2012:54).

Danzfuss stem geensins saam met Smit en Durand se standpunt dat die “horisontalistiese benadering tot eenheid, versoening en geregtigheid” (Danzfuss 2012:48) nie genoegsaam in die gereformeerde belydenisskrifte te vinde is nie. Volgens hom is dit wel sterk teenwoordig en word dit duidelik vanuit die Skrif net vanuit ’n heel ander benadering in die drie Formuliere van Eenheid aangespreek (Danzfuss 2012:48).

8.3 Belhar en die drie Formuliere van Eenheid aangaande Eenheid, Versoening en Geregtigheid

Vervolgens sal daar weer individueel na artikels twee tot vier van Belhar gekyk word ten opsigte van bogenoemde aspekte. Gepaard hiermee sal die die inhoud van elke artikel met die drie Formuliere van Eenheid vergelyk word om sodoende te bepaal of Belhar iets nuut na die tafel bring en of dit slegs reeds bestaande belydenisskrifte dupliseer.

8.3.1 Eenheid

Die beeld aangaande die kerk, soos dit verwoord en bely word in die Belydenis van

Belhar, stem ten nouste ooreen met dié van die Apostoliese Geloofsbelydenis soos dit weergegee word in Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus (Sien Bylaag 4), dat gelowiges daarna streef om hul gawes tot “nut en saligheid” (Strauss P 2011:4) onder hulle medemens aan te wend. Tweedens, die verdere verwysing na die kerk as “geroepe uit die ganse menslike geslag” (Botha 2010:14) word ook net so verwoord in Sondag 21 van die Heidelbergse Kategismus. (Verslag 1998:16).

Verdere uitsprake aangaande eenheid van die kerk is soos volg te vinde binne die drie Formuliere van Eenheid (Sien bylae 3 tot 5):

- NGB Artikel 27 – “Tog is dit (die kerk) met hart en wil in een en dieselfde Gees, deur die krag van die geloof saamgevoeg en verenig” (Verslag 1998:16).
- NGB Artikel 27 – Die kerk is “’n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo” (Verslag 1998:16).
- NGB Artikel 28 – Met die fokus op die verpligtinge van gelowiges, word gemeld dat hulle “as lede van een en dieselfde liggaam ... die broers in die opbou van hulle geloof” moet dien (Verslag 1998:16);
- HK Sondag 21 – Met die klem hier op die gemeenskap van gelowiges word gemeld (Verslag 1998:17) “dat gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Jesus Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het ... (en) dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend” (Sien Bylaag 4).
- DL 3/4.7 – Binne die konteks van die Nuwe Testament heers daar nie meer ’n onderskeid tussen volke nie, daarom beklemtoon die DL dat (Verslag 1998:17)

“daar nie sprake is van die waardigheid, dié van een volk bo die ander nie (Sien Bylaag 5).

Sybrand Strauss meld dat alhoewel Belhar, net soos die Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die kerk handel, lê die aksente egter op 'n ander plek. Vanuit die perspektief van die drie Formuliere gesien, word die kerk streng teologies (vanaf God) en nie antropologies (vanaf die mens) benader nie. Wanneer ons dus meld dat ons in die kerk glo beteken dit eintlik dat ons glo dat God Self sy kerk bou in hierdie wêreld. Hierdie kerk van God staan volledig in diens van die Koninkryk en mag daarom geensins misbruik word om politieke doelstellings te bevorder nie. (Strauss S 2012:55).

Die Drie Formuliere van Eenheid maak verder ook nie gebruik van die “filosofiese skema” (Strauss S 2012:55) aangaande die sigbare en onsigbare kerk nie. Die klem van kerklike eenheid spruit slegs vanuit “die eenheid van ware geloof” (Strauss S 2012:55) wat God deur middel van Sy Woord en Gees bewerk. Ja, 'n sigbare vorm van strukturele kerkeenheid is vir gereformeerdes belangrik, maar volgens Strauss vorm dit nie 'n hoofsaak nie en daarom hoef dit ook nie konfessioneel bely te word nie (Strauss S 2012:55).

Ten opsigte van die Nederlandse Geloofsbelydenis, sluit Piet Strauss ten nouste aan by Sybrand Strauss. Artikels 15 tot 37 (Sien bylaag 3) handel aangaande die sigbare en onsigbare kante van die kerk. Strauss beklemtoon laasgenoemde en voeg by dat alhoewel die terme mag verskil, is dit wel daar. “Almal wat glo, let wel, is verplig om hulle by die ware kerk aan te sluit: wat hulle stand of status ook al is” (Strauss P 2011:3). Dit beteken dat geen regeerders of die wette van regeerders iemand dit mag verbied nie. “Sterker taal teen iets anders as geloof as die enigste vereiste vir kerklidmaatskap is nouliks denkbaar” (Strauss P 2011:3).

8.3.2 Versoening

As daar gekyk word na die inhoud van artikel 3 in Belhar wat handel aangaande die

kerk wat opgeroep word tot versoening, vind 'n mens dat dit slegs 'n uitbreiding vorm van aspekte wat reeds binne die drie Formuliere van Eenheid verwoord word (Sien bylae 4 en 5) (Verslag 1998:17).

- Die HK Sondag 40 (Verslag 1998:17) meld na aanleiding van die sesde gebod dat “terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself. Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees, alles wat hom kan benadeel, so vermoontlik probeer voorkom en selfs aan ons vyande goed doen” (Sien Bylaag 4).
- DL 3/4.7 meld dat “die onderskeid tussen die volke (wat) nou weggeneem is” en dat die gedagte “aan die waardigheid van die een volk bo die ander” afgewys word (Sien Bylaag 5).

Sybrand Strauss meld dat die boodskap aangaande versoening wel 'n Bybelse opdrag is ten opsigte van 2 Kor. 5:17-21. Maar as die Belydenis van Belhar noukeurig op hierdie punt bestudeer en vergelyk word met die Drie Formuliere van Eenheid, kom 'n mens volgens Strauss vinnig 'n verskil agter. Weereens is daar volgens hom 'n aksent verskuiwing (Strauss S 2012:55).

In die Drie Formuliere van Eenheid val die fokus eerstens op die vertikale tendens. Versoening vind sy oorsprong deur die soenoffer van Christus aan die kruis. As voorbeeld hiervan, verwys Strauss veral na die Heidelbergse Kategismus Sondag 23, Vrae 61 en 62 wat handel oor die “genoegsame, geregtigheid en heiligheid van Christus” (Strauss S 2012:56) Volgens hom vind 'n mens niks van laasgenoemde binne Belhar nie. Dit fokus slegs op die horisontale tendens en die gevolge wat dit inhou vir die samelewing (Strauss S 2012:56).

Dit is egter ook van kardinale belang om by te voeg dat 'n gereformeerde belydenis nie net op die vertikale tendens moet fokus nie. Die horisontale tendens vloei vanuit die vertikale tendens, maar die vertikale tendens staan altyd eerste. Strauss verwoord dit so mooi as hy sê dat “die verbond tussen God en ons eensydig is in sy ontstaan, maar tweesydig is in sy bestaan” (Strauss S 2012:56). As die vertikale – en horisontale

tendens omgekeer word, is dit ongereformeerd. Dan verwag 'n mens eintlik "foutiewelik dat God as't ware op jou geloof en bekering moet reageer (Strauss S 2012:56).

Met verwysing na antwoord 93 in die Heidelbergse Kategismus, sluit Piet Strauss by Sybrand Strauss aan en meld dat die saak rondom versoening direk gekoppel kan word aan die tweede tafel van die wet. Naasteliefde en versoening en vrede moet gesien word as 'n reaksie van dankbaarheid. Hierdie dankbaarheid rus op die basis van God se reg en geregtigheid. Anders gestel, as gevolg van God se genadige versoening tot die mens, moet die mens hierop vanuit dankbaarheid reageer en versoening toepas tot sy naaste (Strauss P 2005:570). Piet Strauss beklemtoon net soos Sybrand Strauss, die belangrikheid van die vertikale tendens wat eerste moet staan, maar nie teenwoordig is binne Belhar nie.

8.3.3 Geregtigheid

Wanneer dit kom by die saak van sosiale geregtigheid, meld Sondag 42 van die Heidelbergse Kategismus (Sien Bylaag 4) dat die oortreding hiervan "kan gebeur met geweld of skyn van reg" (Verslag 1998:17). Dieselfde Sondagafdeling meld verder: "Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel" (Verslag 1998:17). Hierdie verwoording dien as aanknopingspunt tot die inhoud van Belhar, maar meer nog, dit sluit ook ten nouste aan by die agste gebod van die wet. Dit is (let op my woorde) "die kerk" se taak om mense in nood en lyding by te staan. Omdat God Homself aan die kerk openbaar as die Een wat eenheid, versoening en geregtigheid bewerkstellig het, moet die kerk vanuit dankbaarheid dit ook toepas binne die samelewing.

Piet Strauss sluit ten nouste hierby aan en wys daarop dat die omstrede sin in artikel vier van Belhar nl: "dat God op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verdrukke is" 'n vorm van kategorisering uitbeeld. Aan die een kant is die "haves" en aan die anderkant die "have-nots" (Strauss P 2011:4). Volgens hom verskil dit van die drie Formuliere van Eenheid. Vraag en Antwoord 93 van die Heidelbergse Kategismus koppel versoening of naasteliefde tot die agste gebod van die wet. Bybelse

versoening realiseer alleenlik op die basis van geregtigheid. Hierdie geregtigheid, volgens Strauss, is op alle mense van toepassing (Strauss P 2011:4). Daar is dit geen vorm van kategorisering nie. Almal is gelyk voor God.

Die groot vraag wat steeds vir 'n antwoord vra, is of hierdie stelling in stryd is met die Drie Formuliere van Eenheid? Volgens die inhoud van 'n verslag wat voorgelê is aan die Sinode van Wes-Transvaal in 1998, sou dit wel in stryd wees indien hierdie beklemtoning van armoede en verontregting verhewe word tot 'n besondere heilskategorie (Verslag 1998:18). Anders gestel, as mense slegs weens armoede en verontregting, deelhebbers word van God se genade en hulle so ook deel uitmaak van God se volk, is die inhoud wel in stryd met die drie Formuliere. Is dit die standpunt wat Belhar probeer verwoord? Nee, Belhar maak dit duidelik dat die enigste voorwaarde vir lidmaatskap tot die kerk van God, slegs verkry kan word deur middel van geloof in Jesus Christus (Verslag 1998:18).

Hierdie Noodlydendes, armes en verontregtes word dus nie hanteer as 'n besondere heilskategorie nie, maar hulle word eerder gesien as persone wie se belange behartig word deur God wat "Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring" (Verslag 1998:18).

Ek het in die vorige hoofstuk die voorstel gemaak dat die woord "ook" ingevoeg moet word sodat die gedeelte soos volg lees nl.: dat God "op 'n besondere wyse (ook) die God van die noodlydendes, die armes en die verontregtes is" (Art 4:Belhar). Die invoeging van hierdie woord help, na my mening, om hierdie onsekerheid van 'n moontlike heilskategorie klassifisering, uit te skakel.

'n Mens kan nie anders nie as om in 'n mate met Sybrand Strauss saam te stem wanneer hy meld dat hierdie omstrede sin nl. "dat God op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die verdrukke is" elemente van die bevrydingsteologie bevat (Strauss S 2012:56). Vanuit die inhoud blyk dit werklik asof God kant kies, asof Hy Homself posisioneer aan die kant van die armes, verdruktes en noodlydendes. So 'n siening soos reeds gemeld, is nie Bybels nie en dus ook teen die drie Formuliere van

Eenheid. Daarom bly ek by my standpunt dat die inhoud herbewoord moet word sodat enige gapings vir wanpersepsies uitgeskakel kan word.

8.4 Gevolgtrekking

Ter afsluiting van hierdie hoofstuk kan 'n mens nou 'n antwoord bied aangaande die vraag of die Belydenis van Belhar enige nuwe sake na die tafel bring wat bely moet word. Anders gestel, verwoord Belhar kernwaarhede wat nie in die Drie Formuliere van Eenheid voorkom nie?

Volgens my is die antwoord 'n duidelike nee! In hierdie hoofstuk is aangedui dat Belhar op vele gebiede die drie Formuliere dupliseer of slegs sekere aspekte verder belig. Daar is nêrens sprake van enige nuwe kernaspekte wat bely word nie. Eenheid, versoening en geregtigheid is na my mening kernwaarhede, maar as 'n mens in diepte die drie Formuliere van Eenheid bestudeer, vind 'n mens dat dit reeds daarin aangeraak word. Dit help nie 'n moderne belydenis dupliseer 'n reeds bestaande belydenis deur net die aksent rond te skuif nie. Dit maak nie 'n moderne belydenis anders as 'n reeds bestaande belydenis nie.

Ek moet egter byvoeg dat ek kan verstaan waarom die outeurs van Belhar die horisontale tendens helderder wou uitlig. Dit is 'n aspek wat nie net tydens apartheid tekort geskied het nie, maar dit is 'n aspek wat wêreldwyd nie volkome uitgevoer word nie. Die mensdom toon nie genoeg liefde teenoor sy naaste nie.

Maar die feit dat liefdeloosheid in hierdie wêreld heers, is nie omdat dit nie in die Drie Formuliere van Eenheid verwoord en bely word nie. Dit is omdat die dankbaarheidsaspek, soos gevind binne die Heidelbergse Kategismus, nie ten volle gehoorsaam en uitgevoer word nie. Die mens leef nie genoeg vanuit dankbaarheid nie. Die kerk kan nuwe belydenisskrifte, wat die horisontale tendens uitlig, skryf totdat hulle blou in die gesig is, dit gaan geen verskil maak nie. Durand som dit ongelooflik mooi op met die woorde dat as iemand nie voor God wil buig nie, sal hulle nog minder buig voor mensewoorde (Durand 1984:39).

Die kern van die probleem lê nie in die horisontale tendens nie, maar in die vertikale tendens. As die vertikale tendens reg is (my verhouding met God), sal die horisontale tendens dit vertoon (my verhouding met my naaste).

Hoofstuk 9

'n Kritiese Dialoog (vervolg):

Die Strewe na Ekumene sonder Dwang

9.1 Inleiding

Die aard van die Gereformeerde Belydenisskrifte streef daarna om niks anders te wees nie as die bevestiging van één katolieke of algemene Christelike geloof. Hierdie een katolieke of algemene Christelike geloof word egter op 'n eie en eietydse gereformeerde manier omlyn (Jonker 1994:16). As daar gekyk word na die beslissings van die vroeë en ou kerk aangaande die Triniteitsleer en die Christologie, word gevind dat hierdie elemente aanvaar word omdat dit immers die gronddogmata van die Christelike kerk vorm, maar die soteriologie word egter ook geaksentueer omdat juis hierin die breuk met Rome ontstaan het (Jonker 1994:18).

As daar bv. na die Nederlandse Geloofsbelydenis gekyk word, toon dit 'n duidelike aanvaarding van die drie ekumeniese belydenisskrifte nl. die Apostolicum, Nicea en Athanasius. Dit kom voor in Artikel 9 met sy aanduiding van God as een wese, maar ook drie persone soos vermeld binne Artikel 8. Daar is ook die verwysing na die twee nature van Christus binne Artikel 19. Netso vind ons binne die Kategismus 'n lyn tot die Apostolicum wat in sy tweede deel aangaande die verlossing handel. Vanuit laasgenoemde heers daar dus geen twyfel nie dat die kerke van die Reformasie definitief voortgebou het op die fondament wat deur die vroeë kerk gelê is (Jonker 1994:19).

Na aanleiding van bogenoemde meld Strauss dat “die Reformatore waaronder die gereformeerdes, het dus van meet af 'n ekumeniese inslag in hul belydenisvorming gehad. Hierdie inslag is egter nie beperk tot die vroeë kerk nie, maar blyk ook uit die soeke na resente ekumeniese instemming met hulle belydenisskrifte” (Straus PJ

2005:564). Die doel hiervan was dus nie om 'n bewustelike historiese lyn met die verlede te toon of om 'n konsensus in die hede nie, maar dit wou 'n inhoud toon wat van 'n algemene aard sou wees. Anders gestel, die gereformeerde Protestantisme wou belydenisskrifte van algemene of ekumeniese waarhede in sy belydenisskrifte uit gaan. Dit dien as kernwaarhede wat vir alle tye en kerke geld (Strauss PJ 2005:564).

Binne die gereformeerde perspektief beteken dit egter nie dat alle kerklike sake tot 'n kerklik eendersheid hoef te wees nie. Calvyn was die persoon wat reeds in die geskiedenis gemeld het dat daar binne die geloof, kleiner en groter sake voorkom binne die lewe van die kerk. Hierdie kleiner sake waarna verwys word mag van kerk tot kerk verskil sonder dat dit enigsins die eenheid van kerk in geheel beïnvloed. Die rede hiervoor is omdat dit nie die groter of kernelemente van die godsdiens aanraak nie en sodoende ook nie die effek van saligheid op die gelowiges beïnvloed nie (Strauss PJ 2005:564). Eenheid of eendersheid moet nie tot in die fynste detail gedryf word nie, want dit kan op die ergste vlak tot kerkskeuring lei (Strauss PJ 2005:564). Dit is waarom daar so baie skeurings binne die kerk voorkom asook voorgekom het in die geskiedenis. 'n Mens sal nooit hoor dat daar verskil word rondom die kernelemente van ons God nie. Niemand verskil as dit kom by die identiteit van God, Christus of die Heilige Gees nie. Dit geskied binne kleiner randsake wat nie veronderstel is om so 'n sterk invloed te hê binne die geloof nie. So stig nuwe kerke met dieselfde primêre kernwaarhede af, maar word die randsake ook in 'n mate primêr beskou en as rede beskou vir die wegbreek vanuit die eenheid. Dit is nie die rede waarom belydenisskrifte gevorm en ingestel word nie. Dit probeer juis skeuring verhoed en streef na eenheid binne die kerk (Strauss PJ 2005:564).

'n Belydenis word verder gesien as 'n vrye daad. Dit geskied alleenlik onder die dwang van die Heilige Gees en dit word aangegryp deur die Woord van God, niks meer nie. Dit geskied nie onder enige vorm van aanstigting vanuit wêreldmenings nie (Kleynhans 2009:150). 'n Gemeenskap wat so 'n belydenis aanvaar, vertoon deur middel van woord en daad dat hul deel vorm van so 'n belydenisgemeenskap, waardeur en waarin hulle hulself verklaar teenoor God. Dit is hul eie keuse. So 'n keuse en lewenswyse is

gegrond vanuit die hart en daarom kan en mag dit nie op ander afgedwing of geforseer word nie (Kleynhans 2009:146).

9.2 Ekumeniese vordering tot dusver:

Voordat daar begin word met die dialoog aangaande die strewe na ekumeniese eenheid sonder enige mate van dwang, sal dit interessant wees om net eers te let op die ekumeniese vordering wat die Belydenis van Belhar tot dusver buite die grense van Suid-Afrika behaal het. In sy artikel getiteld *Kerklike reaksie in die Ekumene*, verwys du Plooy na vele kerke se reaksies rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar:

- In die jaar 2000 het die Reformed Church in America (RCA) die besluit geneem om die plaaslike kerke oor te nooi met die doel om hulle mening aangaande die Belydenis van Belhar aan te hoor. Die gevolg hiervan was dat hulle die belydenis nege jaar later, in 2009 met 'n tweederdemeerderheid aanvaar het. Gepaard met hierdie aanvaarding het die RCA ook die vraag begin vra hoe hulle (RCA) voortaan sou kon reageer op die oproep tot eenheid, versoening en geregtigheid soos dit ooreenstem vanuit die inhoud van die Belydenis van Belhar (Du Plooy 2012:92).
- Met 'n klemverskuiwing na Europa, word gevind dat die Protestantse Kerk in Nederland (PKN) reeds vanaf 1999 gesprekke aangaande die Belydenis van Belhar begin voer het, met die gevolg dat dit voortaan opnuut op die tafel van hul sinode sou kom. Volgens Du Plooy se mening blyk dit dat reaksie binne hierdie kerk teenoor Belhar baie positief is (Du Plooy 2012:94).
- In Duitsland het vele kerke reeds vanaf 1998 oor Belhar begin besin. Hierdie kerke sluit in: Die Reformierte Bund, Die Lippische Ländeskirche en Die Evangelische Reformierte Kirche. Volgens Du Plooy is daar in 2010 tydens 'n persoonlike gesprek met verteenwoordigers van Die Evangelische Reformierte

Kirche in Deutschland, aan hom bevestig dat hierdie kerk Belhar erken en aanvaar (Du Plooy 2012:94).

- In 1998 het die Verenigde Protestantse Kerk (VPKB) in België op hul sinode te Pasturages die Belydenis van Belhar as hul eie belydenis aanvaar (Du Plooy 2012:94).
- Laastens noem Du Plooy dat tans ook positief-krities gekyk word oor watter betekenis die Belydenis van Belhar vir die Anglikaanse- en Metodistiese Kerke in Nieu-Seeland kan hê (Du Plooy 2012:94).

Vanuit bogenoemde voorbeelde is dit dus duidelik dat die Belydenis van Belhar globaal 'n positiewe indruk onder kerke gemaak het waarvan vele dit reeds as hul eie aanvaar het. Die vraag is nou: Wat van die plaaslike kerke? Is die ekumeniese reaksie net so positief soos gemerk by die buitelandse kerke?

9.3 Belhar en die ekumeniese strewe binne Suid-Afrika

Met inagneming van die positiewe reaksie wat die Belydenis van Belhar tot dusver in die buiteland behaal het, tree Adonis nou na vore en toon 'n radikale ander prentjie as dit kom by die strewe na ekumene en die aanvaarding van Belhar binne Suid-Afrika. In sy artikel getiteld *The History of Belhar* meld Adonis dat slegs twee kerke nl. die NGSK en die NGKA tot dusvêr die Belydenis van Belhar aanvaar het. Geen ander kerk binne die NGK-familie het so 'n positiewe reaksie getoon nie (Adonis 2006:238). Die groot vraag wat reguit en pertinent gevra moet word, is, waarom? Waarom is daar soveel teenkanting rondom Belhar? Wat is die redes wat veroorsaak dat die strewe na ekumene tans binne die kerke van Suid-Afrika so bedruk en verduisterend voorkom en hoe dra die Belydenis van Belhar hiertoe by?

Dit is hier waar De Beer en Van Niekerk tot die dialoog toetree en 'n paar baie belangrike antwoorde kom bied op bogenoemde vrae. In hulle artikel getiteld: *Die missionêre waarde van Belhar en die NG Kerk-familie se herenigingsgesprek*, word

eerstens twee aspekte uitgelig wat tans besig is om toe te neem binne die kerk, veral met verwysing na die NG Kerk (De Beer 2009:50):

- Met verwysings na die konsultasieproses in 2007 en talle debatte soos dit in die Kerkbode oor die jare verskyn het, word duidelik gemerk dat die gesprekke rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar besig is om menings en gevoelens oor die belydenis te polariseer. Soos die tyd verloop, is die tekens al hoe meer sigbaar dat daar twee groepe begin ontstaan. Aan die een kant is hulle wat ten gunste is van die idee dat Belhar aanvaar word as vierde belydenisskrif. Aan die ander kant weer is daar lidmate wat nie ten gunste is van Belhar se aanvaarding nie. Beide hierdie groepe is teenwoordig in die NG Kerk-familie (De Beer 2009:50) .
- Tweedens, vandat gesprekke rondom eenwording binne die NG Kerk-familie begin is, is die Belydenis van Belhar tot en met die hede gedurigdeur beskou as dié struikelblok wat in die weg staan van eenheid (De Beer 2009:50).

Van der Linde beaam bogenoemde twee punte en voeg by dat die gevolg hiervan is dat die eenwordingsproses nie net tot 'n "slakkepas" vertraag is nie, maar daartoe gelei het dat herenigingsproses in 'n "impasse" beland het (Van der Linde 2002:250-253). Dit alles omdat die VGKSA by die ander lede van die NG Kerk-familie aandring dat die Belydenis van Belhar aanvaar word as vierde Belydenisskrif alhoewel vele dit tot en met die hede nog nie wil aanvaar nie. Dit is hier waar De Beer en Van Niekerk vra maar waarom nie? Waarom het die herenigingsproses weens hierdie aandrang van die VGKSA tot stilstand gekom? Hierby voeg hulle nog twee kardinale vrae by (De Beer 2009:51):

- Is dit werklik die Belydenis van Belhar wat besig is om lidmate van die NG Kerk-familie te polariseer? en
- Is dit werklik die Belydenis van Belhar wat 'n struikelblok vorm in die strewe na eenheid?

Voordat daar voortgegaan word met die dialoog is dit belangrik om te noem dat hier nie 'n oordeel gevel word aangaande die Skrifgetrouheid van die Belydenis van Belhar

en/of die status van Belhar as belydenis nie. Dit is reeds in die vorige hoofstukke bestudeer. In hierdie hoofstuk word aanvaar dat die Belydenis van Belhar deur die NGSK opgestel is en ook so deur hulle in 1986 aanvaar is. Binne hierdie hoofstuk word daar spesifiek daarop gefokus om te bepaal of daar enige ander sentimente, menende aspekte wat geensins met die inhoud van Belhar te make het nie, die strewe na ekumene, veral met die VGKSA, beïnvloed. Die vraag is nou: Is daar sulke sentimente?

De Beer en Van Niekerk meld dat die inhoud van Belhar, met veral klem op die artikels aangaande eenheid en versoening, daarna streef om gelowiges byeen te bring. Die probleem wat egter nou na vore tree is dat vele van mening is dat hierdie belydenis mense polariseer. Hoe kan dit wees? Hoe kan 'n belydenis wat handel oor eenheid en versoening mense polariseer? Dit vorm 'n teenstrydigheid met die terminologie! (De Beer 2009:51). Dus kan dit nie Belhar self wees wat mense polariseer nie. Dit moet iets anders wees. Die vraag is wat? De Beer en Van Niekerk noem drie aspekte wat na my mening nie net duidelik uitstaan nie, maar ook 'n groot mate van dapperheid benodig om te erken.

- Die eerste sentiment strek terug in die geskiedenis tot die WBGK se aankondiging van 'n *status confessionis* in 1982 wat ook tot die skorsing van die NGK uit hierdie wêreldliggaam van Gereformeerde kerke tot gevolg gehad het. Die ontstaan van die konsepbelydenis word beskou as 'n direkte uitvloeisel van hierdie *status confessionis*, soos dit ook deur Gustav Bam voorgestel is. Gegaard met hierdie *status confessionis* het die besluit wat in 1978 geneem is, dat apartheid sonde is, meegebring dat die NGSK "...nie anders kan as om met die diepste leedwese die NG Kerk van teologiese kettery en afgodery te beskuldig nie" (NG Kerk 1982:1074).

Hierdie beskuldiging van kettery en afgodery teenoor die NGK het daartoe gelei dat dit die NGK diep gesny het en mense ongelooflik seergemaak en verneder gevoel het. De Beer en Van Niekerk verwys na 'n ware verhaal soos vertel deur Naudé aangaande 'n leraar se emosies nadat hy hierdie nuus ontvang het: "Ek het die Here Jesus lief. Vakansietye preek ek al jare lank in die Sendingkerk

naby ons vakansiehuis. Is ek nou 'n ketter?" (De Beer 2009:52). Hierdie dien maar as een voorbeeld van vele ander aangaande hoe mense binne die NGK diep geraak is deur hierdie aantygings.

De Beer en Van Niekerk gaan verder en meld dat baie persone hierdie beskuldiging ernstig en persoonlik opgeneem het en dit gevolglik ook die verhouding met die NGSK baie negatief beïnvloed het. Volgens De Beer en Van Niekerk vorm dit die eerste sentiment nl. "dat Belhar aan die emosies rondom die aanklag van kettery en afgodery gekoppel word" (De Beer 2009:52).

- 'n Twee sentiment wat De Beer en Van Niekerk uitlig, handel rondom Allan Boesak en die sogenaamde bevrydingsteologie wat deur lidmate van die NGK aan die Belydenis van Belhar gekoppel word. Dit was Boesak wat die saak teen die NGK by die WBGK tydens hul vergadering in Ottawa gaan voer het, met die gevolg dat hy ook as voorsitter van die Bond verkies is omdat hy sterk op die voorgrond getree het teen die apartheidsbeleid. Volgens De Beer en Van Niekerk maak beide Eloff en Conradie summier die afleiding dat Belhar "dus duidelik die vrug van die struggle-politiek en bevrydingsteologie is" (De Beer 2009:52). Omdat hierdie aspek rondom die sogenaamde bevrydingsteologie reeds in die vorige hoofstuk bespreek is, gaan hier nie verder ingegaan word op die onderwerp nie.
- Derdens meld De Beer en Van Niekerk dat die simboliese betekenis wat aan die Belydenis van Belhar gekoppel word ook 'n groot rol speel en so 'n belangrike sentiment vorm wat nie misgekyk kan word nie. Dit toon 'n beeld van vernedering asook 'n seerkry-belewenis waardeur die VGKSA gedurende die apartheidsera moes gaan. Vir die VGKSA vorm hierdie belydenis in 'n mate 'n bevestiging van hul menswaardigheid. Dus, sou die NGK hierdie belydenis aanvaar, "beteken dit dat die NGK aan die VGK respek betoon as kinders van God" (De Beer 2009:52).

Volgens De Beer en Van Niekerk vorm hierdie drie sentimente die kernredes waarom polarisasie binne die NG Kerk-familie, veral binne die NG Kerk self nie net ontstaan het

nie, maar steeds geleidelik bly toeneem. Of dit in lyn is met die Skrif of met die ander belydenisskrifte vorm slegs randsake. Hierdie drie aspekte vorm die kernprobleem waarom die ekumeniese strewe platval.

Na my mening kon De Beer en Van Niekerk die spyker nie beter op die kop geslaan het nie deur na hierdie drie sentimente nl. die assosiasie van Belhar (met die aanklag van kettery en afgodery), die omstrede persoon van Allan Boesak en die simboliese koppeling tot die Belydenis van Belhar te verwys as redes vir polarisasie binne die NG Kerk nie.

Ek moet egter met groot respek byvoeg dat bogenoemde drie redes, na my mening, nog nie volkome die kern van die probleem vorm nie. Ja, die drie sentimente soos uitgelig deur De Beer en Van Niekerk laat 'n mens in die regte rigting kyk om antwoorde te vind aangaande die ekumeniese kwessie, maar dit toon nog nie ten volle die diepere wese van die probleem nie. Dit is hier waar ek graag nog twee ander elemente wil byvoeg wat volgens my daarmee saamgaan om so die hart van die probleem te vorm:

- Die eerste aspek handel aangaande die destydse staatsbeleid van apartheid. 'n Gebeurtenis wat deur vele beskou word as 'n siekte wat ons land asook sy menseverhoudinge getref het. Alhoewel vele reeds van hierdie ernstige siekte genees is, het dit by ander egter vererger tot op kroniese vlak. Apartheid is nog geensins iets van die verlede nie. Simptome hiervan is nog duidelik te vinde in ons land. Kyk maar na die hoeveelheid blanke kerke wat nog nie ten gunste daarvan is dat ander rasse hul eredienste mag bywoon of hul geboue mag gebruik nie of die woorde van die lied: "Kill the farmer, kill the boer" soos gesing deur Peter Mokaba. Dit is maar slegs twee van vele voorbeelde van hierdie kroniese siekte wat tans nog in Suid-Afrika teenwoordig is. Suid-Afrika het nog nie vrede gevind rondom hierdie aspek nie. Dit is 'n gebeurtenis wat oor die verloop van jare diep in die menswees van die blanke en nie-blanke ingegraveer is. Vele blankes beskou hulself nog steeds as die oppergesag terwyl die nie-blanke steeds met ongeneesde oop wonde van vernedering en onderdrukking rondloop. Daar heers nog baie woede en 'n mens kan hulle wat nog kwaad is nie verkwelik nie. Dit is 'n gebeurtenis wat 30 jaar terug eers beëindig is. Hoeveel

ouer blankes het ek nie al teëgekrom wat nog steeds met woede en haat teenoor die Engelse rondloop as gevolg van die Anglo-Boereoorlog wat meer as honderd jaar terug plaasgevind het. Emosionele seer kan genees, maar dit neem tyd. Dieselfde kan gesê word van apartheid.

Gepaard hiermee wil ek egter byvoeg dat ek groot waardering het vir die feit dat die VGKSA besluit het om 'n belydenis vir hulself te formuleer. In 1981 het Boesak volgens Strauss, voor die *Alliance of Black Reformed Christians in South Africa* gemeld dat: "I indeed believe that black Christians should formulate a Reformed confession for our time and our situation in our own words" (Strauss PJ 2011:6). Ek beaam hierdie uitspraak van Boesak ten volle. Deur die opstel van Belhar het die onderdrukte weer belangrik begin voel, het hy nuwe motivering ontvang om as landsburger binne Suid-Afrika te leef, het hy sy menswaardigheid teruggeneem wat vele jare vantevore van hom weggeneem is. Maar, hierby gesê, omdat een vrug ryp is en gepluk moet word voordat dit vrot, beteken nie dat al die ander vrugte aan die boom al ryp is nie. Dieselfde kan gesê word van Suid-Afrika se landsburgers, asook sy kerke. Die tyd was ryp vir 'n belydenis binne die VGKSA, maar die tyd is nog nie ryp vir hierdie belydenis om oor te vloei na die ander lede van die NG Kerk-familie nie. Verally met inagneming van die aanklag van ketterry en afgodery teenoor die NGK, is die groei- en genesingsproses onder NG Kerk-lidmate geweldig vertraag en het dit nog 'n baie lang pad om te loop.

- Dit bring my by die tweede aspek wat ek graag wil uitlig en dit handel oor die gesindheid waarmee die VGKSA die NGK versoek om die Belydenis van Belhar te aanvaar. Vele NGK lidmate voel dat dit op hulle afgeforseer word om dit te moet aanvaar soos vervolgens ook verder binne die dialoog bespreek gaan word. Soos reeds genoem, neem emosionele genesing tyd. Dit is nie iets wat afgeforseer kan word nie. Dit help nie 'n mens probeer die groen vrugte ryp druk nie. Dit werk nie so nie. Dit is waarom daar steeds groot teenkanting binne die NGK teenwoordig is rondom die aanvaarding van Belhar. Dit is waarom daar

tans apartheid, menende polarisasie, binne die kerk heers. Nie almal is emosioneel gereed vir so 'n voorwaartse beweging nie. Die afdwinging van die aanvaarding van Belhar veroorsaak dat die historiese apartheid 'n hedendaagse apartheid binne die NGK veroorsaak het.

In Engels is daar 'n baie bekende gesegde wat soos volg lui: *Time heals all wounds*. Dit is volgens my ook van toepassing as dit kom by die oproep vanaf die VGKSA. Tyd vir volkome genesing is nou eers nodig voordat verder gepraat word oor Belhar en kerkhereniging.

9.4 Die afgeforseerde gevoel van Belhar

Tydens die Sinode van 2004 te Hartenbos is besluit om die Belydenis van Belhar deel te maak van die belydenisgrondslag van 'n verenigde NG Kerkfamilie, "maar nie so dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate dit vanselfsprekend as belydenis hoef te aanvaar nie" (Strauss PJ 2012:73). Die rede vir hierdie besluit was omdat daar beseft is dat nie almal ten gunste is van die aanvaarding van Belhar nie. Hierby wou die Sinode ook geen persoon forseer om die belydenis te aanvaar nie, want dit vorm nie die kerklike manier van doen nie. Oortuiging kom vanuit die hart en kan nie afgedwing word nie (Strauss PJ 2012:73).

Die vraag wat nou opduik is of hierdie "ruim huis"- besluit omstandighede binne die NGK, asook sy verhouding met die VGKSA enigszins verbeter het. Aan die een kant kan 'n duidelike "ja" gemeld word. Deur hierdie besluit is dié wat ten gunste van Belhar is nou die geleentheid gegee om dit te aanvaar terwyl hulle wat nie ten gunste daarvan is nie se besluit respekteer sou word.

Aan die ander kant moet hierdie vraag ook met 'n duidelike "nee" beantwoord word. Die feit dat nie almal binne die NGK die aanvaarding van Belhar steun nie, het veroorsaak dat daar toenemende spanning binne die NGK ontstaan het. Hulle wat teen die aanvaarding van Belhar is, voel dat hulle nie net deur die VGKSA verkwalik word nie, maar nou ook deur die voorstanders van Belhar binne die NGK. Hierdie situasie wek al

hoe meer spanning en daar word gevrees dat dit daartoe kan lei dat die NGK moontlik in die toekoms kan skeur. Ten spyte van die “ruim huis”-besluit word die Belydenis van Belhar dus steeds afgeforseer op die teenstanders binne die NGK. Die gesindhede en die woorde wat met hierdie afforsering gepaard gaan, wek groot kommer soos vervolgens binne die dialoog gesien sal word.

Jonker se artikel getiteld: *Die Konsepbelydenis van die Ned. Geref. Sendingkerk*, dien as inleiding tot hierdie dialoog.

Volgens Jonker moet die afkondiging van die *status confessionis* deur die NGSK en die aanvaarding van die Belydenis van Belhar gesien word as een van die belangrikste gebeurtenisse in die geskiedenis van die NGK. Volgens hom veroordeel die *status confessionis* nie slegs apartheid as ideologie en politieke stelsel nie, maar veroordeel dit ook die teologiese regverdiging daarvan soos dit toegepas was deur die NGK. Die Belydenis van Belhar dien juis die doel om die teologiese en leerstellige dwaling van die NGK te veroordeel (Jonker 1986:1-4).

Jonker gaan verder deur te meld dat die NGK se probleem rondom die aanvaarding van Belhar nie lê op die teologiese vlak nie, maar omdat hy “besef dat hy skuldig is aan die miskenning van fundamentele aspekte van die Bybelse leer” (Jonker 1986:1-4). Daarom meld Jonker dat die NGK moet ophou om op ’n “geïrriteerde wyse te pioneer of om tot selfverdediging en teenbeskuldiging oor te gaan” (Jonker 1986:1-4). Volgens hom is dit tyd dat die NGK homself moet verootmoedig (Jonker 1986:1-4).

Asof hierdie nie alreeds ’n mond vol is nie, tree Leopold Scholtz volgens Janse van Rensburg ook nou na vore en plaas hy die kersie op die koek deur te meld: “Die smet van apartheid sal slegs verwyder word wanneer Belhar aanvaar word en kerkvereniging plaasvind” (Janse van Rensburg 2012:62). Gepaard met bogenoemde uitsprake is daar ook al deur lede van die VGKSA gemeld dat as die NGK nie die Belydenis van Belhar aanvaar as vierde belydenisskrif nie, beteken dit dat die NGK nog nie apartheid afgesweer het nie.

Voorafgaande uitsprake versterk die twee aspekte wat ek vroeër uitgelig het. ’n Mens kan hier duidelik hoor dat apartheid nog lewend is en steeds ’n aktiewe rol speel. Wat

by my egter die grootste kommer wek is die gesindheid wat met hierdie persone se standpunte gepaard gaan. Dit is nie 'n versoek wat vanuit liefde geskied nie. Dit gaan gepaard met beskuldigings en voorwaardes. Die teenstanders word op 'n emosionele vlak afgekraak eerder as wat daar na ekumene gestreef word. Geen wonder nie dat vele teenstanders van Belhar hul woede en hartseer laat hoor weens hierdie geforseerde benadering van die voorstanders (Theron 2012:11).

Piet Theron, 'n lidmaat binne die NGK, tree in reaksie op bogenoemde aanklagte eerste na vore om sy besware te laat hoor. Die eerste aspek wat Theron uitlig, is dat hy begrip het vir die behoefte na eenheid en hy steun hierdie beginsel volkome. Hy maak dit egter ook duidelik dat die aanvaarding van Belhar deur die VGKSA groot skade binne die familiekring veroorsaak het. Volgens hom het hierdie aanvaarding daartoe gelei dat die NGK nou 'n "Kainsmerk van kettery" gekry het en die NGKA verskeur is (Theron 2012:11).

Theron gaan verder en meld dat hy gedurig vanaf kansels, verhoë en via die media moet hoor hoe sleg die NGK asook sy lidmate is omdat hulle nie by die VGKSA wil aansluit en die Belydenis van Belhar wil aanvaar nie. Die gevolg van hierdie aanhoudende beskuldigings en afkraking wat as't ware "'n refrein in die media geword het, het hom asook derduisende medelidmate omtrent vuisvoos verguis" (Theron 2012:11). Die NGK het volgens Theron hoeveel keer reeds om vergifnis gevra aangaande die gebeure van apartheid, maar "die klippereën uit die hande van die rein onskuldiges en verguising het van tyd tot tyd in die felheid toegeneem. Soms het dit vir my gevoel 70 x 7 keer vergifnis vra sal in die oë van die klipgooiers nie genoeg wees nie" (Theron 2012:11). Hy meld hierby dat die NGK as sondaars gebrandmerk is en al manier om daarvan te ontsnap, volgens die VGKSA, is om Belhar te aanvaar. Die NGK word as regse rassiste beskuldig wat nie van die verlede wil ontsnap nie (Theron 2012:11).

Die ergste van alles, volgens Theron, is dat daar nou vanuit die hoogste kringe binne die NGK ook aantygings kom dat hulle wat nie Belhar wil aanvaar nie, hulself besig hou met "skandalige praatjies". Theron kom op die punt waar hy meld dat vergewe, vergeet, vergifnis en versoening belangrik is, maar "tot hier toe en nie vêrder nie. NG lidmate

moet vergewe en vergeet, maar die VGKSA se mense en mense uit die NG kring het skynbaar die reg om te onthou, te herkou, te verwyf, te skop en te verguis. Hulle hoef nie te vergewe nie” (Theron 2012:12). Theron maak dit baie duidelik dat hy die houding van die VGKSA as liefdeloos beskou (Theron 2012:12).

Sybrand Strauss tree tweede aan die woord en beaam alles wat hierbo deur Theron gesê is. Hy voeg by dat daar sommige persone is wat hulself daarin verheug dat die VGKSA die Belydenis van Belhar as’t ware soos ’n rewolwer teen die NGK se kop hou. Volgens Strauss is die NGK geregtig om weens so ’n houding Belhar gewoon net te verwerp (Strauss SA 1997:4).

Aangaande apartheid meld Strauss dat die NGK lankal sy reis met apartheid voltooi het. “Hy het dié albatros eens en vir altyd van sy nek gegooi” (Strauss SA 1997:4). Dit is volgens Strauss die kerk se taak om doelgerig weer opgebou te word om diensbaar te wees tot die eer van God (Strauss SA 1997:4).

Vervolgens tree Piet Strauss na vore met onder andere ’n paar vrae wat hy vra. Eerstens vra hy hoekom die opstel en formulering van die Belydenis van Belhar slegs tot die kerkverband van die Sendingkerk beperk was en die voorstel om die NGK vooraf in die saak te ken, verwerp is. Dit is dus vanselfsprekend dat ander kerke, veral die NGK moeilik hierdie belydenis sal aanvaar omdat die inhoud niks meer as ’n eensydige getuienisdaad van die NGSK vorm nie (Strauss PJ 2005:571-572).

Tweedens verwys Strauss na die bedoeling waarmee Smit gehelp het met die formulering van die belydenis. Volgens Strauss was Smit se siening “ dat ’n belydenis nie deur ’n meerderheidstem alleen of gewetensdwang aanvaar word nie, maar deur ’n proses van gee en neem waarin gelowiges mekaar opnuut vind” (Strauss PJ 2005:572). Strauss gaan verder en meld dat hierdie glad nie was hoe die proses verloop het binne die NGSK nie. Belhar is met ’n meerderheidstem aanvaar en dié binne die NGSK wat daarteen was, was forseer om dit te aanvaar (Strauss PJ 2005:572). Dus kan ’n mens duidelik hier sien dat die VGKSA geensins Smit se bedoeling rondom die belydenis wou insien nie en slegs hul eie kop wou volg. Die gevolg is dat die VGKSA nou presies dieselfde van die NGK verwag en dit is nie aanvaarbaar nie.

Nou, voordat hierdie dialoog enigsins verder gevoer word, sal dit dalk gepas wees om Smit se siening self te hoor aangaande die bedoeling van Belhar vir die VGKSA, asook vir die NGK. In sy artikel getiteld: *Die Belydenis van Belhar: Ontstaan, Inhoud, Resepsie, Relevansie* meld Smit dat dit nooit die bedoeling was dat dit van enige van die ander kerke binne die NG Kerk-familie verwag sou word om die belydenis te aanvaar nie. Hiermee saam was dit egter vir die destydse NGSK van groot belang om wel terugvoering van die NG Kerk-familie te ontvang aangaande die inhoud van die belydenis. Daarom, volgens Smit, is daar tydens die 1986-Sinode besluit om “kommentaar oor die belydenis aan te vra van kerke uit die breër ekumeniese verband, plaaslik sowel as oorsee” (Smit 1998:15). Smit gaan verder en meld dat hierdie belydenis nooit in die weg moes staan van ’n strewe na kerkeenheid nie (Smit 1998:16).

Wat vir my egter ironies is, vind ’n mens slegs ’n paar paragrawe later in die artikel van Smit waar hy meld: “Na 1986 het die Gesprekskommissie, in opdrag van die Sinode, ook aan die verteenwoordigers van die NGK duidelik gemaak dat die NGK nie die belydenis as hulle eie belydenisskrif hoef te aanvaar nie, maar dat die NGSK wel ’n duidelike reaksie oor die inhoud sou wou hê, omdat dit sou bepaal of ons verder die weg van kerkeenheid sou kon gaan” (Smit 1998:16).

Dwarsdeur Smit se argument meld hy dat daar nie van die NGK verwag word om die belydenis as hul eie te aanvaar nie. Verder meld hy dat die belydenis nie in die weg moet staan van kerkhereniging nie, maar aan die einde kom presies die teenoorgestelde na vore waar Smit meld dat die NGSK graag die NGK se reaksie wil hoor om te bepaal of kerkeenheid moontlik sou wees (Smit 1998:16). Dit is dus vir my hier baie duidelik dat die Belydenis van Belhar, ten spyte van hoe Smit dit aan die begin verwoord het, tog as vereiste dien vir kerkhereniging. Ja, die NGK het die keuse of hy dit wil aanvaar of nie, maar die strewe na kerkhereniging sou afhang van die NGK se besluit. Dus kan ’n mens dit vanuit die mond van die VGKSA (destydse NGSK) soos volg opsom – aanvaar Belhar en ons kan herenig, aanvaar Belhar nie en ons kan nie herenig nie.

In Smit se artikel tree daar drie ander sprekers ook na vore wat ten gunste van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar is. Hulle is onderskeidelik Prof. Willie Jonker, Prof. John Gruchy en Prof. Jaap Durand.

Volgens Smit meld Jonker dat die Belydenis van Belhar 'n geskenk van God is wat die historiese belydenisskat van die kerk verdiep en verryk. God is 'n God van regverdiging, heiliging, nie net van die individu nie, maar ook van politieke en maatskaplike geregtigheid. Die Belydenis van Belhar is universeel en dit versterk ook hierdie gedagte. “Deur Gods genade is dit 'n bydrae vanuit ons land tot die belydenisskat van die wêreldkerk” (Smit 1998:25).

Volgens Smit sluit Gruchy hierby aan deur te meld dat alhoewel die Belydenis van Belhar slegs deur een denominasie geformuleer is, dra dit belangrike ekumeniese potensiaal. Hy meld dat: “It has, in fact, opened up fresh possibilities for the emergence not only of a Reformed church but also of an ecumenical confession church that transcends traditional confessional boundaries” (Smit 1998:25).

Durand voeg laastens volgens Smit hierby dat: “Wat ook al die agtergrond van Belhar, kan ons nie sy inhoud ignoreer nie.” (Smit 1998:25). Hy is verder van mening dat as kerke nie hierdie belydenis volkome erken en aanvaar nie, hulle daarsonder aansienlik armer sal wees. “Ek wens dat die Gereformeerde familie dit sal erken...” (Smit 1998:26).

Met inagneming van bogenoemde standpunte tree Van Niekerk nou na vore. In die slot van sy artikel getiteld *Moet ons die Belydenis van Belhar (1986) as 'n nuwe Belydenisskrif aanvaar?*, meld Van Niekerk dat “ons 'n geleentheid vir geloofwaardige kerkwees weer laat verbygaan indien ons nie die Belydenis van 1986 nie aanvaar nie” (Van Niekerk 1996:453). Volgens hom is dit 'n geleentheid waardeur die kerk nie slegs sy ortodoksie kan toon nie, maar ook sy ortopraksie kan bely. Hierby voeg hy: “Ons skuldbelydenis, met verwysing na Rustenburg en elders, word nou getoets (Van Niekerk 1996:453).

Ten slotte tree Theo Danzfuss nou na vore om hierdie dialoog tot 'n konklusie te bring. Alhoewel daar nog vele meer persone betrek sou kon word, dink ek die tafel is nou

goed gedek met voorbeelde van lede ten gunste van die aanvaarding asook hulle wat daarteen gekant is.

Danzfuss begin sy artikel getiteld: *Belhar is tien maal anders* met die woorde: “Die Nederlandse Geloofsbelydenis begin met die hierdie aangrypende woorde dat ons almal met die hart glo en met die mond bely. Dit is die belangrikste vereiste vir die aanvaarding van enige belydenisskrif” (Danzfuss 2012:42). Hoe kan ’n mens dus iets met jou mond bely wat jy nie in jou hart bely nie? (Danzfuss 2012:42).

Danzfuss meld verder wat reeds al deur ander genoem is dat ’n belydenis nie iets is wat op iemand afgedwing kan word nie. As voorbeeld verwys hy na die Sinode van 1982 waartydens soveel twis en tweedrag ontstaan het dat ds. JG Smith van Uppington later op 5 Oktober in ’n verklaring sy skok en teleurstelling uitgespreek het aangaande die gees en atmosfeer wat tydens die Sinode geheers het (Danzfuss 2012:52). Nie almal is ten gunste van Belhar nie. Dalk is dit tyd dat begin word om hierdie persone se standpunt te respekteer.

9.5 Opsommend

As opsomming rondom die strewe na ekumene en die rol wat die Belydenis van Belhar daartoe bydra, kom die volgende aspekte na my mening duidelik na vore. Daar heers tans duidelike tekens van woede, vernedering, hartseer, minderwaardigheid en geweldige afdwinging rondom Belhar se aanvaarding. Daar is persone wat alles in hul vermoë probeer doen om die aanvaarding van Belhar te laat realiseer ten koste van ander se gevoelens wat nie dieselfde oor die saak voel nie. Dit het die gevolg dat duidelike verdeeldheid en polarisasie binne die NG Kerk-familie ontstaan. Ek wil dit verder so stel dat hulle wat vir die aanvaarding van die belydenis is, in ’n mate diegene wat daarteen gekant is, so verdruk, verkwalik en uitstoot, dat dit vir my ’n tipiese uitbeelding vorm soortgelyk aan dié van die apartheidsera van jare gelede. Die teenstanders word nou net soos die nie-blankes van destyds behandel. ’n Mens kan dit in ’n mate verwoord met die woorde “*Van Apartheid tot Apartheid*”. Waar apartheid aanvanklik ’n politiese gebeurtenis was, geskied dit nou ook binne die kerk.

Elkeen moet die vryheid hê om met die mond te bely wat hy/sy in sy/haar hart glo. Dit mag nie deur dwang verander word nie. Tydsberekening speel hier ook 'n baie belangrike rol. Soos reeds genoem, was die belydenis van Belhar 'n goeie idee vir die NGSK, maar die land is nog nie gereed dat dit vreedsaam kan oorvloeï na die ander kerke nie. Daar is nog te veel oop wonde. Wie weet, dalk in die toekoms mag omstandighede anders wees, maar vir nou moet daar eers tyd gegun word vir genesing. Dit help nie ons raak kwaad en wil die ander party met woordelike geweld probeer forseer om hul siening te verander nie. Al wat in so 'n situasie gebeur is dat ons ongeneesde wonde weer oopmaak.

“Time heals all wounds”

Die kerk bevind homself tans in 'n oorverhitte klimaat. Geen wysheid kan binne so 'n atmosfeer spreek nie.

Hoofstuk 10

Ontknoping van Kritiese Dialoog:

Finale Opmerkings

10.1 Inleiding

Tydens 'n plaaslike predikantevergadering op Humansdorp in die Oos-Kaap het Ds. Stefaan de Jager, leraar van die NG Gemeente Humansdorp-Oos, die volgende vraag tot my gerig: “Vir 25 jaar word daar alreeds daarna gestreef om die Belydenis van Belhar in die NG Kerk in te forseer sonder enige sukses - is dit nie dalk tyd dat daar besef en aanvaar moet word dat Belhar dalk nie God se wil is nie?”

My eerste reaksie was om 'n glimlag op my gesig te kry, want in my verbeelding het ek my probeer voorstel hoe 'n voorstander van Belhar op hierdie vraag sou reageer. Hy of sy sou heel moontlik die vraag so kon omkeer: Vir 25 jaar kon die NG Kerk dit nog nie regkry om die Belydenis van Belhar met eenstemmigheid te verwerp nie - is dit nie dalk tyd dat die NG Kerk moet besef dat Belhar dalk wel God se wil is nie?

Die jare lange gesprek rondom Belhar kan die beste uitgebeeld word met die speletjie “gaining grounds” wat ek as kind gespeel het. Twee spanne skop vir mekaar die bal heen-en-weer op die rugbyveld en elke span probeer meer grond wen as die ander. Die wenspan is daardie span wat die verste en hardste kan bly skop en die langste kan aanhou.

Met die Belydenis van Belhar as rugbybal en die kerk as rugbyveld, vorm die voorstanders en teenstanders van die Belydenis van Belhar hier die twee spanne wat meeding. Beide groepe glo dat hulle die sterkste span is en dat hulle sieninge ooreenstem met God se wil vir Sy kerk.

Tydens die voorafgaande kritiese dialoog is daar by verskillende aspekte rondom die Belydenis van Belhar stilgestaan. Hierdie aspekte, ook genoem vereistes, is individueel hanteer en bespreek. Elke span is die kans gegun om sy standpunte weer te gee rondom daardie spesifieke vereistes. Die hoofdoel van hierdie kritiese dialoog is om te bepaal of die Belydenis van Belhar aan al die vereistes voldoen om nie net as 'n belydenis nie, maar ook as 'n Gereformeerde Belydenis aanvaar te kan word.

Die kritiese dialoog het nou tot 'n einde gekom. Elke party het sy hart uitgepraat en sy standpunte weergegee. Dit is nou hier waar bepaal moet word of Belhar aan die vereistes voldoen al dan nie.

10.2 Voldoen Belhar aan die vereistes van 'n belydenisskrif?

Na aanleiding van die voorafgaande kritiese dialoog en alles wat daardeur uitgelig is, gaan ek vervolgens aan die hand van tien ja/nee vrae bepaal of die Belydenis van Belhar aan al die vereistes voldoen om as 'n Gereformeerde Belydenisskrif binne die NGK aanvaar te word.

10.2.1 Is Belhar Skriftuurlik gegrond?

Die teenstanders het hierdie argument begin deur te meld dat Belhar nie aan hierdie vereiste voldoen nie. Hul rede hiervoor was dat die outeurs self erken dat daar nie genoegsame eksegetiese toegepas was tydens die formuleringsproses nie. In antwoord hierop het die voorstanders erken dat die belydenis wel eerste opgestel was en daarna eers na gepaste teksverwysings gesoek is. Volgens laasgenoemde was die doel van die gepaste Skrifverwysings nie om as bewysplase te dien nie, maar bloot as assosiasies. Dit was ook uitgelig dat hierdie benadering nie verkeerd is as dit kom by die opstel van 'n belydenisskrif nie, solank die keuse van Skrifverwysings volkome gepas is ten opsigte van dit wat die inhoud van die geloofsdokument wil deurgee.

'n Tweede punt van kommer wat uitgelig was, handel aangaande die hoeveelheid Skrifverwysings wat in die Belydenis van Belhar weergegee word. Vir sommige sou Belhar 'n sterker boodskap uitdra deur van minder Skrifverwysings gebruik te maak. Gepaard hiermee kon daar ook meer van Ou-Testamentiese Skrifverwysings gebruik gemaak word en nie net die huidige vier voorbeelde wat voorkom nie.

Met inagneming van al bogenoemde aspekte, vind ek geen fout as dit kom by die vraag of Belhar aan die Skriftuurlike vereiste voldoen nie. Daar is na my mening genoegsame eksegetiese toegepas en is daar ook van gepaste Skrifgedeeltes gebruik gemaak. Ja, dit sou wonderlik wees as daar meer Ou-Testamentiese Skrifverwysings teenwoordig was, maar ek glo die belydende boodskap van Belhar sou steeds dieselfde bly.

10.2.2 Handel Belhar aangaande Kernwaarhede?

Ten opsigte van hierdie vraag is ek van mening dat Belhar wel kernwaarhede weergee.

Eenheid, versoening en geregtigheid vorm drie aspekte wat duidelik in die Bybel uitgebeeld word en wat van ons as gelowiges verwag word om na te volg. Belhar onderskryf dit ten volle.

Soos reeds genoem, vorm kernwaarhede daardie aspekte wat elke gelowige moet ken en verstaan en bely sodat hy of sy gered kan word. Matteus 25:45 maak dit baie duidelik dat as ons nie in eenheid, versoening en geregtigheid kan saamleef met ons naaste nie, kan ons as gelowiges ook nie in eenheid, versoening en geregtigheid saamleef met God nie en is die uiteinde hiervan die ewige vuur. Die Belydenis van Belhar spreek hierdie aspek direk aan en plaas die klem juis daarop dat ons as mens, wie geskep is na die beeld van God, meer betrokkenheid moet toon in die lewe van ons naaste. Dit kan onder geen omstandighede slegs beskou word as 'n menslike keuse nie, maar vorm deur-en-deur 'n Skriftelike opdrag vanaf God.

Naude som dit mooi op deur te meld: "It is evident that the main confessional and ethical issues addressed in Belhar currently appear to be, and will remain, the most urgent items for the ecumenical church in the twenty-first century." (Naude 2010:164).

Die wêreld het nodig om nie net hierdie kernwaarhede weer opnuut te hoor nie, maar om dit ook opnuut weer te begin toepas.

10.2.3 Word die inhoud van Belhar korrek formuleer in die belydenisskrif?

Hierdie is eerste vereiste waar ek 'n probleem sien. Die inhoud van Belhar word nie in al die artikels na my mening korrek geformuleer nie. Die klem val op die inhoud van artikel vier in Belhar wat handel aangaande geregtigheid. Die oorspronklike bewoording van die eerste gedeelte van artikel vier lui soos volg:

“Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy Sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat dit vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek...” (Botha 2012:16).

Tydens die kritiese dialoog het dit duidelik geblyk dat die bewoording “...dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg...” blyk asof daar eerstens moontlike aspekte van die sogenaamde bevrydings- en Swart teologie na vore tree en tweedens blyk dit vanuit die bewoording dat God kant kies – menende dat Hy die arme, veronregte en noodlydende voortrek bo die res van die samelewing. Alhoewel die outeurs van Belhar hierdie laasgenoemde twee probleme ontken, kan 'n mens nie anders as om te wonder nie. Dit staan tog so swart op wit.

My voorstel is dat artikel vier herformuleer moet word deur slegs een woord in te voeg. Ek is daarvan bewus dat die VGKSA dit baie duidelik gemaak het dat hulle geensins aan die inhoud van die belydenis gaan verander nie, maar ten spyte hiervan, neem ek

steeds 'n kans en gooi 'n klip in die bos. My voorstel is dat die eerste deel van artikel vier soos volg verwoord moet word:

“Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse (**ook**) die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg...” (Botha 2012:16).

Deur slegs hierdie een woord nl. “ook” in te voeg, word daar minimaal aan die inhoud verander en kanselleer dit enige moontlike misinterpretasies uit. Nou klink dit vanuit die bewoording nie of God enigiemand voortrek nie en is daar ook geen sprake van moontlike koppelings met die sogenaamde bevrydings- en Swart teologie nie.

10.2.4 Bely Belhar iets nuuts?

Die kritiese dialoog het duidelik getoon dat die inhoud van Belhar niks nuut bely wat nog nie deur die reeds bestaande Gereformeerde Belydenisskrifte bely word nie. Al verskil wat 'n mens by Belhar vind, is dat die aksente effens verskuif word vanaf die vertikale tendens na die horisontale tendens. Hierdie aksentverskuiwing kan egter nie gesien word as 'n aanvaarbare rede om 'n nuwe belydenisskrif te skryf nie. Die vertikale tendens is steeds die primêre tendens met die horisontale tendens as sekondêr. Dit kan nie omgeruil word nie.

Gepaard hiermee wil ek dit weereens noem dat die kerk horisontaal gerigte belydenisskrifte kan skryf tot hulle blou in die gesig is. Dit gaan geen verskil maak nie. As die vertikale tendens nie in plek is en volkome gehoorsaam en uitgevoer word nie, sal die horisontale tendens geensins geskied nie.

10.2.5 Word Belhar bely vanuit die hart sonder enige bybedoelings?

Na aanleiding van alles wat gemeld is tydens die voorafgaande kritiese dialoog kan hierdie vraag volgens my met beide 'n ja en 'n nee beantwoord word. Aan die een kant

is dit vir my baie duidelik dat die Belydenis van Belhar in 'n oomblik van waarheid ontstaan het en 'n eindproduk vorm wat vanuit die hart van die NGSK bely word. Vir laasgenoemde is hierdie belydenis 'n antwoord op jarelange gebede, 'n antwoord op 'n langdurige onderdrukte noodkreet en word dit beskou as die lig aan die einde van 'n baie lang donker tunnel.

Gepaard hiermee moet ook erken word dat hierdie positiewe gevoel rondom die aanbreek van 'n nuwe era, gegrond in eenheid, versoening en geregtigheid, nie net 'n positiewe emosie is wat slegs deur die NGSK (vandag VGKSA) ervaar word nie, maar dat dit ook oorgespoel het na vele ander kerke, nie net binne die NGK nie, maar die hele NG-familie. Binne die NGK bv. het vele predikante, gemeentes en lidmate reeds hul ondersteuning van hierdie belydenis erken. Dit is vir laasgenoemde net so 'n wonderlike mylpaal en deurbraak soos vir die VGKSA.

Aan die ander kant het dit ook duidelik na vore gekom tydens die kritiese dialoog dat almal nie so positief oor hierdie positiewe deurbraak en mylpaal is nie. Vir sommige is Belhar niks anders nie as 'n stok waarmee geslaan word na die NGK en sy foutiewe optrede in die verlede. Vir sommige dien Belhar as medium waardeur die NGK voortaan gebrandmerk sal word vir sy destydse besluite. Vir sommige het Belhar net een doel – om die NGK te verneder!

Dus, op hierdie antwoord gaan ek beide 'n ja en nee moet antwoord aangesien die standpunte van beide kante ewe sterk na vore tree.

10.2.6 Word Belhar se aanvaarding afgedwing?

Die antwoord op hierdie vraag kan na my mening direk gekoppel word aan die proses van kerkhereniging. Die VGKSA is al te bewus van die begeerte wat in die NGK heers om te herenig en die VGKSA maak van hierdie geleentheid misbruik deur die Belydenis van Belhar as vereiste tot kerkhereniging te stel. Sonder Belhar kan daar dus geen kerkhereniging wees nie, aldus die VGKSA.

Die feit dat die aanvaarding van hierdie belydenisskrif die deur tot hereniging en beter samewerking sal oopmaak, is vir my absoluut onaanvaarbaar. 'n Belydenis is slegs 'n belydenis as dit vanuit die hart bely word. Dit kan onder geen omstandighede afgedwing word nie – veral nie ten opsigte van kerkhereniging nie. Dié wat dit nie wil aanvaar nie, se besluit moet respekteer word, net soos hulle wat dit wel aanvaar het, respek verwag.

10.2.7 Streef Belhar na eenheid?

Alhoewel die Belydenis van Belhar in een van sy artikels direk op hierdie aspek fokus, moet dit egter erken word dat daar tot en met die hede nog geen sprake hiervan duidelik sigbaar is as dit kom by die aanvaarding van hierdie belydenisskrif binne die NGK nie. Intendeel, gesprekke rondom die aanvaarding van Belhar het in 'n groot mate tot polarisasie gelei, veral onder leraars en gemeentes van die NGK. Sommige is ten gunste daarvan en ander is weer daarteen. Die gevolg is die vorming van twee groepe wat teenoor mekaar staan. Oor die jare het hierdie verdeeldheid en polarisasie meer en meer tot emosionele ontwrigting gelei. Vele vergaderings het kookpunt bereik weens meningsverskille tussen die twee groepe wat mekaar aanvat oor hul botsende standpunte. Elkeen van die twee partye voel hulle is reg en kritiseer en intimideer mekaar. Hoe meer ek hieroor dink hoe meer sien ek dieselfde verskynsel wat veroorsaak is deur die destydse staatsbeleid van apartheid nou in die kerk. Onversoenbaarheid word weereens veroorsaak tussen groepe deur 'n meerderwaardige en ontoegeeflike houding van een groep teenoor 'n ander met onvervulde aspirasies. Onderliggend hieraan is daar ook nog steeds sienings soos die volgende wat deur een groep gehuldig en deur die ander ervaar word:

Ek is Reg! Jy is verkeerd!

Omdat Ek reg is, is Ek beter as Jy!

Hierdie uitbeelding mag dalk baie kras klink, maar as ons met mekaar eerlik moet wees, is dit juis hierdie onversetlike houding wat by beide groepe lei tot hul standpunt rondom die Belydenis van Belhar. Die gevolg is polarisasie wat tans verdeeldheid binne die kerk tot gevolg het. Die gevaar is dat hierdie sogenaamde “apartheid” of verdeeldheid later tot ’n skeuring binne die kerk mag lei.

10.2.8 Is Belhar omvattend?

Bely Belhar alles wat ek as gelowige nodig het om te weet sodat ek gered kan word? As ek die inhoud van die belydenis asook die inhoud van die nege-en-veertig Skrifverwysings wat aan die Belydenis gekoppel word bestudeer, vind ek al die kernwaarhede wat ek as gelowige moet ken, glo en bely.

10.2.9 Is Belhar Universeel?

Besit die Belydenis van Belhar die vermoë om bo sy ontstaansituasie uit te styg en ’n belydenis te wees met ’n universele boodskap of sal ’n mens dit nooit kan losmaak van die destydse gebeure in Suid-Afrika nie?

Piet Naude meld: “Belhar emanated from a specific historical situation. It spoke from and to the burning issues facing South Africa in the early 1980’s. But Belhar also spoke, and continues to speak, beyond its original context. The mere fact that others in Africa, Germany, Belgium, and the United States acknowledge the confession as a message for their specific situation testifies to its global significance” (Naude 2010:169).

Belhar spreek ook na my mening nie net ’n destydse era binne die grense van Suid-Afrika aan nie, maar ook ’n aanhoudende globale probleem. Mense word wêreldwyd onderdruk, verdruk, verstoot, verneder, ingeloo en van hul menswaardigheid beroof. Rassisme is maar een van vele selfsugtige redes waarom hierdie negatiewe gebeure daagliks plaasvind.

Ja, Belhar vind sy ontstaan binne die apartheidsera in Suid-Afrika, net soos al ons ander Gereformeerde Belydenisskrifte binne een of ander spesifieke situasie hul ontstaan gehad het. Tog besit Belhar, net soos die ander Gereformeerde Belydenisskrifte, die gesag om bo sy ontstaansomstandighede uit te styg, geklee met 'n universele boodskap vir die res van die wêreld.

10.2.10 Is Belhar in staat om die kerk te help normeer, rig en lei in die toekoms?

Na my mening, bied Belhar definitief iets vir die kerk, asook sy toekoms. Die inhoud van Belhar lig belangrike aspekte uit wat gelowiges meer pertinent moet hoor in die hedendaagse samelewing. Dit beklemtoon dat daar 'n groot leemte teenwoordig is as dit kom by die uitlewing van naasteliefde. Dit laat gelowiges besef dat ons 'n taak asook 'n verantwoordelikheid het, nie net teenoor onself nie, maar ook teenoor God om daar te wees vir ons naaste en hulle te hanteer soos ons graag hanteer sal wil word.

Ek moet egter hier byvoeg dat Belhar slegs die kerk opreg sal kan normeer, rig en lei sodra konsensus gevind kan word rondom die aanvaarding van die belydenisskrif binne die NGK. Voordat hierdie probleem nie vreedsaam uitgeklaar is nie, sal Belhar slegs verdeeldheid bly veroorsaak. 'n Verdeeldheid wat ons as gelowiges nie kan bekostig nie.

10.3 Slaag Belhar die toets?

Laasgenoemde tien vrae is gevra om te bepaal of die Belydenis van Belhar aan al die vereistes voldoen om as 'n Gereformeerde Belydenisskrif erken te word. Die resultaat van hierdie "vereistes-toets" toon dat Belhar slegs ses positiewe antwoorde verkry het vanuit die moontlike tien. Anders gestel – die toets toon dat die Belydenis van Belhar slegs 'n slaagsyfers van 60% behaal het.

Is dit goed genoeg?

10.4 Belhar se toekoms in die NGK

Ek glo dat enige kenner op die gebied met my sal saamstem dat die gesprek rondom die Belydenis van Belhar op een of ander stadium rigting moet begin kry. Dit is 'n gesprek wat reeds vir die afgelope 25 jaar binne die kerk tot vervelens toe aangepak en gevoer is sonder enige noemenswaardige vordering. Dit kan nie so aangaan nie. Êrens moet daar konsensus verkry word sodat die kerk vorentoe kan beweeg. Die vraag is – Wat moet hierdie konsensusbesluit wees? Watter opsie is daar waarmee almal tevrede sal wees?

Daar is na my mening vyf verskillende opsies wat oorweeg kan word ten opsigte van die NGK se hantering van Belhar se toekoms. Hierdie ses opsies gaan ek rangskik vanaf die mees onwaarskynlike na die mees waarskynlik aanvaarbare:

- **Opsie 1** – Die aanvaarding van die Belydenis van Belhar word deur die NGK in geheel verwerp. Die kritiese dialoog asook die vereiste-toets het getoon dat Belhar nie genoegsaam aan al die vereistes voldoen nie. Laasgenoemde vorm 'n genoegsame rede om Belhar nie by te voeg tot die belydenisgrondslag van die NGK nie. Tog is hierdie nie 'n moontlike opsie nie aangesien te veel lede in die NGK reeds hul ondersteuning en goedkeuring tot Belhar gegee het.
- **Opsie 2** – Die Belydenis van Belhar word deur die NGK in geheel aanvaar. Ten spyte daarvan dat Belhar nie aan al die vereistes voldoen nie, word dit aanvaar binne die belydenisgrondslag van die NGK met die resultaat dat die NGK en die VGKSA herenig. Hierdie vorm egter ook nie 'n aanvaarbare opsie nie omdat die meerderheid NGK leraars en lidmate nie hul steun tot Belhar toon nie. Die gevolg van so 'n afgeforceerde aanvaarding sal lei tot 'n moontlike skeuring binne die NGK.
- **Opsie 3** – Belhar moet gesien word as 'n verklaring eerder as 'n belydenisskrif. Vanuit die kritiese dialoog is dit duidelik dat vele persone van mening is dat die Belydenis van Belhar nie die status van 'n belydenisskrif werd is nie, maar eerder op dieselfde vlak as die Barmen-verklaring gesien moet word.

Alhoewel hierdie na 'n goeie opsie klink, is dit egter nie 'n opsie wat ek sou verkies nie. Belhar is reeds deur die VGKSA as 'n belydenisskrif aanvaar. Vir die NGK om dit op 'n laer vlak te klassifiseer, sou beteken dat die NGK nie net die VGKSA se integriteit bevraagteken nie, maar sou dit ook disrespek toon ten opsigte van 'n belydenisskrif wat uit die hart van die VGKSA kom.

- **Opsie 4** – Die VGKSA herformuleer die Belydenis van Belhar sodanig dat dit nie enige moontlikhede laat vir misverstande en verkeerde interpretasies nie. Vanuit die kritiese dialoog is dit duidelik dat min persone 'n probleem het met die belydenis in geheel. Die meeste kommer heers slegs oor sekere dele van die belydenis. Deur hierdie dele te herformuleer, kan dit die moontlikheid van misinterpretasies uitskakel.

Tans blyk hierdie nie na 'n moontlike opsie nie aangesien die VGKSA dit baie duidelik gemaak het dat hulle geensins aan die bewoording van die belydenis gaan verander nie.

- **Opsie 5** – Daar word gehou by die sogenaamde “Ruim Huis” besluit soos dit voorgestel is in 2004. Hierdeur verkry leraars en gemeentes die vrye keuse of hulle die Belydenis van Belhar wil aanvaar al dan nie. Op hierdie manier word dit op geen manier afgedwing nie en die keuse val op die individu en gemeente self.

Die gevaar met hierdie opsie bly egter dat nie almal binne dieselfde gemeente vir of teen Belhar gaan stem nie. As 'n gemeente teen Belhar stem, mag dit lidmate verloor wat vir Belhar is en andersom. Verder sal hierdie opsie voortaan steeds 'n mate van polarisasie binne die NGK en selfs in die afsonderlike gemeentes hê. Mense sal mekaar bly veroordeel oor hul keuses.

- **Opsie 6** – Die VGKSA en die NGK asook al die ander lede binne die NGK-familie, stel gesamentlik 'n nuwe belydenis op. Alhoewel die VGKSA hiermee sou

verskil, bly hierdie na my mening die beste opsie. As daar die begeerte heers na 'n nuwe Gereformeerde Belydenisskrif, moet dit ook op 'n gereformeerde wyse ontstaan.

Wat bedoel ek hiermee? Die Belydenis van Belhar vorm die eindprodukt wat slegs deur een denominasie opgestel is. Hierdie denominasie verwag dat al die ander gereformeerde denominasies bloot hierdie belydenisskrif nou moet aanvaar sonder dat hulle enige sê gehad het in die opstel en formulering daarvan. So 'n proses is nie Gereformeerd nie. My voorstel is dat lede van al die verskillende NG-denominasies bymekaarkom en saam 'n nuwe belydenis opstel waarin almal 'n sê kry. Op hierdie manier voel niemand uitgesluit nie en kan niemand voel dat die betrokke belydenis as slaanstok teen hul gebruik word nie. 'n Gesamentlike poging sal lei tot 'n gesamentlike resultaat nl.: “eenheid, versoening en geregtigheid” vir almal!

10.5 Finale opmerking

Hoe lyk die toekoms van die Belydenis van Belhar in die NGK? Volgens die heel nuutste informasie tot my beskikking, meld Die Beeld van 9 Oktober 2013 die volgende: “'n Groot deurbraak is gister op die algemene sinode van die NG Kerk gemaak toe 'n manier gevind is om die belydenis van Belhar in die kerk se belydenisgrondslag op te neem wat mense wat Belhar wil bely én dié wat dit nie wil doen nie, tevrede gestel het.

Die sinode het 'n voorgestelde nuwe kerkorde-artikel goedgekeur wat die kerk se belydenisgrondslag wysig. Dit is egter nog net die begin van die proses. Al tien die kerk se streeksinodes en twee derdes van die kerkrade moet dié voorstel nou met 'n tweederdemeerderheid goedkeur voordat die algemene sinode dit finaal kan goedkeur” (Die Beeld 2013:3).

Hierdie besluit van die Algemene Sinode beaam Opsie 5 waarna ek vroeër verwys het as 'n moontlike manier om die Belydenis van Belhar in die NGK se belydenisgrondslag

op te neem. Dié wat ten gunste is van Belhar kan dit aanvaar terwyl dié wat nie voorstanders daarvan is nie, die respek en vryheid gegun word om dit van die hard te wys.

Tydens n gesprek met Ds Stefaan de Jager, het hy bogenoemde besluit rondom Belhar vergelyk met die krompromisbesluit soos tevinde in Romeine 14: “Paulus laat ruimte vir die sterker broeders wat sê dat hierdie vleis maar geëet kan word en sê dat hulle diegene wat nie eet nie, nie moet verag nie. Hy laat ook ruimte vir die swakker broeders wat `n gewetensbeswaar het teen die eet van die geofferde vleis, maar wys hulle daarop dat hulle diegene wat wel eet nie moet veroordeel nie. Hy voer aan dat albei partye hul oortuiging as saak tussen hulle en God beskou.

So lyk my kan ons die afleiding maak, dat as die een groep Belhar as belydenisskrif wil sien en die ander groep nie, hul oortuiging hieroor `n saak tussen hulle en God moet wees. Gelukkig hoef ons nie hier te besluit wie van die twee groepe die sterker – en wie die swakker broeders is nie!” (De Jager 2013:1)

Sal hierdie keuse egter nou vrede bring rondom die Belhar-stryd wat reeds vir soveel jare binne die NGK woed? Nugter weet! Slegs tyd sal vir ons die antwoord bied.

Bibliografie:

Adonis, JC 2006. *The history of Belhar*. In: NGTT. Volume 47 Nommer 1 & 2 Maart & Julie 2006.

Boesak, AA 1977. *Farewell to Innocence*. Orbis Books: New York.

Bolt, J 2012. *A Necessary Testimony, a Flawed Confession*. In: Theron, P (red) *Belhar* geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.

Botha, J & Naude, PJ 2010. *Goeie nuus om te bely*. Bybel-Media: Wellington.

Botman, HR 2006. *Barmen to Belhar: A contemporary confessing journey*. In: NGTT Nommers 1 & 2 Maart & Junie 2006.

Burger, C 2004. *Sinode: Visie van ruim huis loop deur onder kritiek*. In: Die Burger, 15 Oktober 2004.

Cilliers, J 2004. *Die Lewende Stem van die Evangelie*. African Sun Media: Kaapstad.

Cloete, GD & Smit, DJ 1984. *“n Oomblik van waarheid*. Tafelberg-uitgewers Beperk: Kaapstad.

Cone, JH 1970. *Liberation, a Black Theology of Liberation*. J.B. Lippencot Co.: New York.

Cornelissen, E 2012. *Die Kerk en Modernse Belydenisskrifte*. Universiteit van die Vrystaat: ongepubliseerd.

Corrie, S 2012. *Belhar se verwoestende pad deur die NGKA*. In: Theron, P (red) *Belhar* geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.

Danszfuss, T 2012. *Belhar is tien maal anders*. In: Theron, P (red) *Belhar* geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.

De Beer, JM & Van Niekerk, AS 2009. *Die missionêre waarde van Belhar en die NG Kerk-familie se herenigingsgesprek*. In: NGTT Deel 50 Nommers 1 & 2 Maart en Junie 2009.

- De Jager, S 2013. *Kompromisbesluit oor Belhar*. Ongepubliseerd.
- De Klerk, PJS 1954. *Gereformeerde simboliek*. Van Schaik: Pretoria.
- Die Beeld, 2013. *Belhar: Almal is tevrede*. Vanaf: www.beeld.com/nuus/2013-10-09-belhar-almal-is-tevrede. [Aanlyn] Afgelaai: 9 Oktober 2013.
- Du Plooy, D 2012. *Gemeet aan die Drie Formuliere van Eenheid*. In: Theron, P (red) Belhar geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.
- Du Plooy, D 2012. *Kerklike reaksie in die Ekumene*. In: Theron, P (red) Belhar geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.
- Durand, JJF 1984. *Belydenis en Kerkorde in Kerkhereniging*. In: Cloete, GD & Smit, DJ 1984. 'n Oomblik van waarheid: opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van die 'n konsepbelydenis. Tafelberg: Kaapstad.
- Durand, JJF 1984. ' *Belydenis – was dit werklik nodig?* In Cloete, GD en Smit, DJ. 'n Oomblik van waarheid: opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van die 'n konsepbelydenis. Tafelberg: Kaapstad.
- Du Toit, JD & Du Toit, S 1955. *Die Afrikaanse Rassebeleid en Die Skrif*. Pro Rege-Pers Beperk: Potchefstroom.
- Ernst, JH 2011. *Belydenis van Belhar. Interpretasie van die besluite van die Algemene Sinode van die NG Kerk*. Ongepubliseerd.
- Falcke, H 2009. *Barmen Declaration and the churches of the German Democratic Republic*. In: The Ecumenical Review. Volume 61 Deel 1. Maart 2009.
- Hartney, JNH 2011. *Eksegeties- Teologiese ondersteuning van die Belydenis van Belhar*. In: NGTT Deel 52 Nommer 1 & 2 Maart en Junie 2011.
- Heyns, JA 1977. *Die Kerk*. Pretoria: NG Kerkboekhandel: Transvaal.

Hoffman, AM 2006. *The Story of the NGKA and its decisions concerning unification in the light of our Reformed Confessions*. Ongepubliseerde referaat wat gelewer is tydens 'n vergadering waarby verteenwoordigers van die vier kerke teenwoordig was by Achterberg - 6 November 2006.

Hurter, P 2012. *Van Kairos na Damaskus*. In: Theron, P (red) Belhar geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.

Janse van Rensburg, J 2012. *Belhar: Nie as belydenisskrif nie*. In: Theron, P (red) Belhar geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.

Jonker, WD 1986. *Die Konsepbelydenis van die Ned. Geref. Sendingkerk*. Afgelaai vanaf: <http://belydenisvanbelhar.co.za> [aanlyn]. Afgelaai op 6 Februarie 2013.

Jonker, WD 1994. *Bevrydende waarheid – Die karakter van die gereformeerde belydenis*. Hugernote-uitgewers: Wellington.

Kleynhans, HJ 2009. *Kerkgbegrip, Belydenis en Kerkorde in die Kerkherenigingproses van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika*. Gebind – Universiteit van Vrystaat (Ongepubliseerd): Bloemfontein.

Krötke, W 2006. *Barmen and Belhar in conversation – a German perspective*. In: NGTT Nommers 1 & 2 Maart en Junie 2006.

Langner D 2012. *Brug of bres? Belhar tussen teologie en ideologie*. In Theron, P (red) Belhar geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.

Moodley, K 2012. *Position on the confession of Belhar*. In: Theron, P (red) Belhar geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.

Naude, PJ 2010. *Neither Calendar NOR Clock – Perspectives on the Belhar Confession*. William B. Eerdmans Publishing Company: Grand Rapids, Michigan.

Ned. Geref. Kerk 1982. *Handelinge, Algemene Sinode*. sl:sn.

Ned. Geref. Kerk 1998. *Handelinge, Algemene Sinode*. sl: sn.

Ned. Geref. Kerk 2011. *Handelinge. Algemene Sinode.* sl: sn.

NGSK AS 1982. *Die Besluite van die Ned. Geref. Sendingkerk wat aan die Algemene Sinode van die NG Kerk oorgedra is in 1982.*

Pont, AD 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg.* Pretoria, HAUM.

Smit, DJ 1998. *Die Belydenis van Belhar: Ontstaan, Inhoud, Resepsie, Relevansie.* Ongepubliseerd.

Smit, DJ 2004. *Barmen and Belhar in conversation – a South African perspective.* In: NGTT Deel 47 Nommers 1 & 2 Maart & Junie 2006.

Smit, DJ 2011. *'n Blik op Eenheid, Versoening en Geregtigheid 1986 en 2011.* Ongepubliseerd.

Snyman, SD 2006. *Die Ou Testament en die Belydenis van Belhar (1986).* In: NGTT Deel 47 Nommers 3 & 4 September & Desember 2006.

Strauss PJ 2005. *Belydenis, kerkverband en Belhar.* In: NGTT Deel 46 Nommers 3 & 4 September & Desember 2005.

Strauss, PJ 2007. *Eenheid in die NG Kerkfamilie: 'n kerkhistories-kerkregterlike benadering.* In: NGTT Deel 48 Nommers 3 & 4 September en Desember 2007.

Strauss PJ 2011. *Belhar en die NG-Familie: Die Debat geweeg.* Ongepubliseerd.

Strauss PJ 2012. *Die belydenisbeweging teen apartheid.* In: In Theron, P (red) *Belhar geweeg.* Kraaluitgewers: Pretoria.

Strauss PJ 2012. *Hoe geslaag is die kernwaarhede?* In: Theron, P (red) *Belhar geweeg.* Kraaluitgewers: Pretoria.

Strauss, SA 1997. *'n Teologiese beoordeling van die Belharbelydenis.* Ongepubliseerde referaat gelewer by geleentheid van predikante-konferensie, Augustus 1997 in Bloemfontein.

Strauss, SA 2012. *'n Teologiese Beoordeling*. In Theron, P (red) Belhar geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.

Theron, P 2012. *Uit die hart van 'n lidmaat*. In: Theron, P (red) Belhar geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.

Van der Linde, HH 2002. *'n Kerkhistoriese en Kerkregterlike studie van die Kerkverenigingsproses in die NG Kerkfamilie*. Ongepubliseerd: Universiteit van Pretoria.

Van der Merwe, J 1991. *Wêreldbond van Gereformeerde Kerke Ottawa 1982*. Universiteit van Pretoria: Ongepubliseerd.

Van der Merwe, J; Hofmeyr, H; Du Toit, F & Strauss PJ 2002. *Moeisame pad na versoening*. Barnabas: Bloemfontein.

Van Niekerk, ACJ 1996. *Moet ons die Belydenis van Belhar (1986) as 'n nuwe Belydenisskrif aanvaar?* In: Skrif en Kerk Jrg 17(2) 1996.

Van Wyk, D 2012. *Implikasies vir die NG en Hervormde Kerk*. In: Theron, P (red) Belhar geweeg. Kraaluitgewers: Pretoria.

Verslag Sklas: Belydenis van Belhar, vir Sinode van Wes-Transvaal, 10 Augustus 1998.

Verster P, Jonck, P & le Roux, A 2007. *Lidmate se houding teenoor kerkvereniging in die NGK-familie: 'n Kruiskulturele ondersoek na enkele veranderlikes*. In: Acta Theologica. 2007 Volume 27 Nommer 1.

Bylaag 1 - Die Belydenis van Belhar

Wat hier volg, is die oorspronklike teks van die Belydenis van Belhar soos dit in 1986 deur die Sinode van die NG Sendingkerk (NGSK) goedgekeur is. Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA) se Algemene Sinode van 2008 het dié teks onveranderd as die basisteks verklaar.

1. Ons glo in die drie -enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat deur sy Woord en Gees sy kerk versamel, beskerm en versorg van die begin van die wêreld af tot die einde toe.

2. Ons glo aan een heilige algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges, geroepe uit die ganse menslike geslag. Ons glo dat die versoeningswerk van Christus sigbaar word in dié kerk as geloofsgemeenskap van diegene wat met God en onderling met mekaar versoen is; Ef 2:11-22

dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe én opdrag is; dat dit 'n samebindende krag is deur die werking van Gods Gees, maar terselfdertyd 'n werklikheid is wat nagejaag en gesoek moet word en waartoe die volk van God voortdurend opgebou moet word; Ef 4:1-16

dat hierdie eenheid sigbaar moet word sodat die wêreld kan glo dat geskeidenheid, vyandskap en haat tussen mense en mensegroepe sonde is wat reeds deur Christus oorwin is en dat alles wat die eenheid mag bedreig, gevolglik geen plek in die kerk van Christus mag hê nie, maar bestry moet word; Joh 17:20-23

dat hierdie eenheid van die volk van God op 'n verskeidenheid van maniere sigbare gestalte moet kry en werksaam moet wees, daarin dat ons mekaar liefhet, gemeenskap met mekaar beleef, najaag en beoefen; Fil 2:1-5 1 Kor 12:4-31

daarin dat ons skuldig is om onself tot nut en saligheid van mekaar gewillig en met vreugde te gee; daarin dat ons een geloof deel, een roeping het, een van siel en een van sin is, een God en Vader het, van een Gees deurdrenk is; van een brood neem en uit een beker drink, met een doop gedoop is, een Naam bely, aan een Heer gehoorsaam is, vir een saak ywer, een hoop met mekaar deel; saam die hoogte en

breedte en diepte van die liefde van Christus leer ken; saam opgebou word tot die gestalte van Christus, tot die nuwe mensheid; saam mekaar se laste ken en dra en so die wet van Christus vervul, mekaar nodig het en mekaar opbou, mekaar vermaan en mekaar vertroos, saam met mekaar ly vir die geregtigheid, saam bid, saam diensbaar is aan God in hierdie wêreld, saam stry teen alles wat hierdie eenheid mag belemmer of bedreig; Joh 13:1-17 1 Kor 1:10-13 Ef 4:1-6 Ef 3:14-20 1 Kor 10:16-17 1 Kor 11:17-34 Gal 6:2 / 2 Kor 1:3-4

dat hierdie eenheid slegs in vryheid gestalte kan vind en nie onder dwang nie; dat die verskeidenheid van geestelike gawes, geleenthede, agtergronde, oortuigings, soos ook die verskeidenheid van taal en kultuur, vanweë die versoening in Christus geleenthede is tot wedersydse diens en verryking binne die een sigbare volk van God; Rom 12:3-8 1 Kor 12:1-11 Ef 4:7-13 Gal 3:27-28 Jak 2:1-13

dat die ware geloof in Jesus Christus die enigste voorwaarde is vir lidmaatskap van hierdie kerk. Daarom verwerp ons enige leer wat óf die natuurlike verskeidenheid óf die sondige geskeidenheid so verabsoluteer dat hierdie verabsolutering die sigbare en werksame eenheid van die kerk belemmer of verbreek of selfs lei tot 'n aparte kerkformasie; wat voorgee dat hierdie geestelike eenheid werklik bewaar word deur die band van die vrede wanneer gelowiges met dieselfde belydenis van mekaar vervreem word ter wille van die verskeidenheid en vanweë die onderversoendheid; wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is; wat uitgesproke of onuitgesproke voorgee dat afkoms of enige ander menslike of sosiale faktore medebepalend is vir lidmaatskap van die kerk.

3. Ons glo dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon; 2 Kor 5:17-21 Matt 5:13-16 Matt 5:9 2 Pet 3:13 Op 21 – 22

dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God

deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring; Ef 4:17 – 6:23 Rom 6 Kol 1:9-14 Kol 2:13-19 Kol 3:1 – 4:6

dat hierdie boodskap ongeloofwaardig gemaak word en dat die heilsame uitwerking daarvan in die weg gestaan word indien dit verkondig word in 'n land wat op Christelikheid aanspraak maak, maar waarin die gedwonge skeiding van mense op rassegrondslag onderlinge vervreemding, haat en vyandskap bevorder en bestendig; dat enige leer wat sodanige gedwonge skeiding vanuit die evangelie wil legitimeer en dit nie wil waag op die pad van gehoorsaamheid en versoening nie, maar uit vooroordeel, vrees, selfsug en ongeloof die versoenende krag van die evangelie byvoorbaat verloën, ideologie en dwaalleer is. Daarom verwerp ons enige leer wat in die naam van die evangelie of die wil van God die gedwonge skeiding van mense op grond van ras en kleur in so 'n situasie sanksioneer en daardeur die bediening en beleving van die versoening in Christus by voorbaat belemmer en van krag beroof.

4. Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat dit vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek; Deut 32:4 Luk 2:14 Joh 14:27 Ef 2:14 Jes 1:16-17 Jak 1:27 Jak 5:1-6 Luk 1:46-55 Luk 6:20-26 Luk 7:22 Luk 16:19-31

dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom; Ps 146 Luk 4:16-19 Rom 6:13-18 Am 5

dat die kerk as eiendom van God moet staan waar Hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die veronregtes; dat die kerk as volgelinge van Christus moet getuig teenoor alle magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hulle eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel. Daarom verwerp ons enige ideologie wat vorme van veronregting legitimeer en enige leer wat nie bereid is om vanuit die evangelie so 'n ideologie te weerstaan nie.

5. Ons glo dat die kerk geroep word om dit alles te bely en te doen, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sy enigste Hoof, al sou ook die owerhede en verordeninge van mense daarteen wees en al sou straf en lyding daaraan verbonde wees. Ef 4:15-16 Hand 5:29-33 1 Pet 2:18-25 1 Pet 3:15-18

Jesus is die Heer.

Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, kom toe eer en heerlijkheid in ewigheid.

Bylaag 2 - Die begeleidende brief

Die Sinode van die voormalige NG Sendingkerk (NGSK) in Suid-Afrika het reeds in 1982 met die aanvaarding van die Belydenis van Belhar as 'n konsep 'n begeleidende brief goedgekeur om altyd daarmee saam te lees.

1. Ons is daarvan bewus dat daar in die lewe van die kerk oomblikke kan ontstaan van soveel erns dat die kerk die noodsaak kan voel om opnuut sy geloof te bely in die lig van 'n spesifieke situasie. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis nie ligtelik gedoen word nie, maar slegs as geoordeel word dat die hart van die evangelie self op die spel staan en bedreig word. Na ons oordeel verg die kerklike en politieke situasie binne ons land en veral binne die NGK-familie tans so 'n beslissing. Ons doen hierdie belydenis dus nie as 'n teologiese gespreksbydrae of as 'n nuwe samevatting van al ons geloofsgoedere nie, maar as 'n kreet uit die hart, as 'n dwang wat ons opgelê is om die evangelie ontwil in die lig van die oomblik waarin ons staan. Ons bely saam met vele ons skuld daarin dat ons nie altyd duidelik genoeg hieroor getuig het nie en gevolglik medeverantwoordelik is daarvoor dat wat as sonde ervaar en bely is of as sonde ervaar en bely moes word, mettertyd gegroei het tot vanselfsprekendhede en Skrifvreemde ideologieë en dat die indruk by vele geskep is asof die evangelie nie waarlik op die spel was nie. Ons spreek hierdie belydenis uit, omdat ons oordeel dat allerlei teologiese argumente daartoe bygedra het om aspekte van die waarheid so eensydig te beklemtoon dat dit in die leuen verander het.

2. Ons is daarvan bewus dat die enigste gesag agter so 'n belydenis en die enigste grond waarop dit uitgespreek kan word die Heilige Skrifte as die Woord van God is. Volkome bewus van die waagstuk verbonde aan so 'n daad, oordeel ons tog dat ons geen ander keuse het nie. Ons is boonop daarvan bewus dat geen ander motiewe of oortuigings, hoe geldig hulle ook al mag wees, ons die reg veroorloof tot 'n daad van belydenis nie. Dit moet 'n kerklike handeling wees ter wille van die suiwerheid en die geloofwaardigheid van die kerk en sy boodskap alleen. Sover dit moontlik is voor die mense verklaar ons hiermee dat ons enigste dryfveer geleë is in ons vrees dat die waarheid en krag van die evangelie self bedreig word in hierdie situasie. Ons wil geen groepsbelang dien, partyskappe bevorder, teologieë bevorder of bymotiewe verwesenlik

nie. Terselfdertyd weet ons dat ons diepste bedoelinge slegs na ware beoordeel kan word deur Hom voor wie alles oop en bloot is. Ons spreek hierdie belydenis nie uit vanaf sy troon en uit die hoogte nie, maar voor sy troon en voor die mense. Ons pleit daarom dat hierdie belydenis nie misbruik sal word deur enigiemand met allerlei bymotiewe nie en dat dit ook nie vanuit sulke motiewe teëgestaan sal word nie. Ons begeerte is om geen valse struikelblokke in die weg te lê nie, maar om heen te wys na die egte struikelblok, die rots Jesus Christus.

3. Ons spreek hierdie belydenis nie uit teen spesifieke mense of groepe van mense of 'n kerk of kerke nie. Ons spreek hierdie belydenis uit teen 'n valse leer, teen 'n ideologiese verdraaiing wat die evangelie self in ons kerk en land bedreig. Ons versugting is dat niemand hulle sal vereenselwig met hierdie verwerplike leer nie en dat almal wat heeltemal of gedeeltelik daardeur verblind is hulle daarvan sal afkeer. Ons is terdeë bewus van die verleidelike aard van so 'n valse leer en weet dat vele wat daardeur gekondisioneer is in mindere of meerdere mate die halwe waarheid leer glo het as die volle. Ons betwyfel daarom nie talle van sulke mense se Christelike geloof, hulle opregtheid, eerlikheid, integriteit en goeie bedoelinge en in baie opsigte lofwaardige handelswyse nie. Juis omdat ons egter die krag van die misleiding ken, is ons daarvan bewus dat nie die erns, opregtheid en intensiteit van ons sekerhede ons vrymaak nie, dog slegs die waarheid in die Seun. Aan dié bevryding het ons kerk en ons land 'n intense behoefte. Ons praat daarom pleitend en nie beskuldigend nie. Ons pleit om versoening, dié egte versoening wat volg op bekering en verandering van gesindhede en ordeninge. Ons is daarby daarvan bewus dat 'n daad van belydenis 'n tweesnydende swaard is, dat niemand van ons die eerste klip kan gooi of nie self 'n balk in die eie oog het nie. Ons weet dat die gesindhede en optrede wat die evangelie teëwerk by ons almal aanwesig is en sal bly. Daarom is hierdie belydenis niks anders nie as 'n oproep tot voortdurende gesamentlike selfondersoek, stryd en bereidheid tot bekering in die Naam van ons Here Jesus Christus in 'n gebroke wêreld. Dit wil geen daad van selfregverdiging en onverdraagsaamheid wees, sodat ons terwyl ons vir andere preek, dalk self verwerplik sal wees nie.

4. Ons bedede is dat hierdie daad van belydenis nie valse struikelblokke in die weg sal lê en daardeur valse verdelinge sal veroorsaak en bevorder nie, dog versoenend en verenigend sal wees. Ons is daarvan bewus dat so 'n daad van belydenis en 'n proses van versoening noodwendig veel pyn meebring. Dit verg die pyn van bekering, berou en skuldbelydenis. Dit verg die pyn van lewensvernuwing en -verandering, sowel individueel as gesamentlik. Dit plaas ons op 'n pad waarvan ons die einde nie kan voorsien of na ons eie wense kan manipuleer nie. Op dié pad sal ons onvermydelik intense groeipyne ervaar terwyl ons worstel om die vervreemding, die bitterheid, die onversoendheid en die vrees te oorwin. Ons sal sowel onself as mekaar nuut moet leer ken en beleef. Ons is terdeë daarvan bewus dat hierdie belydenis roep om die aftakeling van denk-, kerklike en samelewingstrukture wat oor baie jare heen gegroei het. Ons bely egter dat daar ter wille van die evangelie geen ander uitweg moontlik is nie. Ons bedede is dat ons broeders en susters dwarsdeur die hele NGK-familie, maar ook daarbuite, hierdie nuwe begin saam met ons sal wil maak, sodat ons sáám kan vry word en sáám hierdie weg van versoening en geregtigheid kan gaan. Ons bedede is dat hierdie droefheid gevolglik 'n droefheid tot verlossing sal wees. Ons glo dat dit moontlik is in die krag van onse Here en deur sy Gees. Ons glo dat die evangelie van Jesus Christus hoop, bevryding, heil en ware vrede vir ons land kan en wil bring.

Bylaag 3 - Nederlandse Geloofsbelydenis: Artikels 15-37

Artikel 15 DIE ERFSONDE Ons glo dat die erfsonde deur die ongehoorsaamheid van Adam oor die hele menslike geslag uitgebrei het. Dit is 'n verdorwenheid van die hele natuur en 'n oorgeërfde gebrek waarmee selfs die klein kindertjies in die moederskoot besmet is. Dit is hierdie wortel wat in die mens allerhande sondes laat uitspruit. Dit is daarom so afskuwelik en gruwelik voor God dat dit rede genoeg is om die menslike geslag te verdoem. Dit word selfs nie deur die doop geheel en al tot niet gemaak of volkome uitgeroei nie, aangesien die sonde aanhoudend uit hierdie verdorwenheid opborrel soos water uit 'n giftige fontein. Dit word die kinders van God ewenwel nie tot verdoemenis toegereken nie maar deur sy genade en barmhartigheid vergewe. God vergewe nie sodat die gelowiges in die sonde gerus sou slaap nie maar wel sodat die besef van hierdie verdorwenheid hulle dikwels sou laat sug in die verlange om van hierdie liggaam van die dood verlos te word, Ons verwerp hiermee die dwaling van die Pelagiane, wat sê dat hierdie sonde uit niks anders as uit navolging ontstaan nie. Ps. 51:7; Rom. 3:10; Joh. 3:6; Gen. 6:3; Ef. 2:5; Job 14:4; Rom. 5:14; 7:18-19.

Artikel 16 DIE EWIGE VERKIESING VAN GOD Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here. God is regverdig deurdát Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het. Rom. 3:12; 9:16; Deut. 32:8; 1 Sam. 12:22; Ps. 65:5; Mal. 1:2; 2 Tim. 1:9; Rom. 9:29; Tit. 3:4-5; Ef. 1:4-5; Rom. 11:5; Hand. 2:47; 13:48; 2 Tim. 2:20; Rom. 9:11; 1 Pet. 1:2; Rom. 9:21; Joh. 6:27, 44; 17:9,12; Joh. 13:9; 15:16; Rom. 11:34-35; Joh. 18:20; 15:19; Tit. 1:1; Ef. 1:3; Joh. 10:29; Matt. 15:24; 20:23.

Artikel 17 DIE VERLOSSER DEUR GOD BELOOF Ons glo dat ons goeie God in sy uitnemende wysheid en goedheid die mens weer opgesoek het toe Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak en al bewende van Hom weggevlug het. God het die mens toe getroos met die

belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak - sy Seun, wat uit 'n vrou (Gal. 4:4) gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel (Gen. 3:15). Gen 3:15; 22:18; Jes. 7:14; Joh. 7:42; 2 Tim. 2:8; Heb. 7:14; Joh. 1:14; Gen. 3; Gal. 4:4.

Artikel 18 DIE MENSWORDING VAN JESUS CHRISTUS Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete inderdaad vervul het deur sy eie eniggebore en ewige Seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal. Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en aan die mens gelyk geword (Filp. 2:7) deur werklik 'n egte menslike natuur, met al sy swakhede maar sonder sonde, aan te neem. Hy is in die liggaam van die geseënde maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees en sonder die toedoen van 'n man verwek. Hy het nie alleen wat die liggaam betref, die menslike natuur aangeneem nie maar ook 'n egte menslike siel om so 'n werklike mens te wees. Want Hy moes sowel die siel as die liggaam aanneem om al twee te red, aangesien beide verlore was. Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en bloed van die kinders deelagtig geword het (Heb. 2:14), dat Hy wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid (Hand. 2:30 en Rom. 1:3), 'n vrug van die moederskoot van Maria (Luk. 1:42), gebore uit 'n vrou (Gal. 4:4), 'n spruit van Dawid (Jer. 33:15), 'n loot uit die wortels van Isai (Jes. 11:1), van die geslag van Juda afstam (Heb. 7:14), uit die Jode as mens gebore (Rom. 9:5), uit die geslag van Abraham, aangesien Hy die geslag van Abraham aangeneem het en in alle opsigte - maar sonder sonde - aan sy broers gelyk geword het (Heb. 2:17 en Heb. 4:15). Ons bely inderdaad dat Hy waarlik ons Emmanuel is, dit wil sê: God met ons (Matt. 1:23). Filp. 2:7; 1 Tim. 3:16; Luk. 1:55; Gen. 26:4; 2 Sam. 7:12; Ps. 132:11; Hand. 13:23; 1 Tim. 2:5; 1 Kor. 12:3; Deut. 29:2; Ps. 119:34; Rom. 7:19; Jer. 33:15; Heb. 7:14; Rom. 9:5; Gal. 3:16; Heb. 2:16; Matt. 1:16.

Artikel 19 DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde

(Heb. 7:3) en hemel en aarde vervul, só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort. Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is. Hierdie twee nature is só saam in een Persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie. Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het. Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het. Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie; dit was in Hom toe Hy 'n klein kindjie was, al het die Godheid Hom toe 'n kort tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe. Matt. 28:20; Joh. 10:13; Ef. 4:8, 12; Heb. 7:3; Matt. 26:11; Hand. 1:11; 3:21; Luk. 24:39; Joh. 20:25; Hand. 1:3; Matt. 27:50.

Artikel 20 GOD SE REGVERDIGHEID EN BARMHARTIGHEID IN CHRISTUS Ons gee dat God, wat volkome barmhartig en regverdig is, sy Seun gestuur het om die natuur waarin die ongehoorsaamheid begaan is, aan te neem. Hy moes in die menslike natuur aan die geregtigheid voldoen en die straf vir die sondes deur sy allerbitterste lyding en sterwe dra. So het God sy regverdigheid teenoor sy Seun betoon toe Hy ons sondelas op Hom gelê het, en só sy goedheid en barmhartigheid uitgestort oor ons, wat skuldig was en die ewige vervloeking verdien het. Hy het immers sy Seun deur die mees volmaakte liefde vir ons in die dood gegee, en Hy het Hom tot ons regverdiging opgewek, sodat ons deur Hom die onsterflikheid en die ewige lewe kan hê. Heb. 2:14,. Rom. 8:3, 32; 4:25.

Artikel 21 DIE VERSOENING DEUR CHRISTUS Ons glo dat Jesus Christus - kragtens 'n eed - 'n ewige Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek. Hy het Homself in ons naam voor sy Vader gestel om sy toorn met volledige betaling te stil deur Homself aan die kruishout te offer en sy kosbare bloed tot afwassing van ons sondes uit te stort soos die profete dit voorspel het. Want daar staan geskrywe dat die

straf wat vir ons die vrede aanbring, op die Seun van God was, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom; dat Hy soos 'n lam na die slagplek gelei en by die misdadigers gereken is' (Jes. 53:5, 7, 9); dat Hy as 'n misdadiger deur Pontius Pilatus veroordeel is al het dié Hom eers onskuldig verklaar. Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie (Ps. 69:5); Hy het na liggaam en siel as regverdige vir onregverdiges gely (1 Pet. 3:18); Hy het die verskriklike straf wat ons sondes verdien, ervaar, sodat sy sweet soos bloeddruppels geword het wat op die grond val (Luk. 22:44), en Hy het uitgeroep: 'My God, my God, waarom het U My verlaat' (Matt. 27:46). Dit alles het Hy ter wille van die vergewing van ons sondes gely. Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks anders praat nie as oor Jesus Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde (1 Kor. 2:2); dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken oortref alles in waarde (Filp. 3:8); dat ons volkome vertroosting in sy wonde vind en dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie een offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word (Heb. 10:14). Dit is dan ook die rede waarom Hy deur die engel van God Jesus, dit is Verlosser, genoem is, want Hy sou sy volk van hulle sondes verlos (Matt. 1:21). Ps. 110:4; Heb. 5:10; Rom. 5:8-9; Kol. 2:14; Heb. 2:9, 17; Rom. 4:25; Joh. 15:13; Hand. 2:24; Joh. 3:16; Rom. 8:32; 1 Tim. 1:15; Jes. 53:5, 7; Heb. 9:14; 1 Pet. 2:24; Matt. 15:28; Joh. 18:38; Ps. 69:5;

Eks. 12:6; Ps. 22:16; Dan. 9:26; 1 Kor. 2:2; Rom. 5:6; Filp. 2:8; Heb. 9:12; 1 Pet. 1:18-19; Joh. 10:9; Heb. 9:25-26; 10:14; Joh. 5:10; Matt. 1:21; Hand. 4:12; Luk. 1:31.

Artikel 22 ONS REGVERDIGING DEUR DIE GELOOF Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie. Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, óf dit is alles wél in Hom, en dan het hy wat wat Jesus Christus deur die geloof besit, sy volle saligheid. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is. Ons sê daarom tereg saam met Paulus dat ons

deur die geloof alleen of deur die geloof sonder die werke geregverdig is (Rom. 3:28). Om presies te wees: Ons bedoel nie dat die geloof self ons regverdig maak nie, want die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid, omhels, maar wel dat Jesus Christus ons Geregtigheid is. Hý reken ons sy hele verdienste toe en ook al sy heilige werke wat Hy vir ons en in ons plek gedoen het, terwyl die geloof die middel is wat ons in die gemeenskap aan al sy weldade aan Hom verbind. En as die weldade ons eiendom geword het, is hulle meer as genoeg om vrypraak vir ons sondes te verkry. Ps. 51:8; Ef. 1:17-18; 1 Tess. 1:6; 1 Kor. 2:12; Gal 2:21; Jer. 23:6; 1 Kor. 1:20; Jer. 51:10; 1 Kor. 15:3; Matt. 1:21; Rom. 8:1; 3:20, 28; Gal. 2:16; Heb. 7:19; Rom. 8:29, 33; Hand. 13:28; 1 Pet. 1:4; Rom. 10:3, 5, 9; Luk. 1:77; Tit. 3:5; Ps. 32:1; Rom. 4:5; 3:24, 27; Filp. 3:9; 2 Tim. 1:9; Ps. 115:1; 1 Kor. 4:7; Rom. 4:2.

Artikel 23 ONS GEREJTIGHEID VOOR GOD Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergewing van ons sondes om Jesus Christus ontwil en dat ons geregtigheid voor God daarin bestaan. Dit leer Dawid en Paulus ons deur te verklaar dat die mens se geluksaligheid daarin bestaan dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding om toereken (Ps. 32:2 en Rom. 4:6). Dieselfde apostel sê dat ons verniet, dit wil sê uit genade, geregverdig is deur die verlossing wat in Jesus Christus is (Rom. 3:24). Ons hou daarom hierdie grondslag altyd vas: Ons gee aan God al die eer, verneder ons voor Hom, erken dat ons is wat ons is, en roem glad nie in onself of in ons verdienste nie, maar maak staat en steun op die gehoorsaamheid van die gekruisigde Christus alleen. Hierdie gehoorsaamheid is ons eie as ons in Hom glo; dit is ook genoegsaam om al ons ongeregthede te bedek en die gewete van vrees, verbystering en skrik te bevry en om ons vrymoedigheid te gee om na God te gaan, terwyl ons nie handel soos ons eerste vader, Adam, wat al bewende probeer het om hom met vyeblare te bedek nie. Waarlik, as ons voor God moes verskyn terwyl ons, in watter geringe mate ook al, op onself of op enige ander skepsel sou staatmaak, sou ons - helaas! - verteer moes word. En daarom moet elkeen saam met Dawid sê: 'En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor U aangesig regverdig nie' (Ps. 143:2). Heb. 11:7; Ef. 2:8; 2 Kor. 5:19; 1 Tim. 2:6; 1Joh. 2:1; Gen. 3:7 (Rom. 5:19); Rom 4:6; Hand. 4:12; Eseg. 36:23, 32; Deut. 27:26; Jak. 2:10; Ps. 143:2; Luk. 16:15; Job 1; 1 Kor. 4:4; Ps. 18:28; Sef. 3:11; Heb. 10:20.

Artikel 24 ONS HEILIGMAKING EN GOEIE WERKE Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die geloof hom weergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry. Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; intendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daarom onmoontlik dat hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan (Gal. 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het. Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is deur die geloof in Christus geregverdig nog voordat ons goeie werke doen. Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is.

Ons doen dus goeie werke, maar nie om iets te verdien nie - wat sou ons tog kon verdien? Veeleer is ons die goeie werke wat ons doen, aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk. Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Filp. 2:13). Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: `...wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen' (Luk. 17:10). Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawe bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie. En al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp. Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid, en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie. Rom. 10:17; Joh. 5:26; Ef. 2:4; Joh. 8:36; Tit. 2:12; Joh. 15; Heb. 11:6; 1 Tim. 1:5; Gal. 5:6; Tit. 3:8; Rom.

9:32; Tit. 3:5; Matt. 7:17; Rom. 14:23; Heb. 11:4; Gen. 4:4; 1 Kor. 4:7; Filp. 3:13; Jes. 26:12; Gal. 3:5; 1 Tess. 2:13; Luk. 17:10; Rom. 2:6; Op. 2:13; 2 Joh. :8; Rom. 11:5 (6-7); (Ef. 2:5); Jes. 64:6; 1 Kor. 3:11; Jes. 28:26; Rom. 10:11; Hab. 2:4.

Artikel 25 DIE SEREMONIËLE WET IN CHRISTUS VERVUL Ons glo dat die seremonies en heenwysings van die Wet met die koms van Christus opgehou het en dat alle voorafskaduwing tot 'n einde gekom het. Die gebruik daarvan moet derhalwe onder die Christene afgeskaf word. Die waarheid en inhoud daarvan bly nogtans vir ons in Christus Jesus bestaan: in Hom het hierdie seremonies en heenwysings juis hulle vervulling. Ons gaan ook nog voort om die getuienisse van die wet en die profete te gebruik om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe in alle eerbaarheid tot eer van God en volgens sy wil in te rig. Rom. 10:4; Gal. 3, 4; Kol. 2:17; 2 Pet. 1:19; 3:2, 18.

Artikel 26 CHRISTUS ONS VOORSPRAAK Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige. Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan hê, anders sou die toegang vir ons gesluit wees. Maar hierdie Middelaar wat die Vader tussen Homself en ons aangestel het, moet ons nie deur sy verhewenheid laat terugdeins sodat ons 'n ander middelaar na ons eie insigte sou soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat groter liefde vir ons het as Jesus Christus nie, Hy wat, alhoewel Hy in die gestalte van God was, Homself ontledig het deur vir ons die gestalte van 'n mens en van 'n slaaf aan te neem en aan sy broers in alle opsigte gelyk geword het (Filp. 2:6-7 en Heb. 2:17). As ons dus moes soek na 'n ander middelaar wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons dan kon vind wat groter liefde vir ons sou hê as Hy wat sy lewe vir ons afgelê het, selfs toe ons nog sy vyande was (Rom. 5:8, 10)? En as ons een soek wat mag en aansien het, wie besit soveel daarvan as Hy wat aan die regterhand van sy Vader sit en alle mag in die hemel en op die aarde het (Matt. 28:18)? En wie sal eerder verhoor word as die eie, geliefde Seun van God? Dit is slegs deur gebrek aan vertrouwe dat hierdie gewoonte posgevat het om die heiliges te onteer in plaas van hulle te vereer. So doen hulle iets wat die heiliges

nooit gedoen of gesoek het nie maar wat hulle onophoudelik en pligsgetrou verwerp het, soos dit uit hulle geskifte blyk. Hier moet ook nie ingebring word dat ons dit onwaardig is nie. Daar is mos geen sprake van dat ons ons gebede op grond van ons waardigheid voor God bring nie. Ons doen dit alleen op grond van die uitnemendheid en waardigheid van Jesus Christus, want sy geregtigheid is ons geregtigheid deur die geloof. Daarom sê die apostel - wanneer hy hierdie dwase vrees of liever die gebrek aan vertrouwe van ons wil wegneem - dat Jesus Christus in elke opsig aan sy broers gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. Omdat Hy self versoek is en gelyk het, kan Hy dié help wat versoek word (Heb. 2:17-18). En om ons nog meer moed te gee om na Hom toe te gaan, sê die apostel vervolgens: 'Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word' (Heb. 4:14-16). Dieselfde apostel sê: 'Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus ... laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid...' (Heb. 10:19, 22). En voorts: 'maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree' (Heb. 7:24-25). Wat kom daar dan nog kort, aangesien Christus self sê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie' (Joh. 14:6)? Waarom sou ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander een te neem of liever 'n ander een te soek sonder om hom ooit te vind nie. Want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar, soos dit ons in die gebed van die Here geleer word; en ons is verseker dat alles wat ons die Vader in sy Naam sal bid, aan ons gegee sal word (Joh. 16:23). 1 Tim. 2:5; 1 Joh. 2:1; Rom. 8:26; Deut. 4:24; Gen. 3:10; Eks. 20:19; Jer 2:33; Jes. 43:22; Hos. 13:9; Luk.

18:19; Ef. 3:20; 1 Joh. 4:10; Ef. 3:19; Filp. 2:7; Joh 15:13; Matt. 28; Heb. 1:3, 7; Jes. 55:1-3; Matt. 11:28; Jak. 5:17; Ps. 115:1; Hand. 14:15; 10:26; Heb. 9:24; Joh. 11:9; Hand. 4:12; 1 Kor. 1:30; Ps. 34:7; Jer 2:5; Heb. 4:14, 16; Jer. 17:5, 7; Heb. 2:17-18; 4:14-16; Ef. 2:18; Heb. 10:19; 7:25; Joh. 14:6; Ps. 44:(21) 6; 1 Tim. 2:5; 1 Joh. 2:1; Rom. 8:34; Luk. 11:2; Joh. 14:13; Jer. 16:20; Heb. 13:15; Rom. 5:8.

Artikel 27 DIE ALGEMENE CHRISTELIKE KERK Ons glo en bely 'n enige katolieke of algemene kerk, 'n heilige vergadering van almal wat waarlik in Christus glo, wat almal hulle volle saligheid in Jesus Christus verwag en in sy bloed gewas is, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal tot die einde daar wees, want Christus is 'n ewige Koning, wat nooit sonder onderdane kan wees nie. En hierdie heilige kerk word deur God teen die woede van die hele wêreld bewaar, alhoewel dit soms 'n tyd lank baie klein is en dit in die oë van die mense lyk asof dit tot niet gegaan het - soos die Here vir Hom gedurende die gevaarlike tyd onder Agab sewe duisend mense bewaar het wat nie voor Baäl gekniel het nie. Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar is die oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig. Ps. 46:6; Jer. 31:36; Ps. 102:14; Matt. 28:20; 2 Sam. 7:16; Luk. 1:32; Ps. 89:37; 110:4; Gen. 22; Rom. 11; 1 Kon. 19:18; 2 Tim. 2:19; Luk. 17:21; Matt. 11:25; Hand. 4:32; Ef. 4:4; 1 Pet. 3:20; Gen. 22:18; Matt. 16:18; Jes. 1:9; Rom. 9:29; Joël 2:32; Hand. 2:21.

Artikel 28 ELKEEN IS VERPLIG OM BY DIE WARE KERK AAN TE SLUIT Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevreidenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; intendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien. En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om

hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie, en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood- of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God. Ps. 5:6; 22:23; Ef. 4:12; Heb. 2:12; Matt. 24:28; Jes. 49:22; 52:11-12; Hand. 4:17, 19; Heb. 10:25; Op. 17:2; Hand. 17:7; 18:13.

Artikel 29 DIE KENMERKE VAN DIE WARE EN DIE VALSE KERK Ons glo dat ons sorgvuldig en met groot oplettendheid uit die Woord van God behoort te onderskei watter kerk die ware kerk is, aangesien al die sektes wat daar vandag in die wêreld is, hulle ten onregte die naam kerk toeëien. Ons praat hier nie van die huigelaars wat in die kerk met die goeies vermeng is en tog nie aan die kerk behoort nie alhoewel hulle uiterlik daarin is; maar ons sê dat 'n mens die liggaam en die gemeenskap van die ware kerk moet onderskei van al die sektes wat beweer dat hulle die kerk is. Die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken, is die volgende: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf - kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as die enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken, en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie. Vervolgens, aangaande die lidmate van die kerk: Ons kan hulle uitken aan die kenmerke van die Christene, naamlik hulle geloof dat hulle die enigste Verlosser Jesus Christus aangeneem het en dat hulle daarna die sonde ontvlug, die geregtigheid najaag, die ware God en hulle naaste liefhet, nie na regs of links afwyk nie en hulle sondige natuur met sy werke kruisig. Hiermee sê ons nie dat daar nie nog groot swakheid in hulle is nie; intendeel, deur die Gees stry hulle juis al die dae van hulle lewe daarteen, terwyl hulle altyd weer hulle toevlug neem tot die bloed, die dood, die lyding en gehoorsaamheid van die Here Jesus Christus, in wie hulle deur die geloof in Hom vergewing van hulle sondes het. Wat die valse kerk betref: dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God; dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie; dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord beveel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goëddunke; dit vertrou meer op mense as op Christus, en dit

vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf. Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word. Matt. 13; 2 Tim. 2:18-20; Rom. 9:6; Ef. 2:20; Joh. 10:4, 14; Matt. 28:20; Gal. 1:8; 1 Kor. 11:20; Kol 1:23; Hand. 17:11; Joh. 18:37; Ef. 1; Joh. 8:47; 17:20; 1 Joh. 4:2 (en 3:9); Rom. 6:2; Gal. 5:17, 24; Rom. 7:5; Kol. 1:12; 2:18-19; Ps. 2:3; Op. 2:9; 17:3; Joh. 16:2.

Artikel 30 DIE REGERING VAN DIE KERK Ons glo dat hierdie ware kerk ooreenkomstig die geestelike bestuurswyse wat ons Here ons in sy Woord geleer het, geregeer moet word. Daar moet naamlik dienaars of herders wees om die Woord van God te verkondig en die sakramente te bedien; ook ouderlinge en diakens om saam met die herders die kerkraad te vorm. Deur hierdie middel moet hulle sorg dra dat die ware godsdienst onderhou, die ware leer oral versprei, die oortreders op geestelike wyse vermaan en in toom gehou en die armes en bedroefdes ook volgens hulle nood gehelp en getroos word. Op hierdie wyse sal alles in die kerk behoorlik en ordelik geskied wanneer betroubare persone gekies word ooreenkomstig die voorskrif wat die apostel Paulus in die brief aan Timoteus daarvoor gee (1 Tim. 3). 1 Kor. 4:1-2; 2 Kor. 5:19; Joh. 20:23; Hand. 26:18; 1 Kor. 15: 10; Matt. 5:14; Luk 10:16; Gal. 2:8; Tit. 1:5; 1 Tim. 3.

Artikel 31 DIE AMPSDRAERS VAN DIE KERK Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en die diakens tot hulle ampte verkies moet word deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie orde, soos die Woord van God leer. Daarom moet elkeen terdeë daarteen waak om hom met onbehoorlike middele in te dring. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word, sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom. Verder, wat die bedienaars van die Woord betref: hulle het, op watter plek hulle ook al mag wees, een en dieselfde mag en gesag omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is - die enigste algemene Opziener en die enigste Hoof van die kerk. Verder sê ons, met die oog daarop dat die heilige bevel van God nie verkrag of geminag sal word nie, dat elkeen vir die bedienaars van die Woord en die ouderlinge van die kerk besondere agting moet hê ter wille van die werk wat hulle doen,

en so ver moontlik sonder murmurering, twis of tweedrag in vrede met hulle moet saamleef. Hand. 6:3-4; 1 Tim. 4:13; Hand. 1:23; 13:2; 1 Tim. 5:22; 1 Kor. 12:28; Rom. 12:8; 1 Tim. 4:14; Matt. 18:26; 1 Kor. 3:8; Rom. 12:7-8; 2 Kor. 5:19; Hand. 26:18; Jes. 61:1; Ef. 1:22; Kol. 1:28; 1 Tess. 5:12-13; Heb. 13:7,17.

Artikel 32 DIE ORDE EN TUG VAN DIE KERK Ons glo verder dat die regeerders van die kerk, al is dit nuttig en goed om onder mekaar 'n bepaalde orde tot instandhouding van die liggaam van die kerk in te stel en te handhaaf, tog noukeurig moet oppas om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie. En daarom verwerp ons alle menslike versinsels en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien en om, op watter manier ook al, die gewetens daardeur te bind en te dwing. Ons aanvaar derhalwe slegs wat kan dien om eendrag en eenheid te bewaar en te bevorder en om alles in gehoorsaamheid aan God te onderhou. Daarvoor is nodig die ban en alles wat daarmee saamhang, toegepas ooreenkomstig die Woord van God. 1 Kor. 7:57; Kol. 2:6-7; Matt. 15:9; Jes. 29:13; Gal. 5:1; Rom. 16:17-18; Matt. 18:17; 1 Kor. 5:5; 1 Tim. 1:20.

Artikel 33 DIE SAKRAMENTE Ons glo dat ons goeie God, omdat Hy met ons stompsinnigheid en swakheid rekening hou, die sakramente vir ons ingestel het om sy beloftes aan ons te beseël, om tekens van sy goedheid en genade teenoor ons te wees en om ons geloof te voed en in stand te hou. Hy het dit by die Woord van die evangelie gevoeg om vir ons uitwendige sintuie des te beter voor te stel wat Hy aan ons deur sy Woord te kenne gee en wat Hy inwendig in ons hart doen. So bekragtig Hy in ons die heil wat Hy aan ons meedeel. Dit is immers sigbare tekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak, en deur middel daarvan werk God in ons deur die krag van die Heilige Gees. Die tekens is dus nie sonder sin en sonder inhoud om ons te bedrieg of te mislei nie; hulle waarheid is juis geleë in Jesus Christus, sonder wie hulle geheel en al betekenisloos sou wees. Verder is ons tevrede met die aantal sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons ingestel het en wat slegs twee is, naamlik die sakrament van die doop en die heilige nagmaal van Jesus Christus. Rom. 4:11; Gen. 9:13; 17:10-11; Eks.

12; Kol. 2:11; 1 Kor. 5:7; Matt. 28:19; 26:26; Rom. 10:9; Kol. 1:11; 1 Pet. 3:20; 1 Kor. 10:2.

Artikel 34 DIE HEILIGE DOOP Ou glo en bely dat Jesus Christus, wat die einde van die wet is (Rom. 10:4), deur sy bloed te stort 'n einde gemaak het aan elke ander bloedvergieting wat 'n mens tot versoening of voldoening van die sondes sou kan of wil aanwend. Hy het die besnydenis wat met bloed gepaard gegaan het, afgeskaf en in die plek daarvan die sakrament van die doop ingestel. Deur die doop word ons in die kerk van God opgeneem en van alle ongelowiges en vreemde godsdienste afgesonder om heeltemal sy eiendom te wees en sy merkteken en vaandel te dra. Dit dien vir ons tot 'n getuienis dat Hy ewig ons God en genadige Vader sal wees. Daarom het Hy beveel om almal wat sy eiendom is, net met gewone water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees te doop (Matt. 28:19). Hy toon ons daarmee dat, soos water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word, en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word. Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie maar wel deur die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooisee waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom en om in die geestelike land Kanaän in te gaan. Die bedienaars gee ons van hulle kant dus met die sakrament dit wat sigbaar is, maar ons Here gee wat deur die sakrament aangedui word, naamlik die onsigbare genadegawes: Hy was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid; Hy maak ons hart nuut en vul dit met alle vertroosting; Hy gee ons egte sekerheid van sy Vaderlike goedheid; Hy beklee ons met die nuwe mens en ontklee ons van die ou mens en al sy werke. Ons glo daarom dat iemand wat tot die ewige lewe wil kom, slegs een maal gedoop moet word sonder om dit ooit te herhaal, want ons kan tog ook nie twee maal gebore word nie. Hierdie doop is nie alleen nuttig solank die water op ons is en ons dit ontvang nie, maar ook vir ons hele lewe. Daarom verwerp ons die dwaling van die Wederdopers, wat nie tevrede is met die een doop wat hulle een maal ontvang het nie, en wat bowendien ook nog die doop van die gelowiges se kindertjies veroordeel. Ons glo daarenteen dat ons

hulle behoort te doop en met die teken van die verbond te beseël, net soos die kindertjies in Israel kragtens dieselfde beloftes besny is as wat aan ons kinders gemaak is. En, waarlik, Christus het sy bloed nie minder vir die reiniging van die gelowiges se kindertjies as vir die volwassenes vergiet nie. Daarom behoort hulle die teken en die sakrament te ontvang van wat Christus vir hulle gedoen het, soos die Here in die wet beveel het om hulle kort na die geboorte deel te laat hê aan die sakrament van die lyding en sterwe van Christus deur vir hulle 'n lam te offer, wat 'n sakramentele heenwysing na Jesus was. Buitendien doen die doop aan ons kindertjies dieselfde as wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het; dit is die rede waarom die heilige Paulus die doop die besnydenis deur Christus noem (Kol. 2:11). Matt. 28:19; 1 Kor. 6:11; Tit. 3:5; Heb. 9:14; 1 Joh. 1:7; (Op. 1:5); 1 Pet. 1:2; 2:24; 1 Joh. 5:16; Joh. 19:34; Matt. 3:11; 1 Kor. 3:7; Rom. 6:3; Ef. 5:26; Hand. 22:16; 1 Pet. 3:21; Gal. 3:27; 1 Kor. 12:13; Ef. 4:5; Heb. 6:1-2; Hand. 8:16; 2:38, 41; Matt. 19:14; 1 Kor. 7:14; Gen. 17:11; Kol. 2:11; Lev. 12:6.

Artikel 35 DIE HEILIGE NAGMAAL Ons glo en bely dat ons Verlosser, Jesus Christus, die sakrament van die heilige nagmaal beveel en ingestel het om hulle te voed en te onderhou wat Hy reeds wederbaar en in sy huisgesin, die kerk, ingelyf het. Nou het dié wat weergebore is, tweërlei lewe in hulle: die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hulle eerste geboorte saamgebring het en wat alle mense besit; die ander geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte, wat deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind. Almal deel nie in hierdie lewe nie, maar slegs die uitverkorenes van God. So het God tot instandhouding van die liggaamlike en aardse lewe vir ons aardse en gewone brood voorsien; dit dien die lewe en behoort, soos die lewe self, aan almal. Maar om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges besit, in stand te hou het Hy vir hulle 'n lewende brood gestuur wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Jesus Christus. Hy voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof geestelik toegeëien en ontvang word. Om hierdie geestelike en hemelse brood vir ons af te beeld het Christus aardse en sigbare brood as 'n teken van sy liggaam en wyn as 'n teken van sy bloed ingestel. Hy gee ons daarmee dit te kenne: so waarlik as wat ons die sakrament ontvang en in ons hande hou en dit met ons mond eet

en drink en dit daarna ons lewe in stand hou, net so waarlik ontvang ons vir ons geestelike lewe in ons siele deur die geloof - dit is die hand en mond van ons siel - die ware liggaam en die ware bloed van Christus, ons enigste Verlosser. Dit staan dus bo alle twyfel vas dat Jesus Christus nie tevergeefs sy sakramente vir ons voorgeskryf het nie; Hy doen immers in ons alles wat Hy vir ons deur hierdie heilige tekens voor oë stel, al gaan dit ons verstand te bowe en is dit vir ons onbegryplik hoe dit gebeur, net soos die werking van die Heilige Gees ondeurgrondelik en onbegryplik is. Tog dwaal ons nie as ons sê dat wat deur ons geëet en gedrink word, die eie en natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus is nie; maar die manier waarop ons dit nuttig, is nie met die mond nie maar met die Gees deur die geloof. Daarom, al bly Christus altyd aan die regterhand van sy Vader in die hemel sit, hou Hy tog nie op om ons deur die geloof aan Homself deel te laat hê nie. Hierdie feesmaal is 'n geestelike maaltyd waar Christus Homself met al sy weldade aan ons meedeel en waar Hy ons Homself en die verdienste van sy lyding en sterwe laat geniet. Hy voed, versterk en vertroos ons arme troostelose siel as ons sy liggaam eet, en Hy verkwik en herstel dit as ons sy bloed drink. Verder, hoewel die sakramente én die sake waarvan hulle tekens is, bymekaar hoort, word nie beide deur alle mense ontvang nie. Die goddelose mens ontvang wel die sakrament tot sy verdoemenis, maar hy ontvang nie die waarheid van die sakrament nie. So het Judas en Simon die towenaar albei wel die sakrament ontvang maar nie Christus, wat daardeur voorgestel word nie; Hy word slegs aan die gelowiges gegee. Ten slotte, ons ontvang die heilige sakrament in nederigheid en met eerbied in die samekoms van die volk van God, waar ons met danksegging 'n heilige gedagtenis aan die dood van Christus ons Verlosser onderhou en belydenis van ons geloof en van die Christelike godsdiens doen. Daarom behoort niemand daarheen te gaan as hy homself nie eers deeglik ondersoek het nie, sodat hy nie tot sy eie oordeel eet en drink as hy van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink nie (1 Kor. 11:29). Kortom, deur die gebruik van hierdie heilige sakrament word ons tot 'n vurige liefde vir God en ons naaste beweeg. Daarom verwerp ons alle brouels en verwerplike versinsels wat mense by die sakrament bygevoeg en daarmee vermeng het, as veronthelings daarvan. Ons verklaar dat ons tevrede moet wees met die verordening wat Christus en sy apostels ons geleer het, en ons sê dieselfde as wat hulle daarvan gesê het. Matt. 26:26; Mark.

14:17; Luk. 22:19; 1 Kor. 11:24, 28; Joh. 3:6; 10:10; 5:25; 6:48, 51, 63; 1 Kor. 10:16, 27; Ef. 3:17; Joh. 6:35; Hand. 3:21; Mark. 16:14; Matt. 26:11; 1 Kor. 10:3-4; 11:29; Rom. 8:22; 2 Kor. 6:15; 1 Kor. 2:14; Hand. 2:42; 20:7.

Artikel 36 DIE BURGERLIKE OWERHEID Ons glo dat ons goeie God vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag konings, vorste en owerhede aangestel het. Dit is immers sy wil dat die wêreld deur middel van wette en regerings geregeer moet word, sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop. Vir dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf (Rom 13:4) en die deugsames te beskerm. En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdienste teen te gaan en uit te roei, die ryk van die Antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel. Verder is elkeen verplig, van watter hoedanigheid, rang of stand hy ook al mag wees, om hom aan die owerhede te onderwerp, belasting te betaal, aan hulle eer en onderdanigheid te bewys, hulle te gehoorsaam in alles wat nie met die Woord van God in stryd is nie, en vir hulle voorbidding te doen dat die Here hulle in al hulle handeling mag bestuur, sodat ons in alle godsvrug en eerbaarheid 'n rustige en stil lewe kan lei (1 Tim. 2:2). Hierin verfoei ons die Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgezag en regeerders wil verwerp en die regsorde omver wil stoot, terwyl hulle die gemeenskaplike besit van goedere invoer en die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, versteur. Eks. 18:20; Rom. 13:1; Spr. 8:15; Jer. 22:3; Ps. 82; Deut. 1:16; 16:19; 17:16; 2 Kor. 10:6; Ps. 101; Jer. 21:12; Rig. 21:25; Jer. 22:3; Dan. 2:21-22; (5:8); Jes. 49:23; 2 Kron. 23; 1 Kron. 15:12; Rom. 13:1; Luk 22:1; 1 Pet. 2:17; Tit. 3; Matt. 17:27; Hand. 4:17-19; Hand. 2, 5; Hos. 5:11; Jer. 27:5; 2 Pet. 2:10; Jud. 1:10; 1 Tim. 2:2.

Artikel 37 DIE LAASTE OORDEEL, DIE OPSTANDING EN DIE EWIGE LEWE Ons glo ten slotte, in ooreenstemming met die Woord van God, dat, wanneer die tyd gekom het wat die Here bepaal het - dié tyd is vir alle skepsels onbekend - en die getal

uitverkorenes volledig sal wees, ons Here Jesus Christus met groot heerlijkheid en majesteit uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het (Hand. 1:11), om Homself as Regter oor die lewendes en dooies aan te kondig, terwyl Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. Dan sal, gedaag deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God, alle mense, mans, vrouens en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe geleef het, persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn (1 Tess. 4:16). Want al die dooies sal uit die aarde opstaan, die siel van elkeen saamgevoeg en verenig met sy liggaam waarin hy geleef het. En hulle wat dan nog sal lewe, sal nie soos die ander sterwe nie maar in 'n oogwink verander en uit verganklikheid onverganklik word. Dan sal die boeke, dit is die gewetens, geopen en die dooies geoordeel word (Op. 20:12) volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, of dit goed was of sleg (2 Kor. 5:10). Ja, die mense sal rekenskap moet gee van elke ligsinnige woord wat hulle gesê het (Matt. 12:36), al beskou die wêreld dit slegs as kinderspel en tydverdryf; en dan sal die geheime bedrog en huigelary van die mense in die openbaar voor almal oopgevelek word. Daarom is die gedagte aan hierdie oordeel vir die oortreders en goddeloses met reg ontsettend en skrikwekkend maar vir die vromes en uitverkorenes begeerlik en troosryk. Want dan sal hulle volle verlossing voltooi word, en hulle sal daar die vrugte ontvang van moeite en lyding wat hulle gedra het. Hulle onskuld sal deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal voltrek oor die goddeloses wat hulle in hierdie wêreld wreed vervolg, verdruk en gekwel het. Maar die goddeloses sal deur die getuienis van hulle eie gewete tot erkenning van hulle skuld gebring word; hulle sal onsterflik word dog slegs om gepynig te word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is (Matt. 25:41). Die gelowiges en uitverkorenes, daarenteen, sal met heerlijkheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam voor God, sy Vader (Matt. 10:32), en sy uitverkore engele bely; alle tranes sal van hulle oë afgevee word (Op. 21:4). Dan sal dit bekend word dat hulle saak, wat tans deur baie regters en owerhede as kettters en goddeloos veroordeel word, die saak van die Seun van God is. En as 'n beloning uit genade sal die Here self hulle so 'n heerlijkheid gee as wat die hart van 'n mens nooit kon bedink nie. Daarom verwag ons hierdie groot dag met sterk verlange om die beloftes van God in Jesus Christus, ons Here, ten volle te

geniet. Matt. 13:23; 25:13; 1 Tess. 5:1-2; Matt. 24:36; Op. 6:11; Hand. 1:11; 2 Pet. 3:10; Matt. 24:30; Op. 21:11; Matt. 25:31; Jud. 1:15; 1 Pet. 4:5; 2 Tim. 4:1; 1 Tess. 4:16; 1 Kor. 15:51; Matt. 11:22; Mark. 12:18; Matt. 23:23; Joh. 5:29; Rom. 2:5; Heb. 6:2; 9:27; Matt. 12:36; 2 Tess. 1:5; (Heb. 10:27); 1 Joh. 4:17; Op. 14:7; Luk. 14:14; 2 Kor. 5:10; Op. 21:8; 22:12; Dan. 7; Matt. 25:41; 2 Pet. 2:9; Jes. 25:8; Matt. 10:32; Op. 21:4; Jes. 66:5; 1 Kor. 2

Bylaag 4 - Heidelbergse Kategismus: Sondae 21 / 23 / 24 / 34 / 40 / 42

Sondag 21

54 Vraag: Wat glo jy van die heilige, algemene, Christelike kerk? **Antwoord:** Dat die Seun van God (a) uit die hele menslike geslag (b) vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (c), deur sy Gees en Woord (d) in die eenheid van die ware geloof (e) van die begin van die wêreld af tot die einde toe (f) vergader, beskerm en onderhou (g) en dat ek daarvan 'n lewende lid is (h) en ewig sal bly (i).

(a) Ef 5:26; Joh 10:11; Hand 20:28; Ef 4:11-13. (b) Gen 26:4; Op 5:9. (c) Rom 8:29; Ef 1:10-13. (d) Jes 59:21; Rom 1:16; 10:14-17; Ef 5:26. (e) Hand 2:42, Ef 4:3-5. (f) Ps 71:17, 18; Jes 59:21; 1 Kor 11:26. (g) Matt 16:18; Joh 10:28-30; Ps 129:1-5. (h) 1 Joh 3:14, 19-21; 2 Kor 13:5; Rom 8:10. (i) Ps 23:6; 1 Kor 1:8, 9; Joh 10:28; 1 Joh 2:19; 1 Pet 1:5.

55 Vraag: Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges? **Antwoord:** Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het (a). Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend (b).

(a) 1 Joh 1:3; Rom 8:32; 1 Kor 12:12, 13; 1 Kor 6:17. (b) 1 Kor 12:21; 13:1, 5; Fil 2:4-8.

Sondag 23

59 Vraag: Maar wat baat dit jou nou dat jy dit alles glo? **Antwoord:** Dat ek in Christus voor God geregverdig en 'n erfgenaam van die ewige lewe is (a).

(a) Hab 2:4; Rom 1:17; Joh 3:36.

60 Vraag: Hoe is jy regverdig voor God? **Antwoord:** Slegs deur 'n ware geloof in Jesus Christus (a); so dat al kla my gewete my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en nie een daarvan gehou het nie (b) en dat ek nog gedurig deur tot alle

kwaad geneig is (c), God nogtans (d) aan my sonder enige verdienste van my kant (e), uit louter genade (f) die volkome genoegdoening (g), geregtigheid en heiligheid van Christus skenk (h). Dit reken Hy my toe asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, asof ek self al die gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (i). Aan hierdie weldaad het ek deel vir sover ek dit met 'n gelowige hart (j) aanneem.

(a) Rom 3:21, 22, 24; 5:1, 2; Gal 2:16; Ef 2:8, 9; Fil 3:9. (b) Rom 3:9. (c) Rom 7:23. (d) Rom 4:4; 2 Kor 5:19. (e) Tit 3:5; Deut 9:6; Eseg 36:22. (f) Rom 3:24; Ef 2:8. (g) 1 Joh 2:2. (h) 1 Joh 2:1. (i) 2 Kor 5:21. (j) Rom 3:22; Joh 3:18.

61 Vraag: Waarom sê jy dat jy slegs deur die geloof regverdig is? **Antwoord:** Nie dat ek op grond van die waarde van my geloof vir God aanneemlik is nie, maar omdat slegs die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is (a). En dit kan ek nie anders as slegs deur die geloof aanneem en my eie maak nie (b).

(a) 1 Kor 1:30; 2:2. (b) 1 Joh 5:10.

Sondag 24

62 Vraag: Maar waarom kan ons goeie werke nie die geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie? **Antwoord:** Omdat die geregtigheid wat voor die oordeel van God kan bestaan, heeltemal volmaak moet wees en in alle opsigte met die wet van God ooreen moet stem (a) en omdat ook ons beste werke in hierdie lewe almal onvolmaak en met sondes besmet is (b).

(a) Gal 3:10; Deut 27:26: (b) Jes 64:6.

63 Vraag: Verdien ons goeie werke dan niks nie, terwyl God hulle tog in hierdie en in die toekomstige lewe wil beloon? **Antwoord:** Hierdie beloning word nie uit verdienste nie, maar uit genade gegee (a).

(a) Luk 17:10.

64 Vraag: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie?

Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie (a).

(a) Matt 7:18; Joh 15:5.

Sondag 34

93 Vraag: Hoe word hierdie gebooe ingedeel? **Antwoord:** In twee tafels (a), waarvan die eerste in vier gebooe ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooe, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b).

(a) Deut 4:13; Eks 34:28; Deut 10:3, 4. (b) Matt 22:37, 40

Sondag 40

105 Vraag: Wat eis God in die sesde gebod? **Antwoord:** Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie. Ek mag dit nie met my gedagtes, woorde of gebare doen nie en nog minder met die daad (a). Ek moet alle wraaksug laat vaar (b). Ek mag ook myself nie kwaad aandoen of moedswillig in gevaar begewe nie (c). Daarom dra die owerheid die swaard om doodslag te weer (d).

(a) Matt 5:21, 22; 26:52; Gen 9:6. (b) Ef 4:26; Rom 12:19; Matt 5:25;18:35. (c) Rom 13:14; Kol 2:23; Matt 4:7. (d) Gen 9:6; Eks 21:14; Matt 26:52; Rom 13:4.

106 Vraag: Praat hierdie gebod net van doodmaak? **Antwoord:** Deur doodmaak te verbied, leer God ons dat Hy die wortel daarvan (a), soos afguns, haat (b), woede (c) en wraaklus verafsku.. Dit alles is vir Hom heimlike moord (d).

(a) Spr 14:30; Rom 1:29. (b) 1 Joh 2:11. (c) Jak 1:20; Gal 5:19-21. (d) 1 Joh 3:15.

107 Vraag: Het ons die gebod gehoorsaam as ons maar net nie ons naaste doodmaak, soos hierbo gesê is nie? **Antwoord:** Nee, terwyl God afguns, haat en woede verbied,

gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onself (a). Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees (b), alles wat hom kan benadeel, sover moontlik probeer voorkom (c) en selfs aan ons vyande goed doen (d).

(a) Matt 22:39; 7:12; Rom 12:10. (b) Ef 4:2; Gal 6:1, 2; Matt 5:5; Rom 12:18; Luk 6:36; Matt 5:7; 1 Pet 3:8; Kol 3:12. (c) Eks 23:5. (d) Matt 5:44, 45; Rom 12:20.

Sondag 42

110 Vraag: Wat verbied God in die agste gebod? **Antwoord:** God verbied nie slegs die diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry (c). Dit kan gebeur met geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, (d), geld, deur woeker (e) of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid (f) en alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).

(a) 1 Kor 6:10. (b) 1 Kor 5:10; Jes 33:1. (c) Luk 3:14; 1 Tess 4:6. (d) Spr 11:1; 16:11; Eseg 45:9, 10; Deut 25:13. (e) Ps 15:5; Luk 6:35. (f) 1 Kor 6:10. (g) Spr 23:20, 21; 21:20.

111 Vraag: Maar wat gebied God jou in hierdie gebod? **Antwoord:** Ek moet die belange van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel (a). Daarby moet ek ook my werk getrou doen, sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help (b).

(a) Matt 7:12. (b) Ef 4:28.

Bylaag 5 – Dordtse Leerreëls: Deel 3/4 Nummer 7

7. Hierdie verborgenheid van sy wil het God in die Ou Testament aan min mense bekend gemaak, maar in die Nuwe Testament, waar die onderskeid tussen die volke nou weggeneem is, het Hy dit aan meer mense geopenbaar. Die oorsaak waarom hierdie bedeling so verskillend is, moet nie aan die waardigheid van die een volk bo die ander of aan die beter gebruik van die lig van die natuur toegeskryf word nie, maar aan die volledig vrye welbehae en onverdiende liefde van God. Daarom moet hulle wat sonder en teen enige verdienste so 'n groot genade deelagtig word, dit met 'n nederige en dankbare hart erken. Die ander wat hierdie genade nie ontvang nie, moet saam met die apostel die strengheid en regverdigheid van die oordele van God aanbid sonder om dit met nuuskierigheid te ondersoek.

Opsomming

Die gesprek rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar vorm 'n tema wat reeds vir ongeveer vyf en twintig jaar in die NG Kerk teenwoordig is. Aanvanklik, in 1990, het die Algemene Sinode gemeld dat alhoewel die inhoud van Belhar geensins in stryd is met die Drie Formuliere van Eenheid nie, is die NGK nie bereid om hierdie belydenis as vierde belydenisskrif te aanvaar nie. Hierdie sou egter nie die laaste keer wees wat Belhar in die NGK bespreek sou word nie.

Weens toenemende polarisasie in die NGK rondom die aanvaarding van die Belydenis van Belhar het die Algemene Sinode van 2004 sy voormalige besluit aangepas vanaf 'n algehele afkeuring na 'n sogenaamde "ruim huis"-benadering. Volgens hierdie nuwe besluit sou leraars, gemeentes en lidmate voortaan self kon kies of hulle die belydenis wil aanvaar al dan nie. Sou dit die boek aangaande Belhar toemaak in die NGK? – Geensins!

Die gevolg van laasgenoemde sinodale-besluit is dat daar tans twee aparte groepe in die NGK teenwoordig is nl. die sogenaamde voorstanders en teenstanders van die Belydenis van Belhar. Elke groep het sy eie redes waarom Belhar aanvaar moet word binne die NGK al dan nie. Die vraag is: Wie is reg en wie is verkeerd?

In hierdie verhandeling word daar antwoorde op hierdie vraag gesoek. Die metode waarvolgens te werk gegaan word, is dié van 'n kritiese dialoog. Verbeel u terwyl u hierdie M-verhandeling deurlees, dat daar 'n groot denkbeeldige tafel voor u is en dat beide die voorstanders en teenstanders van die Belydenis van Belhar om hierdie denkbeeldige tafel teenwoordig is. Deur die verloop van hierdie kritiese dialoog sal elke individu van beide groepe toegelaat word om vrylik sy of haar opinie en standpunt rondom die Belydenis van Belhar weer te gee. Op hierdie manier sal 'n mens via die kritiese dialoog beide groepe se standpunte duidelik kan aanhoor. So sal daar moontlik makliker 'n finale antwoord op die groot vraag verkry kan word.

Natuurlik moet hierdie kritiese dialoog by wyse van een of ander agenda geskied sodat gesprekke sentraal om die kernaspekte sal bly en daar nie geleentheid vir afdwaling geskep word nie. Die aspekte wat binne hierdie gesprek as riglyn sal dien, handel oor

daardie aspekte waaraan 'n belydenisskrif moet voldoen sodat dit as 'n belydenisskrif, en spesifiek in hierdie geval, as 'n Gereformeerde Belydenisskrif aanvaar kan word.

Is daar 'n moontlike konsensus-besluit aangaande Belhar in die pyplyn? Die ontwrigting wat Belhar tans in die NGK veroorsaak kan nie so bly voortgaan nie. Êrens moet daar na 'n kant toe beweeg word en besluite geneem word. Hierdie “apartheid”/verdeeldheid binne die NGK moet einde kry! Vrede moet geskied.

Sleutelwoorde:

Die Belydenis van Belhar

Nederduits-Gereformeerde Kerk

Nederduits-Gereformeerde Sendingkerk

Apartheid

Verenigde Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika

Wêreldbond van Gereformeerde Kerke

Nederduits-Gereformeerde Kerk in Afrika

Kritiese Dialoog

Voorstanders en Teenstanders van Belhar

Kerkhereniging

Summary

For the past 25 years the DRC has been battling with accepting the Belhar Confession as a fourth confession. Although the General Synod had already admitted in 1990 that the contents of the BC was not in any way contrary to the Three Forms of Unity, it was unwilling to accept it as a fourth confession. Pressure from within and from outside however forced the DRC in 2004 to reconsider its initial decision. In an effort to appease dissatisfied individuals and factions a more lenient stance was adopted whereby ministers, congregations and individual members would in future be allowed to decide for themselves whether they want to accept or reject the Belhar Confession.

Because there was no total or final acceptance or rejection of the BC by the DRC, the two opposing inside the DRC continues there struggle for domination. Both parties feel they have strong cases, but who is in the right.

This script is an effort to find the eluding answer by way of a critical dialogue between the two opposing parties. Seated around a table representatives of both parties argue their case for the acceptance or rejection of the BC as a fourth confession.

In order for the discussion not to be sidetracked an agenda stipulating key issues will be adhered to. The main objective of the dialogue will be to ascertain whether the BC is truly a confession, and even more so, whether it is a reformed confession.

The upset caused by the BC in the DRC rages on. Hopefully opposing parties will soon be able to reach a compromise. As long as there is Apartheid in the Church there can be no peace.

Keywords:

Confession of Belhar

Dutch Reformed Church

Dutch Reformed Missionary Church

Apartheid

Uniting Reformed Church in Southern Africa

World Alliance of Reformed Churches

Dutch Reformed Church in Africa

Critical Dialogue

Proponents and Opponents of Belhar

Church reunification